

NG KERK WES-TRANSVAAL

***Agenda van die dertiende vergadering
van die Wes-Transvaalse Sinode***



**11-13 Oktober 2007
Randfontein**

‘N FAMILIE WAT SAAM OP PAD IS

Die Wes-Transvaalse familieeiers rendezvous vanaf 11 tot 13 Oktober by die familietuiste in Helikonpark. Hier gaan die geloofsgemeenskap vertel van die pad tot hier en saam droom oor die pad vorentoe. Immers, die kerk is saam met die Here op pad na ‘n mooier môre.

Ons gaan fokus op die verhale van die gemeentes. Dié verhale is saamgevat in die verslae van die streke en die kommissies van die sinode. Die predikant in sinodale bediening ((PSB) se besoeke aan die gemeentes (by hulle ringsbyeenkomste) het ons verder bewus gemaak van ‘n paar makro-tendense wat in ons familie voorkom.

Daarom sal die sinode se sakelys fokus op die belangrikste sake wat vir die pad vorentoe aangespreek moet word. Hieronder tel nouer samewerking tussen die kerke van gereformeerde belydenis in ons sinodale gebied. Wat ons gemeentes betref, glo ons dat ons die roeping het om aandag te gee aan omdraai-strategieë vir gemeentes (dwarsdeur ons sinode!) waar groot samelewingskuiwe toekomsbesinning noodsaak. Dan is daar ‘n dringende behoefte om by die groeipunte in ons sinodale gebied hande te vat met die oog op nuwe gemeente-ontwikkeling. Ek glo dat die twee-ledige roeping ook vir ons sterker, gevestigde gemeentes ‘n nuwe uitdaging sal bied om al meer aktief in die familie betrokke te wees.

Hierby kom nog ons roeping om as welsyns-vennoot van die staat ‘n getuienis te lewer dat die nood van al ons mense vir ons ‘n prioriteit is! En studentebediening en vrouebediening wil by die familie kers opsteek oor hulle pad vorentoe.

Daarna moet ons weer op pad gaan om in veranderende tye nuwe uitdagings te aanvaar. Hiervoor kies ons nuwe leierskap wat, met die padkaart waaroor ons ooreengekom het, die volgende 4 jaar die familie lei. Ons kommissies sal aanvullend, soos verspieders, die verleggings in die pad navors sodat ons doelgerig saam op pad kan bly - op pad saam met die opgestane Here wat op die pad is om ons te inspireer (soos op die pad na Emmaus) en selfs groot koersaanpassings te bewerk (soos met Paulus op die Damaskuspad).

Daarom wil ek u aanmoedig om dié sakelys soos ‘n reisplan te bestudeer. Berei dan entoesiasies voor om by die stopplekke nuwe koers te help aandui. Immers, ons sinode is ‘n familie wat saam met die opgestane Here op pad is na ‘n mooier môre!

Seënwense.

Nico van Rensburg

Predikant Sinodale Bediening
Skriba van die Sinodale Kommissie

Augustus 2007

NG KERK SINODE WES-TRANSVAAL



Roeping en Koninkryksvisie

Visie

Die Wes-Transvaalse Sinode is 'n familie van gemeentes wat mekaar van harte ondersteun in ons Godegewe roeping (soos vervat in die Skrif en ons gedeelde belydenis) in vandag se wêreld.

Missie

Die gemeentes in ons sinode verbind hulleself om God in ons wêreld te dien en om saam op pad te wees na God se toekoms.

Leuse

God se gemeentes in Wes-Transvaal gee om vir mekaar en die wêreld.

Hierdie leuse gee uitdrukking aan die volgende beginsels:

- * Ons is 'n geloofsgemeenskap wat omgee;
- * Ons gee om vir mekaar as huisgesin van God, daarom help ons mekaar om ons roeping as gemeentes na te kom;
- * Ons gee om vir die wêreld met sy talle vorme van nood, daarom vervul ons ons roeping ook in die wêreld met woord en daad;
- * Ons verbind ons om volgens vermoë en gawes ook van ons gemeentes se arbeidskrag, finansies en ander vermoëns ten bate van die huisgesin aan te wend, of met dank van ander te aanvaar;
- * Ons vermy oorheersing en distansiëring van mekaar;
- * Ons streef na optimum strukture wat bogenoemde beginsels dien.

(Kerkorde en Bepalinge van die Sinode van Wes-Transvaal : Bepaling 34.1 – 3)

INHOUDSOPGAWE

1.	Sakelys	6
2.	Voorlegging Sinodale Bestuurskommissie	8
	Waarby ook Bylae A (Argief- en Bestuursinligtingsdienste)	18
	Bylae B (Kuratorium Teologiese Fakulteit UP)	29
3.	Streeksverslae: Wesrand	32
	Platteland	34
	Vaaldriehoek	35
	Potch – KOSH	36
4.	Kommissieverslae: Gemeentebediening	37
	Diens van Barmhartigheid	45
	Predikantebediening	51
	Leer- en Aktuele Sake	54
	Jeug	61
	Sending	64
	Vrouelidmate	66
	Kerkreg	67
	Fondse	77
5.	Beskrywingspunte: Kerkraad van Florida	82
	Ring van Losberg	
	Ring van Zeerust	
	Kerkraad Swartruggens	
	Ring van Delareyville (1)	
	Ring van Delareyville (2)	
	Ring van Mooirivier	
	Kerkraad Rant-en-Dal	
	Ring van Hartebeestfontein	

SAKELYS VAN DIE 2007 SINODE VAN DIE NG KERK IN WES-TRANSVAAL

DONDERDAG 11 OKTOBER

- 07:30 Registrasie (Verversings word terselfdertyd bedien.)
 08:45 Samesang
 09:00 Luistergeleentheid rondom die proses van samewerking met
 ander kerke van gereformeerde belydenis.
 10:15 Amptelike konstituering
 10:25 Goedkeuring van sittingsstye

Voorgestelde sittingsstye

- 10:30 Teetyd
 11:00 Sinode in konferensie oor die proses van samewerking met
 ander kerke van gereformeerde belydenis.
 (Prof Piet Strauss, moderator Algemene Sinode, neem deel
 aan die gesprek)
 12:30 Middagete
 13:15 Missionêre Kerkwees in Wes-Transvaal (inleier: Prof Nelus
 Niemandt)
 Sinode in konferensie oor Missionêre Kerkwees
 14:45 Teetyd
 Sinode in konferensie oor Missionêre Kerkwees
 (Verkieping van Dagbestuur Sinode begin)
 16:45 Aandete
 18:00 Amptelike opening van die sinode: Erediens met Nagmaal en
 viering van Kerkwees. (Prediker dr Henk Gous, moderator
 2003-2007).
 19:30 Kommissies beskikbaar vir gesprek rondom aanbevelings
 wat hulle verslae raak.

VRYDAG 12 OKTOBER

- 07:30 Verversings word bedien
 08:30 Dagopening
 09:00 Toekomsfokus (Inleier: Nico van Rensburg)
 09:15 Kreatiewe sinodeverhale wat fokus op nuwe gemeente-
 ontwikkeling, omdraai strategieë by punte van groot
 demografiese skuiwe en 'n vennootskap van gemeentes.

10:30	Teetyd
11:00	Maatskaplike werkers: Bedieningsvennote
11:45	Die uitdagings van die grondhervormingsbeleid
12:30	Middagete (Streke eet afsonderlik)
13:10	Streke vergader vir aanwysing van personeel
13:45	Streeksverslae: Wesrand Platteland Vaaldriehoek Potch / KOSH
14:15	Bespreking rondom Teologiese Opleiding
15:05	Eerste voorlegging : Kommissie vir Kommissies
15:15	Teetyd
15:45	Voorlegging: Sinodale Bestuurskommissie Waarby ook verslag ABID
16:45	Voorlegging: Gemeentebediening
17:10	Voorlegging: Diens van Barmhartigheid
17:35	Aandete
19:00	Voorlegging: Predikantebediening
19:25	Voorlegging: Leer- en Aktuele Sake
19:50	Aandafsluiting

SATERDAG 13 OKTOBER

07:30	Verversings word bedien
08:30	Dagopening
09:00	Voorlegging: Jeug
09:30	Voorlegging: Sending
09:55	Voorlegging: Vrouelidmate
10:20	Teetyd
10:50	Voorlegging: Kerkreg
11:15	Voorlegging: Fondse
11:45	Tweede voorlegging : Kommissie vir Kommissies
12:00	Onafgehandelde Sake
12:45	Afsluiting
13:00	Middagete

SINODALE BESTUURSKOMMISSIE

VOORLEGGING VAN SINODALE BESTUURSKOMMISSIE AAN SINODE VAN WES-TRANSVAAL 11-13 OKT 2007 TE RANDFONTEIN

1 DIE DROOM IN 2003

In 2003 het die Sinode van Wes-Transvaal 'n nuwe visie uitgespel met gewysigde organisasiepatrone om dit uit te voer. In 2003 is dit soos volg goedgekeur

Visie van Sinode van Wes-Transvaal: Die sinode is 'n familie van gemeentes wat mekaar van harte ondersteun om hul Godgegewe roeping in vandag se wêreld te vervul.

Missie: Die gemeentes van die sinode verbind hulleself om saam op pad te wees na God se toekoms.

Leuse: Die Sinode van Wes-Transvaal is 'n omgee-sinode

- ◆ Ons gee om vir mekaar as huisgesin van God, daarom help ons mekaar om as gemeentes ons roeping na te kom.
 - ◆ Ons gee om vir die wêreld met talle vorme van nood, daarom vervul ons ons roeping ook in die wêreld met woord en daad.
- ◆ Ons het deurlopend die metafoor van 'n FAMILIE gebruik om weg te beweeg van die persepsie dat sinode 'n lastige organisasie- en beheerstruktuur is.
 - ◆ Sinodesittings is verander van vierjaarliks na jaarliks, en die aanslag is om visionêr en toekomsgerig te wees eerder as verslaggewend en bestuursgerig.
 - ◆ 4 Streke (Wes-Rand, Vaaldriehoek, Potch-KOSH en Platteland) het begin funksioneer om die uniekheid van streke te hanteer en beter familiebande te kweek.
 - ◆ Ringe is nie in hierdie termyn verander nie. Daar is ruimte gelaat om dieselfde doelwitte te bereik deur eie kreatiewe inkleding..
 - ◆ Die 9 Kommissies se indeling het gebly soos voorheen, nl. Jeug, Gemeentebediening, Sending/Getuienis, Diens van Barmhartigheid, Fondse, Kerkreg, Leer en Aktuele Sake, Vroue en Predikantebediening. Die personeel is egter verklein om een 'vonkprop' en 4 lede, een uit elkeen van die streke, te hê. Hulle doelwit is om baie konkreet kundigheid en hulpmiddels te voorsien sodat 'n plaaslike gemeente sy roeping beter kan vervul.
 - ◆ Die Sinodale Bestuurskommissie het 'n koördinerende kommissie geword waarop alle kommissievonkproppe, streeksleiers en ook 4 visioenêre lede dien, saam met die verkose dagbestuur van moderator, assessor, skriba, aktuaris en adjunk-skriba addisionele lid.

2 OORSIG EN EVALUASIE

Die eerste vraag is hoeveel van die oorspronklike ontwerpdoelwitte werklik bereik is. Ons moet 'n 'voor' en 'na' foto met mekaar probeer vergelyk. Daarna moet ons krities en kreatief kyk hoe organisasiesisteme aangepas kan word om ons roeping nog beter te dien.

Volgens statistiek (Jaarboeksyfers) het daar in die afgelope 4 jaar nie veel verandering in die *gemeentes* van die sinode plaasgevind nie, behalwe 'n kommerwekkende daling in dooplidmate (die daling in kerkraadslede kan toegeskryf word aan veranderde werkswyses waar gemeentes werkers naas die normale ampte gebruik).

As die kerk 'n firma was, sou sulke syfers egter as 'n ernstige stagnasie of agteruitgang in 'besigheid' beskou word. Ook volgens koninkrykstandaarde, maak ons beslis nie genoeg dissipels van alle nasies nie.

	Gemeen-tes	Doop-lidmate	Belyd.lidmate	Gedoop	Belydenis afgelê	Leraars	Kerk-raadslede
2004	142	31654	98983	1505	2437	200	6552
2007	139	28996	98412	1342	2277	196	5091

Wat die *sinode* betref, moet ons nou nadat 4 jaar verloop het, hierdie visie en organisasiepatrone evalueer en aanpas om in die volgende 4 jaar nog beter te werk in diens van die Here.

2.1 Sinodesittings

- ◆ 2004 Randfontein (1 dag). Prof Jurgens Hendriks het ons inspireer deur die geheim van die enorme groei van die christendom in die eerste 3 eeue toe te pas op ons huidige roeping. Kommissies het probeer om gemeentes te help met kort voorleggings. Om tyd vir bespreking oor kontroversiële sake (bv. benutting van Lotto-geld vir NG Welsynsprojekte) te gee, is 'n vrywillige sessie op die vorige dag ingeruim.
- ◆ 2005 Ottosdal ('n aand en 'n Saterdag): dr Coenie Burger het na die Vrydagaand ons kom inspireer en Saterdag inligting gegee na Algemene Sinode in Hartenbos. Die Vrydagaand se inspirasie-gedeelte is swakker bygewoon en die Saterdag-sinode was weereens onder tydsdruk.
- ◆ 2006 Vanderbijlpark (1½ dae): Die noodsaak om oor beginselsake (homoseksualiteit en kerkhereniging) teologies saam te dink, het 'n sitting van 1½ dae noodsaaklik gemaak.
- ◆ 2007 Randfontein (2½ dae): Die proses van kerkhereniging sluit gereelde konsultasie met alle betrokkenes in. Daarom is 'n dag se konsultasie bygevoeg.

Die gevolg van jaarlikse sinodes is beslis positief. 'n Gesonde familieband kan nie groei sonder gereelde kontak nie, en Wes-Transvaal is tans beslis 'n hegte familie as voorheen. Dis ook ondenkbaar dat sake soos kerkhereniging sonder gereelde gesprek oor die wisselende voorstelle hanteer kon word. Daar is egter wel 'n tendens dat enkele gemeentes en leraars die familieband as lae prioriteit hanteer, en dit blyk uit afwesigheid by sinodesittings, streekbyeenkomste en ringsittings. Hierdie individualisme rym nie met die Bybelse opdrag om mekaar se laste te dra en mekaar met elkeen se gawes te verryk nie.

Die jaarlikse sittings het egter wel 'n prys gekos in terme van geld en tyd vir beplanning deur die leiers. Die getal sinodale byeenkomste (streke, sinode saam met jaarlikse ringsittings) is tans beduidend meer as voor die verandering van ons sinode se werkswyse in 2003.

2.1.1 AANBEVELING: Die Sinode neem kennis van die beplande sitting van die Algemene Sinode in 10-14 Oktober 2011, dws weer in 4 jaar siklus.

2.1.2 Die Sinode vergader in die toekoms twee-jaarliks in die tweede helfte van die jaar dws, 2008 en 2010.

2.2 Streke: Die eerste reeks byeenkomste in Oktober 2003 is gehou met dieselfde tema in al 4 streke, maar daarna het elke streek eie inisiatief geneem met wat aktueel is vir hul omstandighede. Die Platteland streek het die beste daarin geslaag om hegte bande te bou, met byna 100% deelname aan byeenkomste, en werklike ondersteuning van gemeentes (selfs finansieel) en leraars aan mekaar. Kreatiewe temas van streke het ingesluit 'n navorsingsprojek (Vaaldriehoek) en verdere werksessies met prof Jurgens Hendriks (Wes-Rand).

2.2.1 AANBEVELING: Die 4 streke konstitueer tydens die Sinode en nomineer 4 lede wat dien op die SBK en eie streeksake inisieer (streeksleier, skriba, kerkraadslid, visionêre lid), asook 'n lid en 'n secundus vir elkeen van die 9 sinodale kommissies (Fondse, Gemeentebediening, Predikantebediening, Diens van Barmhartigheid, Leer en aktuele Sake, Jeug, Vrouelidmate, Sending en Regte)

2.3 Ringe: Die funksionering van ringe is tans die faset wat die meeste kommer wek, soos geblyk het uit die byeenkoms van die uitgebreide SBK op 31 Julie 2006. Ongelukkig het daar egter in baie ringsittings 'n stagnasie ingetree sodat dit vir sommige gemeentes en leraars 'n pligpleging geword het. Die gees van independentisme belemmer deelname aan enige aspek van die kerkverband. Tog is die steun van gemeentes en leraars aan mekaar onontbeerlik en 'n onbetwisbare Bybelse opdrag. Verder is die grense tussen ringe en streke vir baie mense tans onseker.

- ◆ Ringe het omskrewe take om elke gemeente te help en ook om 'n baie noodsaaklike "portuur"-toesig oor elke individuele gemeente te hou
- ◆ Die streke weer het 'n wyer perspektief maar deelname is nie verpligtend nie (dis tans kerkregtelik kommissies van die SBK) en word deur baie gemeentes as opsioneel hanteer.

2.4 Kommissies: Die huidige 9 kommissies kon met hul kleiner personeel meer ekonomies vergader en werk, maar het soms gesukkel met 'n stelsel om uit elke streek (nie meer uit ringe nie) die regte personeel te kry, en soms ook om met ringe te kommunikeer. Skakeling met ander sinodes en die Algemene Sinode is ook moeilik want indelings en werksterreine verskil tans by elke sinode.

2.5 SBK (Sinodale Bestuurskommissie): Die SBK is ontwerp om met verskillende kombinasies van personeel vir verskillende doelwitte te werk. Die Dagbestuur het as span baie goed saamgewerk. Ds Con Maritz het na die vertrek van ds Jannie McDuling oorgeneem as vyfde lid. Die werkslas op lede het beslis toegeneem, juis omdat die jaarlikse sinodes en streeksbyeenkomste beplanning en uitvoering geveerg het.

2.6 Predikantebyeenkomste: Die eerste predikantekonferensie vir WTvl is in 2004 by Hekpoort gehou. Die doel van sulke byeenkomste is om as kerkverband vir leraars te lewer wat die kerkraad as werkgewer nie self kan doen nie, nl. persoonlike en professionele ontwikkeling.

- ◆ Die eerste konferensie het groot waarde gehad: die MBTI (Myers Briggs Type Inventory) het aan elke leraar insig in sy/haar persoonstipe en maniere van dink, werk en mense hanteer gegee. Bywoning was omtrent tweederdes van die 200 leraars in die sinode.
- ◆ In 2005 is die Landswe Leraarskonferensie in Bloemfontein gehou en meer as 80% leraars uit WTvl was teenwoordig. Die terugvoer was oorweldigend positief. Die NG Kerk is begaafd om byna 2000 hoogs opgeleide leraars te hê vir sy bediening in 1156 gemeentes. Dis tog wel hartseer dat klasgroepe wat 'n re-unie by die 2005-byeenkoms gehad het, moes ontdek dat vele van hul klasgroep tans nie meer in die bediening staan nie. Ons mag nie geroepenes verloor nie, en die behoud van jou roeping begin in die plaaslike gemeente.
- ◆ Die 2006 leraarskonferensies olv die Kommissie vir Predikantebediening het uitstaande inhoud gehad (wat die welstand van elke individu verbeter op 'n breë vlak), maar teleurstellende deelname van slegs 30 leraars. Skynbaar het 'n kort, groot byeenkoms tog meer impak en aantrekkingskrag.

2.7 Steundienste en personeel:

2.7.1 Kommunikasie met gemeentes het dramaties verbeter in die afgelope 4 jaar.

- ◆ *Wesvonk*, ons twee-weeklikse e-pos nuusbrieff, bring tans inligting baie maklik en baie effektief by elke leraar en gemeente uit.
- ◆ Die afsonderlike *webwerf* van WTvl Sinode het na die totstandkoming van die webwerf van die Algemene Sinode, dormant geword. Die NG Kerk met al 10 sinodes en 1158 gemeentes het dus tans slegs een webwerf nl. www.ngkerk.org.za.
- ◆ Die *Jaarboek* van die NG Kerk is steeds onmisbaar omdat 'n papierweergawe van gemeentedata soms net meer prakties is vir daaglikse gebruik. Die tegniese aspekte van *Wesvonk*, die *webwerf* en *Jaarboek*, word deelyds hanteer deur ds Noel Schroeder.

2.7.2 Poste in die verskillende kantore van die sinode, is drasties verminder aan die begin van die 4-jaar termyn, veral in die finansiële kantoor. Die verminderde sinodale bydraes wat gemeentes vir sinodale werksaamhede as gevolg hiervan betaal, word in die Fondse Kommissie se verslag weergegee. Maar 'n familie se werksaamhede ly skade as die minimum kapasiteit oorskry word. Die SBK en Sinode het dus die versoek van die SKDB toegestaan dat daar na die aftrede van dr Roelf Lindeque weer 'n voltydse PSD (Predikant Sinodale Diens) beroep word, en ds Anton Mocke dien tans daar. Die ander kommissies (SBK en die ander nege) kon egter nie hul taak met uitnemendheid uitvoer om gemeentes te help met slegs die 'vrywillige' diens van die kommissielede nie (die gemeente bly die primêre werkgewer van elke verkose leraar, en die riglyn van 10% tyd aan die kerkverband, word so dikwels oorskry dat leraars nie kan volhou nie). Gevolglik het die SBK by die Sinode van 2006 aanbeveel dat 'n pos van PSB (Predikant Sinodale Bediening) geskep word om die familie se sake te hanteer. Ds Nico van

Rensburg, wat toe ook skriba was, is dus na beroeping, sedert Maart 2007, in diens van die sinode met 'n 20% koppeling aan NG Kerk Helikonpark. Mev Hermien Bezuidenhout is vanaf Maart 2007 ook in sinodale verband as die nuwe PSB se persoonlike assistent aangestel. Hierdie kapasiteit is beslis reeds besig om 'n nuwe era in te lui in die waarde wat gemeentes uit die kerkverband kry deurdat ons mekaar ondersteun.

2.7.3 Die sinode neem die verslag van ABID in behandeling. (Bylaag A)

2.8 Struktuurontwikkeling

2.8.1 Die Sinode van 2006 het die volgende besluit geneem: Die sinode versoek die SBK om 'n proses van gesprek te lei tussen alle betrokkenes (kommissies, streke, ringe en gemeentes) om indien nodig 'n verbeterde organisatoriese stelsel voor te lê by die volgende sinodesitting. Op 31 Julie 2006 het 'n uitgebreide SBK hieroor gesels en die besluite geneem wat soos volg opgesom kan word:

- ◆ Streke en kommissies bly funksioneer soos tans, en moet slegs verfyn en ontwikkel word. Ringe funksioneer egter nie bevredigend nie, en daarom word die samestelling en roeping van Ringe op die sakelys van die 2007-Sinodesitting geplaas.
- ◆ Die Dagbestuur van die SBK word 'n ad hoc-kommissie om die saak te ondersoek en 'n verslag vir die sinodesitting voor te berei, Hulle moet deeglik besin oor die sinvolheid van die huidige ringsindeling, moet wyd oor die saak konsulteer, en moet onder andere ook kyk na die moontlikheid van kategoriale ringe. Ringe is versoek om by hul eerskomende Ringsittings oor hul eie identiteit te besin en 'n moontlike herindeling van Ringe by die SBK aan te beveel, betyds vir voorlegging aan die Sinode van 2007.

2.8.2 Die SBK dagbestuur kon nie aan hierdie opdrag reg laat geskied nie, veral omrede die tyd en energie wat opgeneem is deur die kerkhereniging gesprekke in eie geledere en met die ander 3 kerke, asook die baie ander sake wat die Algemene Sinode sitting van 2007 op die tafel geplaas het. Ringe het ongelukkig nie hierdie versoek uitgevoer nie, of het nagelaat om die SBK dagbestuur oor sulke gesprekke in te lig

2.8.2.1 AANBEVELING: Die opdrag aan die SBK oor sinvolle ringsfunksionering en moontlike herindeling van ringe, word herhaal.

2.8.2.2 AANBEVELING: Die opdrag aan ringe en ringskommissies om so gou moontlik te gesels oor hul eie identiteit, beter funksionering en moontlike herindeling, word herhaal. Verslag hieroor moet teen 28 Feb 2008 aan die SBK gedoen word. Die opdrag kan deur Ringskommissies aan bv. Broederkringe opgedra word om die tydsdoelwit te bereik.

2.8.2.3 AANBEVELING: Die sinode plaas (na aanleiding van onder andere verskeie beskrywingspunte in die verband) die volgende gespreksvraag op die tafel wat as vertrekpunt kan dien vir gesprekke by ringe en die SBK:

Gespreksvraag: Sou samevoeging van die huidige 4 streke en 18 ringe dalk kan help dat die verantwoordelikhede en doelwitte van elke liggaam beter bereik kan word? Om dit te beantwoord, is nodig om elke liggaam (ring en streek) se noodsaaklike take helder uit te spel, en dit dan kreatief nuut toe te ken aan 'n verantwoordelike liggaam. Byvoorbeeld: indien die aantal ringe in die sinode dalk verminder word na 8

(Vereeniging-Meyerton, Vanderbijlpark, Wes-Rand, Verre Wes-Rand, Potch, KOS(?H), SWPlatteland, NWPlatteland), sou dit sulke doelwitte

beter kan bereik? 'n Toedeling van werklik plattelandse gemeentes wat tans in bv. P-KOSH ringe is (bv Hartebeesfontein en Ventersdorp), kan ook oorweeg word. Elke nuwe ring kan dan weer direkte verteenwoordiging op die sinodale kommissies kry, wat dan uit 8 lede sou bestaan.

3 ANDER VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE SBK

- 3.1 **Algemene Kerkverband:** Twee sittings van die Algemene Sinode het in die afgelope 4 jaar plaasgevind, albei met opspraakwekkende gevolge. Die 2004 Sinode in Hartenbos is ook op nuwe werkswyse gehou waar meer tafelbesprekings en parallelle sessie gehou is, met gemengde evaluasies oor die sukses daarvan. Die besluite oor veral homoseksualiteit en kerkhereniging het baie kontroversie ontlok, wat ook in ons sinode moes hanteer word.

Die mees negatiewe aspek van hierdie termyn, is die wantroue teenoor medechristene en veral die kerkleierskap wat in hierdie tyd by gemeentes en lidmate ontwikkel het. Hier is 'n hartsverandering noodsaaklik by ons elkeen. Die Bybelse gesindheid van 1 Kor.13:4-7 moet as basiese grondhouding terugkom in ons familie, nl. dat ek die goeie bedoelings van 'n medechristen sal aanvaar totdat ek deur persoonlike gesprek die verskil tot die uiterste probeer oplos het. Ons dra 'n gesindheid en styl wat ongelukkig in die politieke wêreld heers, in ons kerk in. Ons as kerk van Christus is besig om onself meer skade aan te doen as die v(V)yand deur ons verdagmakery van mekaar, insluitend ons medechristene in die ander 3 kerke.

Die herstrukturering van die Algemene Sinode om ook groter kapasiteit te skep ('n Algemene Sekretaris dr Kobus Gerber en een algemene kantoor in Pretoria) en om die verskeidenheid kommissies te omskep in 4 groot bedieninge, het baie tyd van die leierskap geveerg.

Die waarde wat die kerkverband toevoeg aan elke gemeente, is enorm. Elke leraar wat hom/haarself ingelig hou en gebruik maak van hierdie steun, ontdek die waarde daarvan om NG Kerk te wees. Ongelukkig is enkele gemeentes en leraars oningelig hieroor of onwillig om dit te benut, asof bedieningsprodukte van elders altyd beter is.

3.2 Kerkhereniging: Hierdie proses het seker die meeste tyd en energie van alle kerkverbandsake opgeneem.

- ◆ Die Algemene Sinode Hartenbos 2004 keur 'n model goed wat vir onderhandeling aan die ander 3 kerke en aan gemeentes voorgelê kan word. Die insluiting van die Belhar-belydenis as opsionele belydenis van 'n verenigde kerk ontlok weerstand by sommige NG lidmate en leraars. Die VGK verwerp egter die voorstelle dat Belhar slegs 'n opsionele belydenis mag wees, en die eenheidsproses staan totaal stil.
- ◆ Die Sinode van WTVI onderskryf in Mei 2006 die gees en inhoud van die 2004 Algemene Sinode se besluite oor kerkhereniging.
- ◆ By Esselenpark in Junie 2006 en Bloemfontein Augustus 2006 kom daar egter 'n deurbraak deurdat die VGK leierskap instem dat Belhar sleg opsioneel in 'n nuwe kerkverband mag wees, en deurdat die NGKA en VGK onderneem om aan hul bilaterale verhoudingsprobleme te werk.
- ◆ By Achterberg in Nov 2006 en April 2007 kom die volle moderature van al die sinodes en algemene sinodes van al vier kerke byeen en ontwerp werkswyses en moontlike modelle wat kerkhereniging kan bevorder. Die NGKA en RCA het egter steeds ernstige voorbehoude.
- ◆ Die opdragte oor kerkhereniging is deur die Sinode aan die SBK opgedra. Die SBK dagbestuur het dus al die byeenkomste tussen die verskillende kerke bygewoon en deelgeneem. Naas persoonlike gesprekke met gemeentes en kerkrade, het die SBK inligting so vinnig en volledig moontlik versprei om te keer dat persepsies slegs deur media-indrukke gevorm sal word. 'n Opname by alle kerkraadslede is gedoen in Maart 2007.
- ◆ Die Algemene Sinode van 2007 in Boksburg het die voorstelle wat deur die afgevaardigdes van die 4 kerke by bg. 3 byeenkomste ontwikkel is, deurgestuur aan die sinodes en gemeentes vir konsultasie en oorweging.
- ◆ By die Algemene Sinode van 2007 in Boksburg het die afgevaardigdes van WTVI besluit om naas die konsultasieproses, wat nou by al 10 sinodes gedoen gaan word, ook 'n eie inisiatief te neem. Dit behels 'n proses waarin roepingsvervulling primêr is en strukture en modelle rondom eenheid in diens van hierdie roepingsvervulling sal staan. Hierdie proses en enige werkswyses en modelle sal ook die toets van kerkreg en algemene regsbeginsels moet deurstaan sodat die goeie doel nie deur regstegniese aspekte gekelder kan word nie.

- ◆ Hierdie proses sal tydens die eerste dag van die sitting aan die afgevaardigdes en ander gemeentelêde wat genooi mag word, voorgelê word.
- ◆ Enkele aanbevelings rondom die proses en 'n gesamentlike sinode van die NG Kerk familie word met die oog op die bespreking deur 'n ad hoc kommissie gefinaliseer en sal as laat stuk aan die vergadering voorgelê word.

4 ANDER BESTUURSAKE

4.1 'n Aantal sake wat die verantwoordelikheid van al vier die sg. Transvaalse sinodes is en wat eers deur o.a. die SKKK (Sentrale Kerkkantoorkommissie) hanteer is, is nou ook die verantwoordelikheid van die SBK deur 'n nuwe liggaam, nl. die GSK. Die Gesamentlike Sinodale Kommissie bestaan uit die

dagbesture van die 4 sinodes se sinodale kommissies. Hierdie liggaam hanteer sake soos die pensioenfondse, die argief, sekere trusts, ens.

Die huidige lede op die Predikante Pensioenfonds namens die werkgewer is mnr Jan de Kock (lidmaat Kloofendal – voorsitter), ds Hennie Lombard (Floridapark) en namens die werknemers ds Jacie van Rensburg (Potch-die Bult).

4.1.1 AANBEVELING; Die sinode verwys die aanwysing van verteenwoordigers vir die volgende termyn na die Kommissie vir Kommissies (5.2).

4.2 Die Kuratorium is tans regstegnies 'n orgaan van die 'Sinode van Transvaal', en behoort dus 'n subkommissie van die GSK (Gesamentlike Sinodale Kommissie bestaande uit dagbesture van die 4 noordelike sinodes) te word. Die GSK het dus deelgeneem aan gesprekke oor die herbeplanning van teologiese opleiding aan UP se Teologiese Fakulteit. Die afgelope twee jaar was die UP Teologiese Fakulteit baie in die spervuur oor moontlike 'dwaalleer' in standpunte van enkele dosente. Hierdie sake is deur die verantwoordelike kerklike liggame (bv ringe wat tugklagtes ondersoek het, Kuratorium met afgevaardigdes van die 4 noordelike sinodes) hanteer, maar daar is steeds 'n persepsie van wantroue wat voortbestaan en deur groepe en persone buite die kerklike kanale aangeblaas word. Die SBK het dus goedgevind om hierdie saak ook tydens die sinodesitting te hanteer.

Die sake wat in die gesprekstyd soos hieronder aanbeveel hanteer moet word is die volgende:

- ◆ Die aspekte uit die A-Z Handleiding vir Predikante (soos goedgekeur by die Algemene Sinode 2007) wat te doen het met werwing en opleiding van geroepe teologiese studente van goeie gehalte.
- ◆ Kreatiewe denke en werkswyses vir effektiewer teologiese opleiding en moontlike herstrukturering van teologiese opleiding.
- ◆ Die sake wat in onlangse openbare kritiek en klagtes op die tafel gekom het. Die GSK en Kuratorium het by bosberade op 14 Aug en 6 Sep strategies gedink en kort- en mediumtermyn planne begin opstel. Sekere hiervan sal moontlik gereed wees vir voorlegging aan hierdie sinode

4.2.1 AANBEVELING: Die Sinode gee gespreksgeleentheid waaraan dosente en afgevaardigdes kan deelneem met die doel om 'n vertrouensverhouding met die UP Teologiese Fakulteit positief op te bou.

4.2.2 Die Sinode neem die verslag van die Kuratorium (Bylaag B) ter tafel.

4.2.3 Die Sinode gee tyd vir tafelgesprekke oor 2 temas: 1) Hoe kan die beste, geroepe studente van gehalte in gemeentes gewerf word om hul as leraars te bekwaam, en: 2) Hoe kan 'n vertrouensverhouding tussen kerk en teologiese fakulteit ten beste in stand gehou word.

4.2.4 Die sinode versoek die GSK en Kuratoriumlede om effektiewe kommunikasie as een van hul hoofopdragte te beskou, waaronder bekendstelling van dosente (huidig en nuwes).

4.3 Die SBK het deurlopend hulp verleen en sake verwys na bevoegde persone en liggame, bv. klagtes, appèlsake, aansoek oor leraarsbevoegdheid. Geskikte

persone is gevind om noodsaaklike take af te handel, bv. by die Algemene Sinode se taakgroep grondhervorming, ens.

- 4.4 Die beplanning en ontwerp van die Wes-Transvaal Sinodesitting is laastens deur die huidige SBK gedoen.

5 PERSONEEL

5.1 Personeel vir 2003-2007

5.1.1 Moderatuurslede (dr Henk Gous voorsitter, ds. Jurie Wessels o/voorsitter, ds Jasper Louw aktuaris, ds Nico van Rensburg skriba, ds Con Maritz adjunk-skriba). Hierdie lede dien ook as dagbestuur.

5.1.2 Verkose kerkraadslede (ds Japie du Plessis, Me Maryna de Jager, proff. Samuel Kemp, en Johan van Brakel).

5.1.3 4 Streekleiers (ds Gert Cordier Wes-Rand, ds Johan Scott Vaaldriehoek, dr Andries Kritzinger Potch-KOSH, en oudl/ds Japie du Plessis en ds Nico van

der Westhuizen, Platteland) en streekskribas (ds Pieter Grobler Wes-Rand, ds Bok van Rensburg Vaaldriehoek, ds Fanie du Plooy Potch-KOSH, en ds Willie van der Merwe Platteland).

5.1.4 9 Kommissieleiers (ds Jacie van Rensburg: Fondse, ds Frik Smith: Gemeentebediening, ds Terence Cooke: Predikantebediening, ds Coenraad Smit: Diens van Barmhartigheid, dr Andries Kritzinger: Leer en Aktuele Sake, dr Jan de Man: Jeug, me Marié van Rensburg: Vrouelidmate, ds Japie du Plessis: Sending en ds Jasper Louw: Regte). Elke kommissie het ook 4 lede uit die streke aangewys gehad. Sommige kommissies het nog kundige lede betrek.

5.1.5 'n Visionêre komitee uit die 4 streke (ds Stanus Cloete Wes-Rand, ds Bouver Serfontein Vaaldriehoek, ds Nick Bezuidenhout Potch-KOSH, en ds Marius de Beer Platteland).

5.1.6 Die sinode het ook verteenwoordigers op verskeie liggame gehad.

5.2 Personeel vir 2007-2011

Die gebruik is dat 'n **Kommissie vir Kommissies**, bestaande uit die ondervoorsitter van die SBK, die skriba (sameroeper) en die vier streekskribas, 'n voorlegging aan die sinode doen. Die voorlegging behels die verkose lede van die moderatuur, die streeksaangewese lede van die nege kommissies van die sinode en die leiers (vonkproppe) van streke en kommissies soos aanbeveel deur die onderskeie liggame. Die sinode se verteenwoordigers op ander instansies word ook deur hierdie Kommissie hanteer.

Vanjaar sal ons hierdie voorlegging voor die finale goedkeuring aan die sinode beskikbaar stel. (Hopelik teen middagteetyd op die twaalfde Oktober). Dan sal lede tot aandete geleentheid hê om alternatiewe nominasies by te voeg. Die Kommissie vir Kommissies sal dan in die lig van die behoeftes van die verskillende portefeuljes, na verdaging die aand, met die nuut genomineerdes hieroor onderhandel. Saterdagoggend 13 Oktober sal 'n finale lys aan die vergadering voorgelê word en indien nodig sal daar 'n stemming plaasvind (waar meer as een afgevaardigde vir 'n portefeulje genomineer is).

6 PERSOONLIK

Die tydperk van 4 jaar waarin die huidige verkose leiersgroep kon dien, was uitdagend én veeleisend, maar ook 'n tyd waarin ons elkeen kon groei. *Uiteindelik gebruik die Here die beperkte pogings van sy kinders tog ten goede vir sy kerk en koninkryk.*

'n Heel laaste persoonlike woord van my as voorsitter: Dankie vir ondersteuning en begrip in die tyd van grootste trauma denkbaar wat ons in Junie 2003 getref het. Ek het krag by die Here gevra om pyn te gebruik as motiveringskrag sodat daar iets goeds uit selfs die mees verwoestende gebeure kon groei. Soms was die take op sinodale vlak uiters veeleisend omdat die Moderamen, AJK en ADGO ook baie tyd opgeëis het, sodat die roeping in Wes-Transvaal minder tyd gekry het as wat ek sou wou gee. Daarom: dankie vir die ander lede op die dagbestuur, veral Nico van Rensburg, wat altyd gewillig was om te help dra. Dankie ook aan my gemeente en kollegas daar wat help dra het waar ek nie kon bykom nie.

Die leuse van my gemeente, NG Kerk Quellerina, is “**Ons lééf liefde**”. Wanneer ons liefde uitleéf, dan het die evangelie die grootste impak.

Henk Gous, Jurie Wessels, Nico van Rensburg, Jasper Louw, Con Maritz
Dagbestuur van Sinodale Bestuurskommissie

BYLAAG A – ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE

VOORLEGGING VAN DIE GESAMENTLIKE KOMMISSIE VIR ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE VAN DIE NG KERK VAN TRANSVAAL (GKABID) AAN DIE SINODE VAN WES- TRANSVAAL

1. INLEIDING

1.1 GKABID verteenwoordig die Sinodes van Wes-Transvaal; Noordelike Sinode; Hoëveld; en Oos-Transvaal in ATABID. ATABID (via ABID) sien toe dat die geheue van die kerk uitgebou word en stel die kerk in staat om sy funksies op 'n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse voort te sit. ABID huisves gevolglik ook die skriftelike en ander getuienisse wat die kerk teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm. Die versameling, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal beteken die hantering van getuienisse oor die handeling van God Drie-enig in en deur Sy kerk in 'n bepaalde gebied. As dienaar van die kerk, het ABID die taak om hierdie getuienisse deur die dienste van versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasie te verwerk.

1.2 Die Taakspan (ATABID) bestuur die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk in Stellenbosch en tref die nodige reëlings om argief- en museummateriaal van kerkrade, ringe, sinodes, kerklike kommissies en inrigtings vir bewaring in die argiefbewaarplek te versamel, te bewaar, te ontsluit en om belangrike teologiese (veral kerkhistoriese) geskifte/publikasies vir die argiefbewaarplek te verkry, indien nodig by wyse van afskrifte/afdrukke/kopieë daarvan.

1.3 GKABID (via ABID in Stellenbosch) bied dus 'n wye verskeidenheid dienste aan die leraars, skribas/ saakgelastigdes/bedieninge en amptenare van die NG Kerk. Die dienste sluit ook inligting- en navorsingshulp aan lidmate en die publiek in.

2. EENWORDING VAN DIE KERKARGIEWE VAN KAAPLAND EN TRANSVAAL EN OORDRAG VAN DIE ARGIEF- EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE (ABID) AAN DIE ALGEMENE SINODE

2.1 Die nuwe Argief is in Stellenbosch gebou en die trekke vanaf die vorige Kerkargiewe in die Sinodale Sentrums in Pretoria [2003] en Kaapstad [2004] is afgehandel en die nuwe Kerkargiefgebou amptelik ingewy op 23 November 2004.

2.2 Die vier Transvaalse sinodes en die drie Kaapse sinodes het op 01.03.2005 die nodige ooreenkomste onderteken om een argief te word. Daar is onder andere oor die volgende ooreengekom: die regs persoon[e] van die gesamentlike Argief; ABID-personeel; oorneem van ABID deur die Algemene Sinode; begroting en befondsing en personeel- en finansiële administrasie. Intussen het Algemene Sinode in 2004 besluit **“om met die Sinodes van Kaapland en Transvaal te onderhandel om die werksaamhede van die “Eenheidsargief” as 'n werksaamheid van die Algemene Sinode oor te neem en te bestuur as die Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die Algemene Sinode van die NG Kerk.**“ Verdere onderhandelinge het daartoe gelei dat hierdie eenheidsargief vanaf 01.06.2006 as 'n werksaamheid van die Algemene Sinode onder direkte toesig van ATABID

funksioneer. Die hoof “vennote” - ook wat die ABID-begroting betref - is die NG Kerk in SA, die sinodes van die NG Kerk van Transvaal en die Algemene Sinode.

2.3 ’n Direkteur, dr Johan Froneman, is aangewys en die ASM van die Algemene Sinode het reeds goedgekeur dat hy beroep word as APSD van die Algemene Sinode met opdrag ABID, waarna hy as PSD van die NG Kerk van Transvaal na die Algemene Sinode sal oorgaan. Al die ABID-personeel is van hulle onderskeie sinodes se personeeldiensstate na die Algemene Sinode se diensstaat oorgeplaas met nuwe Dienskontrakte.

2.4. Sedert 01.06.2006 funksioneer ABID as ’n werksaamheid van die Algemene Sinode onder direkte toesig van ATABID waarin die NG Kerk in SA (die SKA vir die drie NG Sinodes plus die VGK) en die NG Kerk van Transvaal (GKABID vir die vier sinodes) gelyke verteenwoordiging het.

2.5 ’n Omvattende reglement (vier dele) is opgestel en deur die Algemene Sinode van 2007 goedgekeur.

3. DIENSTE AAN DIE NG KERK

3.1 Aandag is namens die NG Kerk (en al sy kommissies, ringe en gemeentes) aan die omvattende bepalings van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting [Wet 2 van 2000] gegee.

3.2 Groot vordering is gemaak met die opdragte oor sentralisering en rekenarisering van lidmaatregisters. Die Algemene Sinode het by sy sitting van Junie 2007 rigtinggewende besluite hieroor geneem.

3.3. Hulp aan gemeentes

3.3.1 ABID stel talle handleidings en vorms aan gemeentes beskikbaar. Formuliere, diensooreenkomste, Engelse attestate (om maar enkele te noem), kan alles van ABID se webblad afgelaai word of by ABID aangevra word.

3.3.2 ABID ontvang daaglik gemiddeld 250 e-pos, faks en telefoniese navrae deur predikante, kommissielede, lidmate en lede van die publiek. ’n Groot deel van die navorsing vir of deur kommissies en gemeentes vind nie meer fisies plaas nie, maar elektronies en ABID werk daaglik aan die ontsluiting van die massa data wat in die ABID-versamelings opgesluit lê. Hierdie databasisse word in en deur die gemeentes, ringe, sinodes en kommissies/diensgroepe van kerk gebruik om hulle navorsingsoektogte te vergemaklik. Navrae oor hierdie versamelings word per e-pos aan ABID gerig by ngkinlig@mweb.co.za. ’n Inligtingsoektog word gedoen en die resultaat word per e-pos versend.

3.3.3 Die Direkteur-Argivaris bied deurlopend opleidingskursusse op rings- en gemeentevlak aan.

3.3.3.1 Die hoofdoel van hierdie kursusse is om kerkkantoorpersoneel op te lei om die gemeente-argivalia volgens voorskrifte - veral die Inligtingwet van 2000, Erfeniswet van 1999 en Ouditwetgewing reël bewaring en vernietiging van dokumente reël - plaaslik te bestuur, sodat ABID nie met onnodige argivalia oorstroom word en gemeentes nie wette oortree deur dokumente wat ’n wetlik voorgeskrewe leeftyd het, vernietig nie.

3.3.3.2 Sedert 2000 is 197 gemeentes besoek. Die kerkkantoorpersoneel van 678 gemeentes is opgelei. Tussen September 2005 en Mei 2007 is kerkkantoorpersoneel soos volg opgelei: Wes- en Suid-Kaap (187), Oos-Kaap (71), Noord-Kaap (102), Transvaal (9 Opleidingsbesoeke aan “Transvaalse” gemeentes/ringe) 303

kerkkantoorpersoneellede uit 196 gemeentes.

3.4 Inligtingsdiens

3.4.1 ABID is nie net die 4,5 km lang rakke wat as stoorplek vir die argivalia dien nie. Dit lewer 'n waardevolle bestuursinligtingsdiens. Besoek gerus die webblad om enige-iets van formuliere, dienskontrakte, databasisse (leraars, gemeentes, skripsietemas, sinodebesluite, afkortings wat in die kerk gebruik word, NGTT-onderwerpe, Kerkbode- en Lig-artikels, ensovoorts) tot foto's en voorbeelde van dienskontrakte en liasseerstelsels te kry. Ander inligting kan per e-pos aangevra word.

Webblad: <http://www.ngkerk.org.za/abid> [Of klik op Aktiwiteite en dan op ABID op die NG Kerk se webblad]

E-pos: ngkinlig@mweb.co.za

Posadres: Posbus 34, Stellenbosch, 7599

Straatadres: Kerkargiefgebou, Noordwal-Wes 1, Stellenbosch, 7600

Kantoonommer: 021-882-9923

3.4.2 Inlig-Aktueel

3.4.2.1 Teken gerus in op die weeklikse Inlig-Aktueel. Die personeel lees die belangrikste dag- en weekblaaie vir die knipseltjies en gee weekliks 'n opsomming van kerknuus, artikels en selfs lesersbriewe se kommentaar oor die NG Kerk en godsdiens oor die algemeen, per e-pos as "Inlig-Aktueel" uit. Volledige berigte kan aangevra word by:

E-pos: ngkinlig@mweb.co.za Telefoon: 021-882-9923.

3.5 AANBEVELING - Vir Goedkeuring

3.5.1 Kursusse vir Kerkkantoorpersoneel

Die Sinode vestig gemeentes se aandag op die dienste van ABID en moedig gemeentes aan om gebruik te maak van die Direkteur-Argivaris se aanbod om 'n kursus vir kerkkantoorpersoneel aan te bied, kerkkantore te besoek en hulle behulpsaam te wees met die selekteer van vernietigbare stukke; dít wat bewaar moet word; en die opstel van die inventaris om uitvoering te gee aan die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting.

4. NUWE SAKE

4.1 Digitering van Kerklike Dokumente

4.1.1 Die feit dat die meerderheid van die versamelings in die Argief slegs as hardekopieë beskikbaar is, maak die ontsluiting en optimale benutting daarvan regtig moeilik. ABID se digitale vermoë is egter slegs geskik vir die skandering van teks/beelde vir kleiner navorsingsprojekte of navrae.

4.1.2 Groter digiteringsprojekte is te arbeidsintensief vir ABID se beperkte kapasiteit en begroting. Hulp het egter vanuit die buiteland gekom. In Maart en Augustus 1999 het eers die NG Kerk van Transvaal en toe die NG Kerk in Suid-Afrika ooreenkomste met die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika (GISA) – en indirek met die Mormoonse kerk se *Genealogical Society of Utha, Salt Lake City* (GSU) aangegaan vir die mikro-verfilming van al die kerklike registers onder beheer van die NG Kerk van Transvaal en die NG Kerk in Suid-Afrika. Die verfilming is kort daarna begin en binne 'n jaar afgehandel. Dieselfde proses sou in die Kerkargiewe van Natal en OVS

volg, maar is nie afgehandel nie.

4.1.3 GISA het namens die NG Kerk begin om met GSU (Salt Lake City) te onderhandel oor die gratis verwerking van die bestaande mikrofilms tot digitale beelde wat per soekfunksie op 'n rekenaar gesoek en hanteer kan word, sowel as die digitale verfilming van alle kerklike registers onder beheer van die NG Kerk wat nog nie verfilm is nie.

4.1.4 Vroeg in Desember 2006 het lede van GISA en die Mormone 'n ooreenkoms wat voorsiening maak vir die beskerming van die NG Kerk se Intellectuele Eiendomsreg voorgelê. Dit was vir ATABID aanvaarbaar en is aan die Algemene Sekretaris voorgelê vir ondertekening. Dit het die deur oopgemaak sodat die digitering op Maandag 5 Februarie 2007 in alle erns in Stellenbosch kon begin. Dit sluit 'n onderneming in om ook alle gemeentenotules, wat ABID sou wou digiteer, gratis te digiteer. Die GSU het 'n splinternuwe digitale kamera (ter waarde van ongeveer R1 miljoen) in die Argief kom opstel. Die waarde van die hele digiteringsprojek – wat ABID (of die SKA) niks kos nie – sal uiteindelik sowat R10 miljoen beloop.

4.1.5 Die suksesvolle verfilming en digitering van kerklike registers deur bemiddeling van GISA het as aansporing gedien om ander instansies om hulp te nader vir die digitering van ander dokumente in die Argief. Sedert 2004 is met 'n diensgroep van die NG Gemeente Stellenbosch onderhandel en saamgewerk om 'n deurlopende digiteringsprojek by ABID te vestig. Dit is befonds deur 'n skenking van die “Het Jan Marais Stigting”. Hierdie projek dek egter hoofsaaklik die digitering van gemeenteargivalia van Stellenbosch en die oudste Kaapse gemeentes.

4.1.6 Internasionaal is daar steeds groot belangstelling in Suid-Afrika. Dit is veral die slawe- en apartheid-tema wat bo-aan die lys staan. Ten opsigte van albei temas beskik ABID oor baie primêre bronne wat nog selde gebruik is. Die vereiste bly egter dat die data elektronies toeganklik moet wees vir sowel navorsers as vertalers.

4.1.7 Intussen is die GISA-projek weer hervat en is sowat 570 gemeentelike registers reeds gedigiteer. Die projek kan moontlik uitgebrei word om die digitering van alle gemeentelike notules in te sluit. Sodoende kan die hoofsaaklik ontoeganklike gemeentelike bronne vir die tydperk 25.01.1664 tot 1881 gratis gedigiteer en toeganklik gemaak word vir navorsers van “slawegeskiedenis”.

4.1.8 Sedert Mei 2006 toon die DISA-Projek groot belangstelling in 'n gesamentlike digiteringsprojek van alle NG Kerk acta uit die sogenaamde “Apartheidsera” van 1910 tot 1994. DISA (*Digital Imaging South Africa*) is 'n nie-winsgewende inisiatief vir samewerking tussen navorsingsbiblioteke en -argiewe in Suidelike Afrika, geborg deur die Andrew W. Mellon Foundation en gekoppel aan die Universiteit van KZN. Dieselfde pad van ooreenkomste as met GISA vir die digitering van kerklike registers, sal ook geloop moet word sodra 'n projek gefinaliseer is.

4.1.9 AANBEVELING - Vir Goedkeuring

4.1.9.1 Die Sinode neem met instemming kennis van die optrede van ATABID en die Algemene Sekretaris om die ooreenkoms soos deur die GSU (Mormone) voorberei en voorgelê – wat voorsiening maak vir die beskerming van die NG Kerk se Intellectuele Eiendomsreg – te onderteken.

4.1.9.2 Die Sinode neem met instemming kennis van die ABID se onderhandelinge met die GSU en die Disa-projek in Durban met die oog op die gratis digitering van kerklike dokumente.

4.1.9.3 Die Sinode versoek ATABID om, met die oog op toeganklikheid vir

navorsingsdoeleindes, voort te gaan met 'n ondersoek na die moontlike digitering van alle kerklike dokumente/acta van die NG Kerk.

4.1.9.4 Die Sinode versoek ATABID om – in oorleg met die ASM – 'n beleid op te stel vir die digitering van dokumente wat moontlik 'n sensitiewe inhoud het.

4.2 Toegang tot argivalia

4.2.1 Die Kaapse Kerkargief het as beleid gehad dat navorsers eers briewe van toestemming vanaf die betrokke gemeente moet verkry alvorens toegang tot argivalia van die gemeente verleen kan word. Die Transvaalse gemeentes het dit aan die diskresie van die Direkteur-Argivaris oorgelaat.

4.2.2 ATABID het, met inagneming van die bestaande beleid ten opsigte van genealogiese navorsing en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting [Wet 2 van 2000] besluit om 'n beleid daar te stel.

4.2.3 AANBEVELING - Vir Goedkeuring

4.2.3.1 Alle navorsers wat vir navorsingsdoeleindes toegang tot die argivalia van gemeentes (wat in die Argief geberg word) wil verkry, moet vooraf self, met 'n duidelik gemotiveerde aansoek [doel en onderwerp] by die gemeente aansoek doen om toegang tot die argivalia.

4.2.3.2 Alle navorsers wat vir navorsingsdoeleindes toegang tot die argivalia van gemeentes wil verkry, moet 'n afskrif van die aansoek, saam met die gemeente se toestemming, aan ABID voorsien alvorens toegang tot die argivalia verleen sal word.

4.2.3.3 Alle navorsers wat 'n Wet 2 van 2000-versoek [Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting] wil verkry, volg die voorgeskrewe prosedure.

4.3 Argief- en Inligtingwetgewing

4.3.1 Opdrag [Algemene Sinode 2004, Besluiteregister F.1.2.4.3 Argief- en Inligtingwetgewing]

(1) Die Algemene Sinode bepaal dat die betrokke "PERSOON" (Inligtingsbeampte) wat ten opsigte van alle kommissies/diensgroepe van die Algemene Sinode, sinodes, ringe, kerkrade, inrigtings en alle instansies wat inligting bewaar by wie aansoeke om toegang tot inligting ingedien moet word, die Argivaris van die Algemene Sinode is (tans argivaris van die Eenheidsargief: Kaapland, Transvaal en Algemene Sinode).

(2) Die Taakspan Argief en Taakspan Regte kry opdrag om al die dokumente voor te berei (Handleiding en Inventaris van die NG Kerk) en voorsien aan alle kommissies/diensgroepe en kerkvergaderinge van 'n voorbeeld van 'n Handleiding, die Inventaris, Vorm B (aansoeke om toegang tot inligting) en die "Bylae" (oor kostes).

(3) Die Taakspan Argief voorsien 'n inligtingstuk aan alle kerklike betrokkenes oor die rede vir die wet en die praktiese uitvoering daarvan.

(4) Die Sinode neem kennis dat die Nasionale Erfeniswet (Wet 25 van 1999 en aangevul in Goewermenskennisgewing No 1313 van 25.10.2002) bepaal dat alle geboue ouer as 60 jaar deur die wet beskerm word en dat toestemming verkry moet word voordat enige vervreemding, restourasie of verbouings mag plaasvind en versoek die Taak-span Argief om 'n inligtingstuk hieroor voor te berei.

4.3.2 Uitvoering

1. Die uitvoering van die besluit was omslagtig omdat baie inligting eers met die

Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie uitgeklaar moes word.

2. Die proses is ook met die Algemene Sekretaris bespreek en die inligtingstuk oor die Inligtingwet – deur ABID voorberei – is in Augustus 2005 deur die ASM goedgekeur. Voor die teikendatum van 31.08.2005 is hierdie inligtingstuk na die kantore van die Algemene Sinode en elk van die streeksinodes gestuur vir verspreiding na hulle kommissies, ringe en gemeentes. 'n Handleiding met die amptelike Inventaris – ook deur ABID voorberei volgens die voorskrifte van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie – is by dieselfde geleentheid deur die ASM goedgekeur.

3. Hierdie Handleiding; die Inligtingstuk; die amptelike Inventaris saam met die “*Jaarboek van die NG Kerke 2005*” en “*Die Kerkorde 2004*” is voor die sluitingsdatum van Woensdag 31.08.2005 by die twee kantore van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie ingedien.

4. Die Handleiding met al die bylaes is ook na al die Sinodale Kerkkantore versprei, wat verantwoordelik was om dit verder bekend te stel. Kort hierna – op 14.09.2005 – het ABID ook 'n inventarisvorm langs dieselfde weë na alle kerklike instansies versprei om hulle te help met die voorberei van hulle inventarisse vir indiening voor 31.12.2005.

5. Die Handleiding word aan persone beskikbaar gestel wat vra vir die Handleiding. Alle aansoeke om toegang tot inligting word egter slegs by die kantore van die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG kerk in Stellenbosch ingedien. Meer inligting oor die Wet op Toegang tot Inligting [Wet 2 van 2000] is op die tuisblad van Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie beskikbaar by <http://www.sahrc.org.za>.

6. Die finale datum vir die indiening van sinodes, ringe en gemeentes se inventarisse is uitgestel tot op 31.12.2005. Tot op datum het slegs 415 [uit ongeveer 1,117] gemeentes en 27 [uit 144] ringe hulle inventarisvorms ingedien om te voldoen aan die bepalings van die ooreenkoms met die Menseregtekommissie [Wet 2 van 2000]. Nog nie een van die Sinodale Kerkkantore of enige kommissie/diensgroep/taakspan van enige sinode het 'n inventaris voorgelê nie.

7. Daar sal binnekort aandag gegee word aan die voorbereiding van 'n Inligtingstuk oor die Nasionale Erfeniswet [25 van 1999, aangevul deur Goewermentskennisgewing No 1313 van 25.10.2002] en wat op dieselfde wyse versprei sal word.

4.3.3 AANBEVELING - Vir Goedkeuring

Die Sinode versoek sinodale kommissies, ringe en gemeentes (1) om dringend kennis te neem van die implikasies wat die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting [Wet 2 van 2000] en die Nasionale Erfeniswet [Wet 25 van 1999 en soos aangevul in Goewermentskennisgewing No 1313 van 25.10.2002] vir plaaslike gemeentes inhou en (2) om so spoedig moontlik die ooreengekome inventaris aan ABID te besorg.

4.4 Sentralisering en rekenarisering van registers

4.4.1 Opdrag:- Die Algemene Sinode het in 2002 besluit dat die AKAI moet voortgaan met sy ondersoek ten opsigte van die sentralisering van kerklike registers en dat aan die ASK oor die alternatiewe (indirekte of direkte sentralisering) verslag gedoen moet word en dat die ASK die saak moet afhandel.

4.4.2 Uitvoering:- Taakspan-ABID kon eers teen die einde van 2005 by 'n werkbare oplossing ten opsigte van die sentralisering van registers uitkom en het aan die ASM-

vergadering van 14 en 15 Maart 2006 hieroor verslag gedoen. Taakspan-ABID het hierdie verslag opgevolg met 'n verdere verslag aan die ASM op 19 en 20 Junie 2006. Na verdere ondersoek, op versoek van die ASM en in samewerking met lede van die ASM, het die ASM op 30 Januarie 2007 'n aantal beginsels vir die Sentralisering van Gemeentelike Registers aanvaar en die Taakspan versoek om die ASM by sy volgende vergadering met 'n finale aanbeveling te bedien.

Daar is oor die volgende besin:

4.4.2.1 Voordele van 'n gesentraliseerde stelsel vir gemeentelike registers:

1. Alle soektogte vind op net een punt plaas wat tyd, koste en frustrasie beperk.
2. Verhoogde effektiwiteit en produktiwiteit van kerkkantoorpersoneel wat nie meer tyd verspeel met week-en selfs maandelange soektogte na lidmaatbesonderhede.
3. Toegang tot statistiek wat vroeër nie beskikbaar was nie.
4. Géén jaarlikse registerafskrifte word meer ingedien nie.
5. Duisende lidmate-sonder-adresse word gevind en verwyder van gemeente se bedryfstelsels.

4.4.2.2 Voordele van 'n gesentraliseerde stelsel vir die NG Kerk

1. Die stelsel werk met 'n dag-tot-dag opgedateerde kontakadres vir elke gemeente wat deur die Jaarboek gebruik kan word.
2. Dit kan deur sinodes gebruik word om binne minute 'n groot gedeelte van die NG Kerk met inligting te bereik.
3. Data-analise moontlikhede van dag-tot-dag opgedateerde besonderhede oor getalle/ouderdomme/ groepe vir Kerkspieël, die Jaarboek, eie bedieninge.
4. Die Algemene Sinode se kommunikasiestelsel kan hiermee verbeter word.

4.4.2.3 Die Taakspan se aanbevelings is op 15 Maart 2007 aan die ASM voorgelê, wat besluit het dat Taakspan-ABID dit aan die Algemene Sinode van Junie 2007 moet voorlê. Die Algemene Sinode het die verslag in sy geheel goedgekeur en dit na die onderskeie streeksinodes aanbeveel. Indien 'n sinode (of 'n aantal gemeentes) besluit om nie deel te neem nie, staak die proses ten opsigte van die sentralisering van gemeentelike registers onmiddellik.

4.4.3 Vertrekpunt vir die sentralisering van die gemeentelike registers van die NG Kerk:-

4.4.3.1 Streeksinodes:

1. Die onderskeie streeksinodes lê die saak aan hulle gemeentes voor (desnoods by 'n sinodesitting), verduidelik die doel/voordele en verkry die gemeentes se samewerking vóór 30.06.2008 en doen daarvoor aan die ASM verslag (voor 01.07.2008).
2. Die ASM gee voor die doeldatum vir die begin van die proses [1 Julie 2008] aan ABID opdrag al dan nie om met die projek te begin met die oog op die voltooiing van die proses. Die mikpunt vir die inwerkingstelling van die gesentraliseerde databasis en soekenjin kan dan op 1 Januarie 2009 wees.
3. Elke streeksinode bepaal self hoe die jaarlikse tarief vanaf die gemeentes ingevorder sal word. Dit moet aan die Algemene Sinode oorbetal word vir die diens wat deur ABID gelewer sal word. Die koste verbonde aan die sentrale diens word soos volg gestruktureer:

3.1 Aanvanklike Koste: Elke gemeente betaal vir die aanvanklike invoer/opneem van data na gelang van die huidige status van hulle register-data (op Infokerk; in ander programme; slegs handregisters)

3.2 Maandelikse koste nadat data op/in stelsel opgeneem is na gelang van grootte

van die gemeente:

- * Kleiner gemeentes (1 – 750 siele): R500,00 per jaar;
- * Middel grootte gemeentes (751 – 3 000 siele) R1 000,00 per jaar
- * Groot gemeentes (3 001 – 5 000 siele): R1 400,00 per jaar
- * Makro-gemeentes (meer as 5 000 siele): R1 600,00 per jaar

3.3 Verhoging van koste word volgens die inflasiekoers bestuur.

3.4 Vordering van bedrae: Bedrae word as 'n gedeelte van 'n sinodale aanslag deur die streeksinodes gevorder en aan ABID via die Algemene Sinode oorbetaal.

4.4.3.2 ABID gaan nou reeds voort om:

1. met die diensverskaffer Infokerk te onderhandel, maar geen finale ooreenkoms word aangegaan of aankope van rekenartegnologie word gedoen voordat die ASM nie aan ABID die opdrag gee - sien 4.4.3.1 [2] hierbo – nie;
2. gemeentes aan te moedig om die ID-nommers van hulle lidmate-met-adresse te bekom en om lidmate wat nog nie in hulle databasisse ingesleutel is nie, terugwerkend in te sleutel.

4.4.3.3 ABID gaan intussen voort met verdere ondersoeke:

1. Ander rugsteun-moontlikhede word nog ondersoek wat verdere kostebesparing kan meebring.
2. Veranderde tegnologie. Vyftien maande is 'n "leef tyd" in die Informasietegnologie-wêreld. Nuwe verbeterde stelsels kan oor 'n jaar of wat beskikbaar wees.

4.4.4 Voorgestelde werking van die stelsel:-

4.4.4.1 ABID maak gebruik van 'n diensverskaffer (tans Infokerk) wat die platform skep vir die opneem van data/lidmate in die stelsel en die implementering van 'n databasis by ABID waar gemeentes wat oor die tegnologie beskik, self die aanvrae/oorplasings kan doen (via die internet). Gemeentes wat nie oor die nodige tegnologie beskik nie, doen alle aanvrae/oorplasings by/deur middel van ABID (e-pos, faks of briewe).

4.4.4.2 Alle gemeentes van die NG Kerk se lidmaatbesonderhede van doop- en belydende lidmate uit die bestaande registers (plus hulle identiteitsnommer) word elektronies opgeneem in 'n sentrale databasis wat deur ABID bestuur (ontwikkel en in stand gehou) word.

4.4.4.3 Lidmate/lidmaatbesonderhede word vir hierdie doel verdeel in:

1. Lidmate-met-adresse, dit wil sê lidmate tans in die gemeente en bekend. Word almal ingevoer/opgeneem in sentrale databasis.
2. Lidmate-sonder-adresse, dit wil sê lidmate wat tans nie meer in die gemeente is nie (sterftes, vertrek, kerk-/land verlaat), sonder dat lidmaatskap amptelik oorgeplaas is.

4.4.4.4 Elektroniese soektogte en -oorplasings:

1. Voorbeeld: Aanvraag van 'n lidmaatskapsertifikaat. Die Skriba van Gemeente A teken per wagwoord in op die stelsel (soos vir 'n aanlyn banktransaksie). Met die betrokke lidmaat se identiteitsnommer (soos 'n rekeningnommer) word 'n boodskap vanaf Gemeente A na ABID se databasis gestuur. ABID se databasis "herken" die lidmaat en stuur outomaties die versoek na die gemeente (Gemeente B) waar die betrokke lidmaat se lidmaatskap nog aangeteken is. Gemeente B bevestig (klik) dat die lidmaatskap na Gemeente A oorgeplaas kan word. ABID se databasis kry die antwoord en plaas die lidmaatskap oor na Gemeente A.

2. ABID bestuur alle uitsonderings, naamlik lidmate-sonder-adresse; gemeentes sonder nodige tegnologie; en gemeentes met eie/unieke lidmaatdatabasisse, lidmate sonder identiteitsnommers, data wat verkeerd ingevoer is, ensovoorts.

3. Gemeentes kan self op die ABID databasis kontroleer watter lidmate se lidmaatskapsertifikate ontvang of uitstaande is.

4.4.4.5 Deurlopende opdatering van data. Alle opdaterings (dope; belydenisaflegging; sterftes; bedankings; rektifikasies) word soos volg hanteer:

1. Gemeentes met die nodige toerusting: Maandeliks self afgesluit soos finansiële boeke en jaarliks gekontroleer met sertifisering deur die kerkraad se argiefkommissie wat aan die Ringsargiefkommissie sertifiseer dat álle opdaterings elektronies by die ABID databasis op datum is.

2. Gemeentes sonder die nodige elektroniese toerusting: Dieselfde as hierbo, met dié verskil dat die kerkraad se argiefkommissie die sertifisering doen uit die korrespondensie tussen die gemeente en ABID.

4.4.5 AANBEVELING - Vir Goedkeuring

1. **Die Sinode neem met dank kennis dat die Algemene Sinode in beginsel die rekenarisering en sentralisering van lidmaatregisters goedgekeur het en besluit om heelhartig met die projek saam te werk.**

2. **Die Sinode versoek die SFK om die nodige reëlings te tref vir die invordering van gemeentes se jaarlikse tarief vir ABID se dienste ten opsigte van die sentralisering en rekenarisering van lidmaatregisters.**

3. **Die Sinode versoek gemeentes om so spoedig moontlik seker te maak dat hulle lidmaatdatabasis volledig en korrek is (met identiteitsnommers), sodat die stelsel op 1 Januarie 2009 in werking gestel kan word.**

4. **Die Sinode versoek ATABID en GKABID om gemeentes op hoogte te hou van die vordering met die proses en om gemeentes van hulp te wees met die vereistes van 'n gemeentelike databasis.**

4.5 Probleme met die Argiefgebou

4.5.1 Die vloer (Vlak 1) van die nuwe argiefgebou se Kluis 1 is so skeef dat sommige rakke nie meer kan skuif sonder om brute krag te gebruik nie. Dit was veronderstel om glad op wiele te kan rol. Ander rakke moet met meubels gekeer word om nie vanself afdraand te skuif nie. Dit is 'n baie ernstige probleem met groot implikasies vir ABID se dienslewering. Die ergste scenario is dat die groot kluis vir 'n paar maande ontruim sal moet word met die oog op die lê van 'n nuwe vloer – met alles wat dit impliseer vir ABID se dienslewering. Dit kan met baie groot kostes gepaard gaan.

4.5.2 Daar is ook steeds probleme met die beveiliging van Kluis 1. Die vertrek waar die lugreëling en brand- bestrydingstoerusting staan, het geen sekuriteit nie en word steeds as 'n bouers-pakkamer gebruik. Dit is maklik om via hierdie vertrek toegang tot die kluis te kry. Die lugreëling in Kluis 1 (wat ook die vogtigheid in die kluis moet beheer) gee gereeld in. Die brandbestrydingstoerusting funksioneer ook nie korrek nie. Hierdie faktore hou 'n ernstige bedreiging vir die ABID se effektiewe funksionering in.

4.5.3 In Kluis 2 word 'n vogprobleem ondervind wat muf op die argivalia laat groei. Die klammigheid slaan van buite deur die mure as gevolg van verstopte geute en water wat teen die binnekant van die spoumuur afloop.

4.5.4 AANBEVELING - Vir Goedkeuring

Die Sinode neem met kommer kennis van die onopgeloste probleme in die argiefgebou en versoek die eienaar (NG Kerk in SA) om dringend aandag te gee aan die gebreke – veral ten opsigte van die kluisse se vloere, beveiliging en klimaatbeheer.

4.6 Reglementwysigings

4.6.1 Opdrag [Algemene Sinode 2004, Besluiteregister F.2.4.3 Argief en Inligtingsdienste]

“Die Taakspan Argief lê hersiene “Riglyne: Argief- en Museumbeleid” aan die Taakspan Regte voor, waarna dit na die Algemene Diensgroep Leiers verwys word vir afhandeling.”

4.6.2 Uitvoering:- Die Algemene Taakspan Regte het vir dr Hannes Theron aangewys om saam met ATABID die Reglement te hersien en die hersiene Reglement is op 02.03.2006 saam met dr Hannes Theron deurgewerk en aan hom oorhandig om aan die ATR voor te lê vir afhandeling. Hierdie Reglement is deur die Algemene Sinode op 8 Junie 2007 goedgekeur.

4.6.3 AANBEVELING - Vir Goedkeuring

4.6.3.1 Die Sinode neem kennis dat die Algemene Sinode 2007 die vier reglemente vir die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk (“Reglement vir die Algemene Sinodale Taakspan vir Argief en Bestuursinligtingsdienste (ATABID)”; “Reglement vir die hantering van Argief- en Museummateriaal”; “Reglement vir die Direkteur-Argivaris van die NG Kerk” en “Reglement vir die hantering van registers”) goedgekeur het.

4.6.3.2 Die bestaande Argief-reglemente (4.6.3.1) word in hul geheel met hierdie nuwe vierledige reglement (Reglemente vir Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk) vervang.

4.6.3.3 Hierdie Reglement word in die Kerkorde van 2007 opgeneem, alhoewel dit reeds in die Algemene Sinode se Kerkorde (met Reglemente) van 2007 word.

4.6.3.4 Die Sinode versoek die SRK om alle bestaande verwysings na vorige Argiefreglemente in die Sinode se Kerkorde te wysig na die spesifieke nommer van die vier reglemente.

5. PERSONEEL

2.3.1 ABID se agt personeellede is sedert 01.06.2006 vir diens by die Algemene Sinode oorgeplaas.

2.3.2 ABID is bevoorreg om kundige personeel met baie jare se ervaring te hê: Direkteur-Argivaris: Dr Johan Froneman (sedert 1994); Assistent-direkteur: Mev Dienkie Froneman (sedert 1995); Hoof-Argivaris: Mev Marlene Schoeman (Termynpos vanaf 01.11.2006 tot 06.04.2013); Senior Argivaris: Mev Alta Vrey (sedert 2004); Argivaris: Susan Marais (sedert 1983); Twee Argiefbeamptes: Angeline Brooks (sedert 1998) en Marsha Conning (Sedert 2004) en die Algemene Diens-werker: Julia Daniels (sedert 2006).

2.3.3 ABID het op 31 Julie 2006 van mnr Patrick van Wyck afskeid geneem wat in 1988 as ’n argiefbeampte by die Kaapse Kerkargief begin werk het. Met sy bedanking in 2006, was hy die Hoof-Argivaris.

2.3.4 Met die eenwording van die Kaapse en die Transvaalse Kerkargiewe op 01.11.2004 het dr Johan Froneman die Direkteur-Argivaris geword. Dr Ben du Toit het sy 50% pos as Argivaris (Kaapse Argief) verruil vir ’n 50% pos by die Algemene Sinode as Parlementêre verteenwoordiger. ABID is groot dank verskuldig aan al die personeel veral vir die reuse werk rondom die oprig van die nuwe argiefgebou, die trek na die nuwe gebou op die terrein van die Kweekskool te Stellenbosch, die integrering van die twee Kerkargiewe en die voortgesette goeie diens aan so ’n groot deel van die NG Kerk.

**DIREKTEUR-ARGIVARIS
VERTEENWOORDIGER
DR JOHAN FRONEMAN**

GKABID

DS GIDEON DU TOIT

AFKORTINGS

ASM Algemene Sinode Moderamen

ABID Argief en Bestuursinligtingsdiens. Dit verwys na die Argief. ABID word dus in die plek van “Argief” gebruik, aangesien ABID veel meer as ’n bewaarplek is.

ATABID Algemene Taakspan Argief en Bestuursinligtingsdienste.

DISA Digital Imaging South Africa

GISA Genealogiese Instituut van Suid-Afrika

GSU Genealogical Society of Utha, Salt Lake City

SKA Sinodale Kommissie vir die Argief

SKABID Sinodale Kommissie vir Argief en Bestuursinligtingsdienste

BYLAAG B : KURATORIUM UNIV VAN PRETORIA

VERSLAG VAN DIE KURATORIUM AAN DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL

Okt 2007

Die Kuratorium doen graag oor die volgende sake verslag:

1 Dosente

Die kerklike dosente is tans: Proff CJA Vos (Dekaan en Departement Praktiese Teologie), JC Muller (Voorsitter NG Dosenteraad en Departementshoof Praktiese Teologie) DJ Human (Ou Testament), JG Van der Watt (Departementshoof Nuwe Testament), GJ Steyn (Nuwe Testament), CJ Wethmar (Departementshoof Dogmatiek en Christelike Etiek), DE de Villiers (Dogmatiek en Christelike Etiek), DJ Veldsman (Dogmatiek en Christelike Etiek), dr CJP Niemandt (Departement Godsdienst en Sendingwetenskap). Hierbenewens is dr Alphonso Groenwald (lidmaat van die NG Kerk) deur UP aangestel in die Departement Ou Testament.

Die volgende wysigings het dus die afgelope jaar in werking getree:

Prof PGJ Meiring het aan die einde van 2006 afgetree en prof JW Hofmeyr aan die einde van Junie 2007.

In prof Meiring se plek is dr. CJP Niemandt beroep. Hoewel prof Conrad Wethmar eers in 2008 aftree het die Universiteit goedgunstig ingewillig dat iemand solank op hulle volledige koste voortydig in hierdie kerklike pos benoem word. Dr DJ Veldsman is in die pos benoem.

Die pos in die Departement Kerkreg en Kerkgeskiedenis sal DV met ingang 1 Jan 2008 gevul word.

Dr Attie van Niekerk word op tydelike basis betrek by die Departement Godsdienst en Sendingwetenskap.

2 Studentegetalle

Die Kuratorium is steeds dankbaar vir die groei in studentegetalle. Die afgelope 4 jaar was daar van die NG Kerk konstant minstens 30 nuwe eerstejaars (vanjaar het dit aan die 50 geraak).

Die groei in studentegetalle is nodig om die verwagte tekort aan predikante die volgende paar jaar teen te werk. Dit is egter ook duidelik dat daar ernstige oorweging geskenk moet word om die groter getal studente finansiële hulp te help.

3 Uitdagings vir Teologiese Opleiding

Dit was vir die Kuratorium 'n moeilike tyd gewees. 'n Sekere dokument is in Junie 2005 deur 'n teologiese student versprei wat die indruk gewek het dat dit deur 46 mede-studente onderteken is. Die Kuratorium het uiteindelik geen ander keuse

gehad as om die saak disiplinêr teen student Ferdie Mulder te hanteer nie. Op sy versoek is regsverteenvoordinging toegelaat. Die uiteinde van die saak was dat student Mulder in Maart 2006 aan oneerlikheid skuldig bevind is.

Die Universiteit van Pretoria het daarna 'n eie tugszaak gemaak teen die student oor sy optrede teen drie dosente. Hy is aan die aanklagte skuldig bevind. Hy is wel toegelaat om sy bestaande graad te voltooi maar mag nooit weer by die Fakulteit Teologie vir 'n graad inskryf nie.

Die Kuratorium het ook reeds in 2005 gemeentes, lidmate en studente versoek om bepaalde sake wat tot ongelukkigheid kon aanleiding gee, onder die aandag van die Kuratorium te bring. Vanweë hierdie uitnodiging wat gerig is het sommige die geleentheid benut om bepaalde klagtes teen dosente te lê. Gevolglik het die Kuratorium geen ander keuse gehad as om die sake rakende drie dosente na die onderskeie ringe vir ondersoek te verwys nie. Die saak van prof Dirk Human is na die Ring van Pretoria-Faerie Glen verwys en die van proff. Jurie le Roux en Julian Muller na die Ring van Pretoria-Oos. In al drie gevalle is die dosente onskuldig aan leerdwaling bevind. (Uitslae van die Ringsondersoeke is op die Internet geplaas en wyd uitgestuur).

Die Kuratorium het vertrou dat die kerklike prosesse deeglik hanteer is.

Sedert 2005 is daar voortdurend gesprek gevoer met die dosente oor die belydenis van die kerk en hulle verbintenis aan Jesus Christus.

Dit is bitter jammer dat oor so 'n belangrike saak soos die opstanding en lewe van Jesus Christus dit 'n geskilpunt in die kerk geword het. Dit word verder geïllustreer deur die DVD wat onlangs die kerk ingestuur is (Die DVD dra die titel: ‘*“nuwe” strominge in die teologie*’ en word deur 'n onbekende “Projek-Komitee” en WTL Multimedia van Florida Hills versprei. Die e-pos adres word aangedui as sarelwtl@telkomsa.net) Die Kuratorium is besig om die inhoud na te gaan en sal ter vergadering meer inligting gee.

Die uitdaging wat aan die kerk en die teologie gerig word is om steeds Bybelgetrou besig te wees. Helderheid is nodig oor hoe die gesag van die Bybel vandag verstaan moet word.

4 Beplanning

Die Algemene Sinode het belangrike besluite oor die opleiding van predikante geneem soos duidelik blyk uit die A - Z beleid aangaande predikante. In die geheel is

dit belangrik om te let op al die positiewe aspekte soos die nouer verbondenheid tussen die tuisgemeente en die Kuratorium.

Dit is egter bitter jammer dat nuwe strukturering van teologiese grade nasionale vlak nog nie in 'n finale stadium is nie. Die voetesleep oor hierdie situasie rus nie by die Kuratorium, die Fakulteit of die Universiteit nie. In hierdie verband is dit belangrik om daarop te wys dat die kwessie op nasionale vlak sloer.

5 Bosberaad

As deel van die beplanning met die oog op die toekoms rakende teologiese opleiding is daar ook gesprek gevoer met die Gesamentlike Sinodale Kommissie van die vier Transvaalse Sinodes. Dit is immers hierdie sinodes wat ten nouste gemoeid is met die teologiese opleiding.

Verder word daar 'n groot konferensie oor teologiese opleiding beplan vir 14 Augustus vir alle belanghebbendes. Die uitvloeisel hiervan sal aan die sinode verstrek word.

6 Verteenwoordigers: Kuratorium en Proponentseksamenkommissie.

Die Sinode word versoek om sy verteenwoordigers vir die volgende vier jaar op die Kuratorium te benoem. Hierbenewens word die Sinode ook versoek om aanbevelings te maak ten opsigte van persone wat geskik is om op die Proponentseksamenkommissie te kan dien (die Kuratorium stel die Proponentseksamenkommissie saam uit name voorgelê deur die vier sinodes Noord van die Vaalrivier).

JJ Gerber
PR du Toit

STREEKVERSLAG : WESRAND

VERSLAG VAN DIE WESRAND STREEK AAN DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL IN SITTING TE HELIKONPARK VANAF 11 TOT 13 OKTOBER 2007

Geagte Voorsitter,

Aan die einde van 'n termyn van vier jaar gee ek graag aan die Sinode terugvoering en verband met die aktiwiteite van die Wesrand-Streek vir die termyn. Ek glo dat die streek in dié tyd 'n eie identiteit en 'n eie werkswyse ontwikkel het. Die volgende streeksbyeenkomste is gedurende die termyn in die streek gehou:

- 2003 Familiesaamtrek ter viering en bevestiging van ons eenheid
- 2004 Werkswinkel onder leiding van Prof Jurgens Hendriks en Dr Frederick Marais: *Die Funkzionering van die Kerk binne 'n nuwe konteks.*
- 2005 Werkswinkel vir leraars onder leiding van Prof Piet Naudé (*Roeping en Spiritualiteit*) en Dr Braam Hanekom (*Leierskap*).
- 2006 Werkswinkel vir die leierskap binne gemeentes deur Prof Malan

Nel: *Gemeentes wat 'n verskil maak aan die Wesrand.*

Tydens al bogenoemde byeenkomste is deurgaans aandag gegee aan die voortdurend veranderende konteks waarbinne die meerderheid van gemeentes binne die streek moet funksioneer.

Uit 'n evaluering wat in 2006 gedoen is, het leraars binne die streek aangedui dat daar 'n behoefte is vir praktiese hulp aan en vir die begeleiding van gemeentes met die oog op die herstel van die Missionêre karakter van die kerk. Die streeksleierskap het hierdie behoefte opgevolg en gesprekke is gevoer met Prof Nel, Kingfisher die SA Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes. Voortvloeiend hieruit het twee groepe gemeentes in die Streek hulleself verbind tot 'n proses oor die volgende drie na vyf jaar om die kultuurskuif vanaf instandhouding na gestuurdheid te maak. Een groep gemeentes het besluit op 'n proses in samewerking met Kingfisher. 'n Ander groep het in samewerking met die SA Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes 'n "cluster" vir die Wesrand gevorm. Indien hierdie inisiatiewe opgevolg en uitgebou kan word, glo ek dat die Wesrandstreek in die toekoms waarde kan toevoeg tot die bediening van al die gemeentes in die streek. Ons droom is dat daar in ons streek steeds meer gemeentes tot stand sal kom wat as model en inspirasie vir ander gemeentes kan dien sodat ons mekaar kan help om die uitdaginge van 'n nuwe tyd te ontmoet.

Aan die einde van 'n eerste termyn glo ek dat dit nodig is om die funksionering van die Streek behoorlik te evalueer en om, indien nodig, sekere strukturele aanpassings te maak. Ek noem graag enkele aspekte wat na my mening in so 'n proses aandag behoort te kry:

1. Die **verband tussen Sinode, Sinodale Kommissies, Streek en Ringe** behoort beter deurdink en uitgeklaar word. Dit is my gevoel dat die huidige struktuur te groot is en meer vaartbelyn gemaak behoort te word. Een moontlikheid sou kon wees om weg te doen met óf Ringe óf Streek en sodoende onnodige duplisering uit te skakel. 'n Tweede moontlikheid sou kon

wees om weg te doen met Sinodale Kommissies en al die werksaamhede van die Sinode via die Streke en Ringe te doen.

2. Die aanwysing van **leierskap binne die Streke** behoort ook aandag te geniet. Dit maak nie sin om die Streeksleierskap saam te stel uit verteenwoordigers van Sinodale Kommissies nie. Indien Ringe en Streke steeds langs mekaar bly bestaan, sou dit veel beter wees om die leiers uit die onderskeie Ringe by die leierskap van die Streek te betrek.
3. Indien streke in die toekoms 'n groter rol in die Sinode wil speel, sal dit ook nodig wees om die streke **beter in die Sinodale Struktuur te integreer**. Die streke funksioneer tans los van die

res van die Sinodale struktuur en beskik dus nie oor die nodige

hulpbronne om werklik 'n verskil in die lewe van gemeentes te maak nie.

Ek glo dat, indien bogenoemde kwelpunte uitgestryk kan word, Streke in die toekoms 'n positiewe bydrae kan lewer om gemeentes te bemagtig om hulle roeping uit te leef.

Die Sinode word 'n aangename sitting toegebied.

Gert Cordier
Streeksleier

STREEKVERSLAG : PLATTELAND

VERSLAG OOR DIE STREEK PLATTELAND VIR VOORLEGGING AAN DIE SINODE VAN WES TRANSVAAL 2007.

Die streek het 'n redelik rustige jaar belewe. Ons het 'n ontmoeting gereël met dr. Coenie Burger sodat hy ons kon inlig oor die stand van kerkvereniging en waar ons ook die geleentheid geskep het vir die lidmate van die Streek om hulle insette te lewer.

Verder het die voorsitter en skriba nuwe leraarsgesinne besoek en ook besoeke afgelê waar daar ernstige siektes was. Die gesin van ds. Strumpher is ondersteun tydens en na sy dood en die voorsitter het die Streek by die begrafnis verteenwoordig.

Die Streek het ook hulle jaarlikse byeenkoms gehad op 1 September 2007. By daardie geleentheid is die volgende beskrywingspunt opgestel. Die Streek besef dat hulle kerkregtelik nie enige inspraak in die Sinode het nie, en het derhalwe die Ring van Delareyville versoek om dit oor te neem. Die beskrywingspunt lui as volg:

BESKRYWINGSPUNT: SAMESTELLING VAN SINODE, STREKE EN RINGE

Die Sinode wys 'n ad hoc kommissie aan om die samestelling, werksaamhede en verantwoordelikhede van die Sinode, Streke en Ringe en hulle kommissies te ondersoek en na 'n deeglike studie met 'n aanbeveling daarvoor te kom na die volgende sitting van die Sinode van Wes Transvaal. Daar moet spesiaal ingegaan word op die werk wat die Sinode en Algemene Sinode doen wat goedskiks deur bemaagtigde Ringe gedoen kan word. In die proses moet die Kerkorde van die NG Kerk deeglik in ag geneem word en gewysig word waar nodig.

Vriendelike groete,

WJ vd Merwe
Skr. Streek

STREEKVERSLAG : VAALDRIEHOEK

VERSLAG VAN DIE VAALDRIEHOEKSTREEK AAN DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL

Liewe medewerkers en deelgenote aan die onskatbare rykdom van God, ek lewer as volg verslag:

Ek aanvaar dat die rede agter die stigting van die onderskeie streke in die Sinodale gebied, gemotiveer was deur 'n behoefte aan groter onderlinge samewerking, desentralisasie van werksaamhede en nouer plaaslike kontak tussen gemeentes en kollegas. Dié ideal is duidelik uiteengesit en verduidelik en die ontwikkeling van die stelsel is deur die Sinodale leiers gemonitor en met broederlikheid begelei.

Die vraag is nou net of die Streke wel so gefunksioneer het. Ek kan alleen maar verslag lewer van die Vaaldriehoek se Streek.

Die eerste byeenkoms is met groot entoesiasme en verwagting aangepak, maar van die besluite wat daar geneem is het nie baie gekom nie. Alhoewel daar jaarliks gepoog is om leiers vanoor die hele spektrum van ouderdom/jare diens, uit die streek te betrek met die beplanning van Streeksbyeenkomste, het dit geblyk dat diegene met die meeste kritiek en selfs revolusionêre idees, afwesig was by die verdere beplanning of finale byeenkomste.

Dit het soms geblyk dat individualisme 'n groot rol speel daarin dat leraars en hul gemeentes voel dat hulle nie ander nodig het vir kerkwees nie.

Die 4 streeksbyeenkomste wat gehou is, was verder deeglik voorberei en die aard daarvan is ook afgewissel, in terme van plek, onderwerpe, aanbieders/rolspelers, deelname van gemeentes, ens en daar was baie positiewe reaksie op al die byeenkomste. By die jongste byeenkoms was dr Kobus Gerber van die Algemene Sinode die spreker oor die Rol van die NG Kerk in vandag se konteks, wat baie gunstig deur die afgevaardigdes ontvang is. Ten spyte van die positiewe reaksies, was daar maar 'n bywoning van kwalik 50% van die gemeentes die laaste drie keer,

1. My groot dank aan die skriba van die Streek, ds Bok J v Rensburg vir sy ywer en deeglike werk aan notules en reëling van vergaderings. So ook aan die leiers wat volhardend en geduldig saam bly beplan het. Ook aan die Leraars en gemeentes wat getrou die byeenkomste bly ondersteun het.
2. Ek moet ook, omdat ek gevra is, kommentaar lewer daarop of die verdeling in Streke 'n positiewe ontwikkeling was wat meer effektiewe bediening en kerkwees bevorder het: 'n Groep leraars (maklik 50%) mag nie so dink nie, maar vir ander was dit 'n noodsaaklike oefening in onderlinge koinonia en 'n vertoning van die eenheid van die liggaan van Christus. Daar is nie genoeg rede om die funksionering in Streke nou af te skaf nie, maar eerder rede om gemeentes en leraars te motiveer om die funksionering daarvan te móét laat werk!
3. My dank aan die Sinodale Bestuur wat deur hierdie stelsel ook groter verteenwoordiging gebied het aan Streke in prosesse waar aan beplanning en kommunikasie meegewerk kon word.
4. Dank ook aan almal wat my vertrou het as leier en vir hul lojale Ondersteuning.

Johan Scott

STREEKVERSLAG : POTCH-KOSH

VERSLAG VAN DIE POTCH-KOSH STREEK AAN DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL

VOORSITTER, BROERS EN SUSTERS

Hiermee lewer ons bondig verslag van die werksaamhede van die Potch-Kosh streek en sluit ook 'n evaluering in. 'n Inkomste -en -Uitgawestaat en 'n lys van sinodale verteenwoordigers word as bylae aangeheg.

1 VERSLAG VAN WERKSAAMHEDE

Die streek het gedurende die verslagjaar eenkeer vergader. By die geleentheid het Peter Malan die konsep 'missionale gemeente' aan die orde gestel en die moontlikhede van Kingfisher as instrument van gemeentelike mobilisasie voorgelê. Voortvloeiend hieruit het 'n aantal gemeentes hulle verbind tot die genoemde proses van gemeente-mobilisasie. 'n Aantal gemeentes uit ons streek (gemeentes uit die twee ringe van Potchefstroom) het hulle egter reeds vroeër tot die proses verbind en was dus om verstaanbare redes nie deel van die streeksbyeenkoms nie.

Oor die algemeen geoordeel was die deelname aan die byeenkomste hartlik en spontaan hoewel die bywoningsyfer (gereken oor die afgelope drie jaar) konstant gedaal het. Dit sou sekerlik nie aan onbetrokkenheid en gebrek aan belangstelling te wyte wees nie, eerder aan oorvol programme en 'tematiese duplisering'. Wat die onderlinge hulp tussen gemeentes betref- dit het nie net by mooi voornemens gebly nie. Die aangehegte staat van Inkomste en Uitgawes reflekteer die toedrag van sake in dié verband.

2 EVALUERING

Die gedagte rondom die groepering van Ringe tot vier streke in die Sinode, dateer uit dié tyd toe die Sinode na praktiese en konkrete gestaltegewing van die *familie-metafoor* gestreef het. In dié tyd het die Sinode vierjaarliks vergader. Teen hierdie agtergrond sou die streeksbyeenkomste die moontlikheid kon bied vir groter aktualiteit en kontinuïteit. Intussen het die agtergrond verander en vergader die sinode jaarliks. Dit het blykbaar tot gevolg dat daar nie meer 'n dringende behoefte bestaan aan 'n 'oorbruggingsfasiliteit' soos wat ons in die streeksbyeenkomste wou daarstel nie. In hierdie verband moet ook vermeld word dat die Potchefstroom-Ringe 'n goed-ontwikkelde reëling ten opsigte van die broederkringbyeenkomste het wat ruimte skep vir deurlopende kontak.

In die lig hiervan is die dagbestuur van die Potch-Kosh-streek van oordeel dat die streeksgroepering heroorweeg behoort te word. Dit hoef nie te beteken dat die *ad hoc* funksionering van streke daarmee uitgesluit is nie. In die geval van die Potch-Kosh-gebied sou die Ondersteuningsfonds goedsikks voortgesit kon word.

Wat die verteenwoordiging van lede uit ons gebied op taakspanne van die Sinode betref, u het in Bylaag 2 'n aanduiding van die huidige stand van sake.

KOMMISSIEVERSLAG : GEMEENTEBEDIENING

VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR GEMEENTEBEDIENING AAN DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL – 11-13 OKTOBER 2007

Die SKG bedien die sinode graag van die volgende verslag ten opsigte van sy werksaamhede en dienste aan gemeentes:

- Gemeentefasilitering
- Gemeente-ontwikkeling
- Hulpbronne
- Dagbestuur

1. Gemeentefasilitering

1.1 Dienste aan gemeentes

Enkele gemeentes het die afgelope jaar met vrug van die fasiliteringspan gebruik gemaak.

1.2 Handleiding vir fasilitering

Die voorneme om die *Handleiding vir Fasilitering* van Wes-Kaap aan te koop @ R 10 000,00 kon nie realiseer nie. Daar kon nie met die kundige wat 'n dagkursus sou aanbied oor die handleiding 'n datum gefinaliseer word nie en word oorgedra na die volgende SKG. Dr Theo Marais en Ds Frik Smith is verantwoordelik vir die koördinerings van die fasiliteringsdienste.

Gemeentes word weereens genooi om van die fasiliteringsdiens gebruik te maak.

2. Gemeente-ontwikkeling

2.1 RSA Predikantetoer

In die lig van die Algemene Sinode is besluit om nie die beoogde predikantetoer in samewerking met Dr Frederik Marais en BUVTON vanjaar te laat plaasvind nie, maar dat dit in 2008 onderneem sal word.

2.2 Vraelys – Sinode 2006

Die vraelys wat tydens die sinodesitting van 2006 uitgedeel is ten einde te bepaal wat die behoeftes van gemeentes is ten opsigte van fasilitering/ gemeentekonsultasie en netwerke tussen gemeentes, is verwerk en word hierby aangeheg.

In die lig van die terugvoering is dit duidelik dat die meeste gemeentes op 'n groot verskeidenheid wyses eksperimenteer om relevant te wees en lewensvatbaar te bly. Die meeste gemeentes ervaar verandering op verskillende terreine wat 'n impak op die stabiliteit in gemeentes het. SKG oordeel dat die belangrikste saak wat aandag behoort te kry hulp aan gemeentes is om **verandering in hulle besonder konteks te kan hanteer,**

aangesien daar nie pasklaar oplossings en modelle is vir ons huidige situasie nie. Gemeentes behoort bewusgemaak te word van die proses en dinamika van verandering wat op 'n breë vlak in die kerk en die samelewing aan die gang is. Hierdie saak behoort in die volgende termyn die aandag van SKG te geniet.

'n Ander sterk behoefte is leiding en bystand aan die kleiner wordende gemeentes, veral op die platteland waar grondeise 'n belangrike faktor is. Hierdie behoefte is onder die aandag van die SBK gebring en moet in samewerking met al die ander kommissies aangespreek word.

2.3 Funksionering van Ringe

SKG het opdrag van die SBK ontvang om die funksionering van Ringe en Ringsittings te ondersoek en aanbevelings te doen hoe om dit meer effektief te laat werk. In die lig van die omvang van die studie word die saak verwys na die volgende SKG.

4. HULPBRONNE

4.1 Gemeentedienste Netwerk (GDN)

GDN is 'n omvattende een-stop-toegangspunt tot bedieningshulp vir gemeentes, wat teologies verantwoord, navorsingsgebaseerd en prakties is. Al die instansies van die NG Kerk – wat dienste aan gemeentes lewer – is by die netwerk ingeskakel.

Jy kan die diens benut deur:

- Die tydskrif Kruisgewys. Dit bevat artikels en dienste wat deur die vennote in die netwerk gelewer word. Alle artikels van Kruisgewys oor die afgelope drie jaar is ook Acrobat (pdf) formaat op die webtuiste beskikbaar: <http://www.gemeentes.co.za>
- Van die hele netwerk van dienslewers in die NG Kerk wat op die webtuiste bemark word: konsultasie, publikasie, konferensies, kursusse, werksinkels ens.
- Persoonlik deur GDN begelei te word na die diens wat jou gemeente die beste pas. Skakel die oproepsentrum 0861gemeentes (0861 436 336 of 5836438) weksdae tussen 09:00-13:00.
- Die Seisoen van Luister se uitgebreide bronnelys

4.2 Excelsus en Sentrum vir Kontekstuele Bediening (SKB)

Excelsus is by die vorige sinode van Wes-Transvaal en tydens die Predikantekonferensie verlede jaar aan u bekendgestel. Lewenslange leer word meermale die sleutel tot goeie leierskap genoem. In die gemeente soveel meer. Dissipels leef, want hulle leer, want hulle luister...! Excelsus en die Sentrum vir Kontekstuele bediening (Fakuteit Teologie, UP) word geestelike leiers begelei om met “die genadegawe wat God gegee het” te strewe na uitnemendheid in die bediening. Wie leef, leer. Wie leer, leef.

Jy kan die diens benut deur:

- Van die talle kursusgeleenthede wat op jou gemeente se behoefte gerig is by te woon.
- Die prestige geleentheid van Excelsus by te woon – 'n lentekonferensie met die tema Lente in die Bediening en Teologie word van 25-28 September by Universiteitsoord aangebied.
- Meer inligting te bekom van Excelsus deur die volgende kontaknommers:
Administrasie - Rita Joubert
Tel. (012) 420 2015 Faks: (012) 4202016 Epos: sbo.excelsus@up.ac.za
Kursusinligting – Prof Malan Nel
Tel: (012) 420 2892 Epos: malan.nel@up.ac.za

4.3 Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling (ADGO)

Van die vernaamste prioriteite is onder andere die bediening van die jeug, erediens en liturgie, alles ivm predikante, evangelisasie, gemeente-ontwikkeling en toerusting van lidmate.

Jy kan die diens benut deur:

- Gebruik te maak van al die publikasies wat ADGO vrystel met die oog op gemeentes se groei.
- Gebruik te maak van die artikels wat in elke Kerkbode verskyn
- Kontak te maak met die ADGO-span om jou van inligting te voorsien oor maontlike materiaal wat jy nodig het vir jou gemeente, asook wat ADGO besig is om te ontwikkel, bv. jeugmateriaal, nuwe liedere, middestadbediening, nuwe gemeente-ontwikkeling, ens.

Voorsitter: Dr Braam Hanekom

Epos: gemeenteontw@ngkerk.org.za

4.4 TEO Nuusbrief

Weeklikse vars nuus die Fakulteit Teologie Pretoria.

Jy kan die diens benut deur:

- In te skryf op die nuusbrief – teo.co.za
- Op hoogte te bly met die teologie deur interessante artikels
- Van die inligting te gebruik in die maak van preke

4.5 Webwerwe

Die volgende webwerwe kan jou al die inligting besorg oor wat gebeur in die Ng Kerk.

Algemene Sinode: www.ngkerk.org.za

GDN: www.gemeentes.co.za

5. DAGBESTUUR

Leier: Ds F J Smith

Erediens: Dr J W Saunderson

Gemeentefasilitering: Dr T W Marais

Gemeentekonsultasie: Dr F P J Knouws en Ds R J du Plooy

Evangelisasie: Dr C H Booy

STREEKSVERTEENWOORDIGERS:

Platteland: Dr C H Booy

Potch-Kosh: Ds R J du Plooy

Vaaldriehoek: Dr F P J Knouwds

Wes-Rand: Dr T W Marais

F J Smith

FJ SMITH

Data uit die SKG vraelys oor fasilitering

'n Totaal van 207 vraelyste oor fasilitering is teruggekry. Sommige persone het nie die vrae volledig ingevul nie. Hulle sal bv. nie invul wat die aantal lidmate in die gemeente is nie. Die gegewens van die voltooide vraelyste het die volgende opgelewer:

Wat die tipe gemeentes aanbetref, lê die verspreiding van vraelyste wat ingekom het as volg:

- ✓ 27.69% uit plattelandse gemeentes
- ✓ 52.82% uit voorstedelike gemeentes
- ✓ 19.49% uit stadsgemeentes

Wat die aantal lidmate van gemeentes aanbetref, lê die verspreiding van vraelyste wat ingekom het as volg:

- ✓ 21.7% van vraelyste uit gemeentes aangedui as 500 en kleiner
- ✓ 49.8% van vraelyste uit gemeentes aangedui as tussen 500 en 1500
- ✓ 25.2% van vraelyste uit gemeentes aangedui as bo 1500
- ✓ 3,3% het geen aanduiding gegee nie

Wat die aantal leraars in die gemeente betref, lê die verspreiding van vraelyste wat teruggekrom het as volg:

- ✓ 46.6% uit gemeentes met een leraar
- ✓ 31.1% uit gemeentes met 2 leraars
- ✓ 19.4 % uit gemeentes met meer as 2 leraars
- ✓ 2.9% het geen aanduiding gegee nie

Wat die doel van fasilitering aanbetref, het die volgende geblyk:

- ✓ verskeie persone het (Anders as die versoek) meer as een opsie gemerk, met die gevolg dat uit 207 vraelyste wat ontvang is 'n totaal van 218 reaksies verkry is. Uit hierdie reaksies het geblyk dat persone wat die vraelyste voltooi het die doel van fasilitering as volg sien:
- ✓ 16.51% om 'n oor te bied vir gemeentes wat oor hulle huidige situasie wil gesels
- ✓ 34.4% om gemeentes te help om effektiewe, strategiese beplanning vir die toekoms te doen;
- ✓ 29.82% om gemeentes te help met die ontwikkeling van die gemeente en van sisteme in die gemeente;
- ✓ 19.27% om gemeentes te help om spesifieke probleme/krisisse (wat in die gemeente bestaan) op te los

Wat gemeentes se behoefte aan hulp van buite betref, het die volgende geblyk:

- ✓ die meerderheid vraelyste (58.46%) het aangedui dat dit nuttig kan wees indien iemand van buite sommige prosesse kan fasiliteer – MAAR dat hulle dit nie as noodsaaklik beskou vir die besondere gemeentes nie
- ✓ 'n verdere 28.72% het aangedui dat die leraar beskou word as iemand wat bekwaam genoeg is om alle prosesse te fasiliteer;

- ✓ slegs 38 vraelyste het aangedui dat dit dring/noodsaaklik is dat iemand van buite hulp moet verleen met een of meer prosesse (12 x platteland; 18 x voorstedelik; 7 x stad; 1 x geen aanduiding)

Wat sake aanbetref waarvoor hulp van buite nodig blyk, het die volgende geblyk:

- ✓ 56% van die vraelyste het aangedui dat daar geen hulp van buite nodig word met strategiese beplanning, ontwikkeling of spanning/konflik nie
 - ✓ 31 vraelyste dui aan dat hulp met strategiese beplanning nodig is (10 x platteland; 15 x voorstedelik; 3 x stad; 3 x geen aanduiding)
 - ✓ 44 vraelyste dui aan dat hulp met die ontwikkeling van die gemeente en van sisteme in die gemeente nodig is (15 x platteland; 23 x voorstedelik; 3 x stad; 2 x geen)
- 18 vraelyste dui aan dat hulp nodig is met die ontlooting van spanning/konflik in die gemeente (6 x platteland; 10 x voorstedelik; 2 x stad)

Die navraag oor spanning/konflik in die gemeente het aangedui

- ✓ dat dit in die oorgrote meerderheid van gemeentes goed gaan. 80% van gemeentes het aangedui dat daar nie enige konflik binne die gemeente, tussen leraars, tussen leraar en gemeente, tussen leraar en kerkrad of tussen groepe in die gemeente bestaan nie.
- ✓ 26 vraelyste het aangedui dat daar partykappe in die gemeente bestaan (10 x platteland; 10 x voorstedelik; 4 x stad; 2 x geen aanduiding)
- ✓ 3 vraelyste het aangedui dat daar spanning tussen die leraar en die kerkrad bestaan (3x voorstedelik)
- ✓ 4 het aangedui dat daar spanning tussen die leraar en die gemeente bestaan (1 x platteland; 3 x voorstedelik)
- ✓ 5 het aangedui dat daar spanning tussen leraars bestaan (1 x platteland; 3 x voorstedelik; 1 x stad)

Gemeentes het verskillende sake aangedui waaroor hulle tans voel dat hulle hulp nodig het. Ek het die inligting wat deurgegee is onder rubrieke verdeel

1. Die bediening aan/hantering van verskillende ouderdomsgroepe in die gemeente
 - ✓ Hoe om verskillende ouderdomsgroepe gelyktydig in een byeenkoms te hanteer
 - ✓ Jeugbediening
2. Die struktuur van die NG Kerk
 - ✓ Die effek van sinode se besluiteloosheid op gemeentes
 - ✓ Aard en hantering van die "gesag" van die ring en sinode
 - ✓ Spanning tussen sinodes en gemeentes identifiseer en hanteer
 - ✓ Funksionering van die ring en onderlinge vertrouwe
3. Algemene behoeftes rondom die gemeenteweese
 - ✓ Bemarking van 'n gemeente
 - ✓ Bediening in 'n gemeente
 - ✓ Stagnasie voorkom en nuwe ontwikkeling stimuleer
 - ✓ Leierskapsontwikkeling
 - ✓ Opleiding = beide van leiers en lidmate
 - ✓ Motivering van leiers
 - ✓ Om van beplanning na praxis te beweeg
 - ✓ Reëlins vir gemeentelike basaar
 - ✓ Organisasiestrukture (met leraar as leier) in gemeente
 - ✓ Hulp om prosesse van verandering te bestuur
 - ✓ Sendingbetrokkenheid
4. Spesifieke behoeftes rondom die aard van gemeente/s
 - ✓ 'n Bedieningsmodel vir plattelandse gemeentes
 - ✓ Roeping en identiteit van 'n spesifieke gemeente
 - ✓ Riglyne vir/hulp met leier-leraar situasie in gemeente
 - ✓ Proaktiewe strategiese posisionering van gemeente in haar konteks en geprojekteerde konteks
 - ✓ Oorskakeling van vol leraarspos na halwe pos en hoe om effektiewe bediening te behou
 - ✓ Samesmelting van 2 gemeentes
 - ✓ Ontwikkeling van selgroepe
5. Behoeftes rondom lidmate in gemeentes

- ✓ Mobilisering/aktivering van lidmate in gemeente
 - ✓ Funksie van geloof in jou lewe
 - ✓ Slagoffers van misdaad bystaan
 - ✓ Gebroke gesinne help
 - ✓ Identifikasie van geleenthede vir bediening/diens = bediening wat verskil maak
 - ✓ Bestuur van vergaderings
6. Behoeftes rondom leraars
- ✓ Bemagtiging om as fasiliteerders op te tree
 - ✓ Aanpassing by vormverouderde gemeente en gemeenskapsprofiel
7. Fasilitering
- ✓ Om fasiliteerder meer effektief toe te rus dat pynlike ervaring rondom fasilitering verminder

Die volgende het uit bogenoemde opgekom:

- ✓ Behoefte aan bou van gemeente en gemeentelike strukture is sterkste behoefte. Wat is hierdie behoefte? En watter implikasie het dit vir die funksies van die SKG?
- ✓ Dit lyk asof gemeentes behoeftes beleef wat nie duidelik gedefinieer word nie. Is dit so? En op watter maniere kan behoeftes beter gedefinieer word? Is dit nie dalk nodig om gemeentes wat behoefte aan fasilitering aangedui het te identifiseer en 'n verdere (in meer detail) behoeftebepaling by hulle te doen deur middel van persoonlike gesprekke nie?
- ✓ Hoe kan meerderheid gemeentes wat elk net een leraar het met mekaar netwerk om meer effektiewe opleiding/toerusting in gemeentes te laat gebeur?
- ✓ Gemeentes se keuse vir die doel van fasilitering lyk baie diffuus. Is dit dalk omdat dienste nie duidelik genoeg bemark word nie? Of ons eie fokus dalk nie duidelik genoeg is dat ons dit so deurgee nie?
- ✓ Slegs 20% van gemeentes dui een of ander vorm van spanning in die gemeente aan. Regverdig dit fokus daarop? Of moet aparte groep geskep word om net met konflikhantering te werk terwyl fasilitering eerder die ander sake probeer aanspreek.
- ✓ Is fasilitering die enigste oplossing vir die huidige behoeftes? Of moet alternatiewe gesoek word om die gesproke behoeftes aan te spreek?

Data uit die SKG vraelys oor netwerke

'n Totaal van 92 vraelyste oor die skep van netwerke is teruggekry. Die gegewens van die voltooide vraelyste het die volgende opgelewer:

1. Wat die tipe gemeentes aanbetref, lê die verspreiding van vraelyste wat ingekom het as volg:

- ✓ 23.9% uit plattelandse gemeentes
- ✓ 51% uit voorstedelike gemeentes
- ✓ 25.1% uit stadsgemeentes

2. Die volgende gemeentes het aangedui dat hulle op deurlopende basis gebruik maak van die volgende organisasies/ instansies se materiaal/bronne:

- ✓ 4 x Genootskap vir gestuurde gemeentes = Constantiakruin, Ottosdal, Wilgespruit en Westonaria-Oos
- ✓ 34 x Getroue getuies = Ottosdal, Wilgespruit, Zeerust, Meyerton-Oos, Meyertonprak, Kloofendal, Historia, Stilfontein, Sederpark, Muldersdrift, Christiana, Bloemhof-Oos, Migdol, Roodekrans, Sonlandpark, Klerksdorp-Noord, Meyerton-Suid, Vanderbijlpark, Vanderbijlpark-Wes, Drie-Riviere, Suiderlig, Randfontein-Wes, Culembecck, Middelvlei, Schweizer-Noord, Fochville-Noord, Swartruggens, Harbeesfontein, Bospoort, Mindalore, Vaalrivier, Randpoort, Klerksdorp-Oos
- ✓ 16 x Natural church development = Driehoek, Lichtenburg, Quellerina, Wilgespruit, Meyerton-Oos, Kloofendal, Vanderbijlpark, Meyerton-Suid, Drie Riviere-Oos, Arconpark, Vanderbijlpark-Wes, Horison-Noord, Schweizer-Noord, Fochville-Noord, Potch-Noord, PUK Kandelaar,
- ✓ 18 x Kingfisher = Historia, Magaliesburg, Lichtenburg, Kollegepark, Meyerton-Oos, Potch-Grimbeecckpark, Kloofendal, Falconridge, Vanderbijlpark, Arconpark, Vanderbijlpark-Wes, Potch-Wes, Schweizer-Noord, Potch-Noord, Potchefstroom, Potch-Oos, Losberg, Klerksdorp-Noord

- ✓ 14 x Willow Creek Association = Muldersdrift, Driehoek, Contantiakruin, Randfontein-Noord, Meyerton-Oos, Kloofendal, Krugersdorp-Oos, Meyerton-Suid, Arconpark, Vanderbijl-Noord, Suiderlig, Doringkruin, Culembeeck, Bloemhof.
 - ✓ 19 x Saddleback = Leeudoringstad, Luipaarsvlei, Mulderdrift, Driehoek, Constantiakruin, Roodekrans, Lichtenburg, Quellerina, Randfontein-Noord, Meyerton, Paardekraal-Monument, Kloofendal, Krugersdorp-Oos, Meyerton-Suid, Suiderlig, Florida-Park, Culembeeck, Mindalore, Bloemhof
3. Addisionele bronne wat deur gemeentes gebruik word, is die volgende:
- ✓ Walk Through The Bible
 - ✓ Selgroep/kerk materiale bv Gemeentevreugde,
 - ✓ EEIII
 - ✓ Henry Blackaby se materiaal
 - ✓ Moreletapark se materiaal – veral oor gawebedieninge
 - ✓ Emerging Church materiaal
 - ✓ Celebrate recovery
 - ✓ Bybelkor kursusse
4. Gemeentes maak op verskillende maniere gebruik van beskikbare materiale. Daarom het ek gekyk hoeveel verskillende organisasies se bronne per gemeente gebruik word – ingesluit die addisionele bronne wat hulle gelys het. Hierdie ontleding het gewys dat daar gemeentes is wat:
- ✓ geen sulke bronne gebruik nie = 27 gemeentes
 - ✓ 1 organisasie se bronne gebruik = 32 gemeentes
 - ✓ 2 organisasies se bronne gebruik = 18 gemeentes
 - ✓ 3 organisasies se bronne gebruik = 9 gemeentes
 - ✓ meer as 3 organisasies se bronne gebruik = 6 gemeentes
5. Die aantal gemeentes wat aangedui het dat hulle verdere inligting oor een of meer van die gelyste organisasies se bronne sou wou hê, lyk as volg:
- | | |
|--|----|
| ✓ oor Genootskap van Gestuurde Gemeentes | 51 |
| ✓ Getroue getuies; | 30 |
| ✓ Natural Church Development | 19 |
| ✓ Kingfisher | 13 |
| ✓ Willow Creek | 17 |
| ✓ Saddleback | 12 |
| ✓ Ander: | 0 |
6. Metode van netwerk, het die volgende opgelewer:
- | | |
|---------------------------------|----|
| ✓ Geen | 8 |
| ✓ Informeel soos en wanneer wil | 49 |
| ✓ "Chatroom" | 13 |
| ✓ Byeenkomste wat gereël word | 44 |

Die volgende vrae het uit die vraelys opgekom:

- ✓ Behoort die SKG nie 'n behoorlike statistiese databasis (gegrond op ringskompilatie verslae) op te stel wat die verskillende gemeentes se statistiek verreken en jaarliks op 'n bepaalde datum opdateer nie.
- ✓ In watter mate is gemeentes program-gedrewe (en word verskillende onderdele van verskillende organisasies se bronne net in die program opgeneem) en in watter mate word bronne in 'n geheel georganiseer om 'n bepaalde doel te bereik?
- ✓ In watter mate is die leierskap (kerkraad as kernleiers en die breë leiersgroep) in gemeentes wat verskillende bronne gebruik op hoogte van die teoretiese onderbou/uitgangspunte van die verskillende bronne wat gebruik word. En hoe word dit gedoen?
- ✓ In watter mate is die NG Kerk nog net op onderhoud ingestel in plaas van diens? Veral as gekyk word na die klein voorkoms van gebruik van materiaal oor bedieninge op grond van gawes.
- ✓ Daar is 'nbeduidende behoefte aan mee rinligting oor die verskillende organisasies. Wat van 'n oggend tydens die sinodesitting waarop daar inligting oor verskillende organisasies gelyklopend op verskillende punte aangebied word = 1 uur per sessie + in twee rondtes. Sinodegangers kry dan geleentheid om twee sulke inligtingsessies van eie keuse by te woon.
- ✓ Wat van die moontlikheid om met die beskikbare fondse DVD's te maak wat aanbiedings oor die verskillende organisasies se benaderings, filosofieë en metodes (45 minute per organisasie) , dit

- ✓ op DVD's te sit en 2 organisasies per DVD en dit dan beskikbaar te stel aan gemeentes wat die inligting soek.
- ✓ Riglyne ontwikkel vir integrasie van verskillende organisasies se stof in 'n geheel wat gebruik kan word in 'n gemeente.
- ✓ Ver-Afrikaans stof? = taal en konteks.
- ✓ Behoefte aan netwerke skep = 50% van gemeentes. Watter vorm gaan dit aanneem? En hoe verseker dat dit effektief is + waarde toevoeg aan implementering van die beskikbare bronne?
- ✓ Wat van 'n biblioteek van bronne wat deur die SKG geskep en onderhou word? Soort biblioteek?

KOMMISSIEVERSLAG : BARMHARTIGHEID

VERSLAG VAN DIE SKDB AAN DIE WES-TRANSVAALSE SINODE 2007

NG Kerk; SKDB; NG Welsyn. Baie name en soms baie verwarring.

Baie eenvoudig gestel is dit doodgewoon die strukture wat binne die kerk nodig is om die werk van die kerk effektief te doen.

Die SKDB is die kerk en die kerk werk met die SKDB om sy diens van Barmhartigheid in die breedste sin te hanteer. NGWelsyn is die SKDB se instrument om gespesialiseer te werk in die wêreld waarin ons as kerk 'n verskil wil maak. Ons het 'n maatskappy daar nodig om effektief en doeltreffend te werk.

NG Welsyn is die kerk se hande en voete wat grondvat binne die samelewing waarin ons leef.

Moet asb nooit die fout maak om te dink dat NG Welsyn iets anders as die die Kerk of as die SKDB is of wil wees nie. Die SKDB vorm die Direksie van NG Welsyn en bepaal die koers wat NG Welsyn beweeg.

NG Welsyn is die NG Kerk in aksie in WesTransvaal.

Ons is ook uiteraard ook nie al aksie van ons Sinode nie – inteendeel!

Maar ons is een van die mees sigbare en waarneembare dienste van ons kerk in die land waar groot klem geplaas word op die bestryding van armoede; misdaad en HIV-Vigs.

Ons het in die afgelope jaar groot veranderinge beleef met die aftrede van Dr.Roelf Lindeque as Predikant in Sinodale diens vir Diens van Barmhartigheid. 'n Nuwe man aan die stuur beteken uit die aard van sake dat daar verandering sal wees, maar die werk het voortgegaan; danksy baie bekwame personeel wat elke pos met groot toewyding beman en hul werk met bekwaamheid doen.

Danksy breër skakeling dmv die ADDG (Algemene Diensgroep Diens en Getuienis) en die KMDR (Kerklik Maatskaplike Dienste Raad) wat op Nasionale vlak funksioneer, en ook bepaalde vakbonde en ander organisasies, het ons inspraak en deelname aan die vorming van wetgewing. Vanjaar is bydraes gemaak wat betref die wet op ouer persone en die wysigingswet op Kindersorg wat tans in behandeling is.

Ons het wonderlike samewerking van die meeste van ons gemeentes in ons sinodale gebied. Enkele gemeentes vind dit moeilik of onmoontlik om hul ringsverbintnisse teenoor die kantore na te kom. Dié saak sal in die nuwe jaar aandag geniet.

Ons het ons saam met die kerk verbind aan die roepingsverklaring en neem die roeping ernstig op in elke plan en strategiese besinning wat ons doen.

Ons glo met ons hele hart dat die Here Jesus Christus ons geroep het om hier waar

ons leef en werk in Wes Transvaal werklik 'n verskil te maak.

Dit is ons as kommissie se wens dat die Sinode sal aanvaar en opnuut sal bevestig dat die werk van die SKDB; en binne die kommissie dan ook die werk van NGWelsyn; op hierdie tydstip van die grootste belang in ons land is. En dat ons deur die werk wat hier gedoen word aan die hart van ons kerk se roepingsverklaring raak.

Ons kan met reg en met groot eerbied en dankbaarheid tog trots wees op ons werk en dit wat ons deur die genade van ons Here Jesus kon verrig.

In watter mate ons daarin geslaag het om getrou te wees aan die roepingsverklaring, blyk uit die volgende verslag van Me. Shirley Theron.

NG WELSYN EN ONS ROEPINGSVERBINTENIS

Inleiding

NG Welsyn Noordwes is onlosmaaklik verbind aan die roepingsverbintenis van die Ned Geref Kerk om by die genesing van die land betrokke te wees met betrekking tot die bestryding van armoede, Vigs, geweld en misdaad.

Die grootste uitdaging is waarskynlik daarin geleë om mense te help om uit die sg Behoeftigheidstrik (Deprivation Trap) te ontsnap. Hierdie konsep is ontwikkel deur Chambers (1993) en identifiseer *armoede, fisieke swakheid, isolasie, weerloosheid en magteloosheid* as die vyf vernaamste interafhanklike elemente van hierdie bouse siklus.

1. Armoede

Die onvermoë van mense om uit hul armoede te ontsnap, is dikwels agv verskeie grondliggende oorsake. Hierdie faktore het meesal 'n kettingreaksie en dit is baie moeilik om dan uit die omstandighede te ontkom. (So bv. lei ongeletterdheid of gebrekkige/onvoldoende skolastiese opleiding gebrek aan vaardighede beperkte werksmoontlikhede/werkloosheid onvoldoende/gebrekkige inkomste swak/onvoeldoende voeding vatbaarheid vir siektes/fisieke swakheid verlies aan inkomste onvermoë om in eie en/of gesin se behoeftes te voorsien swak selfbeeld/lae morele waardes beïnvloedbaarheid/slagoffers van misbruik/geweld/vigs/misdaad word dikwels die misbruikers van mag of bedrywers van misdaad en geweld.

NG Welsyn bring hoop aan persone in hierdie omstandighede en spreek hul armoede en hopeloosheid aan deur verskillende programme, oa die voorsiening van basiese lewensmiddele soos voedsel en klerasie waar dit ontbreek, hulp met toegang tot maatskaplike pensioene en -toelaes (verkryging van ID-dokumente, aansoeke vir pensioene en toelaes), vaardigheids- en entrepreneursopleiding om werkskepping of toegang tot die arbeidsmark te bevorder, skolastiese opleiding (bv deur plasing in pleegsorg en kinderskole), ens.

2. Fisieke Swakheid

Dikwels agv swak voeding soos bo genoem, maar ook agv chroniese siektes (soos Vigs), gestremdheid of ouderdom. Dit beperk individue se vermoë om in hul eie of hul gesin en afhanklikes se behoeftes te voorsien en is dan aangewese op die hulp of versorging van ander.

NG Welsyn is betrokke by persone in fisieke nood deur veral die inrigtingsorg aan verswakte bejaardes en opleiding van tuisversorgers.

3. Isolasië

Onbesikbaarheid en ontoeganklikheid van hulpbronne vererger die nood van mense en veral diegene op afgeleë plekke of in die platteland. Hulle is dikwels gemarginaliseer en ly gebrek aan basiese lewensmiddele, behuising, water, vervoer, opleiding- en werksgeleentheid, gesondheidsorg.

NG Welsyn het projekte in groter sentra sowel as in die platteland en informele nedersettings en lewer dienste waar mense dikwels nie ander hulpbronne tot hul beskikking het nie. (Vanaf Utlwanang in Christiana in die weste tot by die Kerk in die Mielielande buite Vereeniging in die ooste).

4. Weerloosheid

Die slagoffers van geweld, misdaad en armoede is dikwels sonder hoop weens hul onvermoë om die aanslae van die lewe die hoof te bied. Hulle word lamgelê deur die hopeloosheid van hul situasie of hul gebrek om weerstand te kan bied.

NG Welsyn fokus veral op die beveiliging van kinders of as die slagoffers van mishandeling, molestering en verwaarlosing en het maatskaplike werkers in diens met die bevoegdheid om toegang tot huise te kry, sodanige kinders uit die omstandighede te verwyder en elders (bv in pleegsorg of in kinderhuise) te beveilig.

Tehuse vir bejaardes en die aftree-fasiliteite bied ook 'n veilige omgewing vir weerlose en verswakte bejaardes.

5. Magteloosheid

Maatskaplike wanfunksionering spruit dikwels uit mense se onvermoë om self uit verlamme en negatiewe omstandighede te ontsnap. Dikwels is dit weens die bogenoemde omstandighede, maar kan ook spruit uit verbroke gesinsverhoudings, huweliksonenigheid, onbeheerbare gedrag, drank- en dwelmmisbruik, ens.

NG Welsyn bring hoop deur persone in te skakel by berading, individuele- of groepterapie, of te verwys vir gespesialiseerde behandeling. Daar word ook geleentheid geskep vir die aanleer van sekere vaardighede (by gemeenskapswerkprojekte, deur terapie of berading, programme by kinderhuise).

Slot

Die programme van die verskillende diensvertakkinge van NG Welsyn bied aan mense in nood, slagoffers van verwaarlosing en misdaad, weerloses en mense sonder hoop die geleentheid om uit hul omstandighede en die Behoeftigheidstrik te ontsnap en dus hul menswaardigheid, selfwaarde en selfrespek te herstel.

Dit werk effektief mee om armoede te bestry of die effek van armoede te verminder; weerbaarheid teen misbruik of mishandeling te versterk en die gevolge van siektes soos Vigs tuis te bring, teen te werk of te beperk.

Dit bied 'n heenkome vir mense in nood en ontbering en is dus ware Sentrums van Hoop om mee te werk om die stukkende wêreld weer heel te maak.

Getrou aan ons leuse, is NG Welsyn daadwerklik Geloof, Hoop en Liefde in Aksie!

Die SKDB bid die vergadering van die Sinode van Wes Transvaal die seën van ons Here Jesus toe.

Geteken:



.....

Coenraad Smit (Voorsitter SKDB)

.....

Arnold Smith (Ondervoorsitter SKDB)

Verwysing:

1993. Challenging the professions: frontiers for rural development, **In:** Van Schalkwyk, M. 1999. *Community Development Facilitation I*, Technikon SA, Florida.

SKDB
NG KERK SINODE WES-TRANSVAAL 2007

MAATSKAPLIKE WERKERS
NG WELSYN NOORDWES

Vir ons Kommissie en vir die Direksie van NG Welsyn is die saak van die maatskaplike werkers op die huidige oomblik van die grootste belang vir ons werk.

Ons as kerk en ook die staat met sy maatskaplike dienste staar werklik 'n krisis in die gesig. Daar is net eenvoudig nie meer maatskaplike werkers beskikbaar om die uiters noodsaaklike werk te doen nie.

NG Welsyn Noordwes gaan die afgelope jare ernstig gebuk onder die effek van gedurige personeelverwisselings onder die maatskaplike werkers verbonde aan die gesinsorgkantore (welsynkantore).

Uit 'n totaal van 54 maatskaplike werkers, was daar teen Julie 2007 die volgende getal personeelverwisselings in 'n periode van twee jaar:

2005	2006	2007	Totaal
20	17	12	49

Verskillende pogings is aangewend om die **werksomstandighede** van personeel so aangenaam moontlik te maak:

- X Goed toegeruste kantore, met nodige tegnologie en vervoer vir werksdoeleindes
- X Halfdagposte vir veral werkende moeders waar moontlik
- X Skiktyd mbt werksure
- X Opleidingskursusse op die koste van die werkgewer
- X Supervisie (praktykleiding, indiensopleiding, ondersteuningsdienste)
- X Kersreses
- X Aftyd op Vrydagmiddae (as oortydvergoeding)

Ander byvoordele: Gewaarborgde dertiende tjek

- X Werkgewersbydraes tov Pensioen/Voorsorgfonds en Mediese Fonds
- X Ruim verlof
- X Gedeeltelik-betaalde kraamverlof

Ten spyte van bogenoemde, blyk 45 % van personeelverwisselings **salarisverwant** te wees, nl dat: Die intreeskaal vir maatskaplike werkers by NG Welsyn tans na verhogings R70 459pj is in vergelyking met die Staatsdiens waar dit R98 000 pj (sonder die nuwe verhogings) is.

- X Hierdie intreeskaal by die Staat (vir maatskaplike werkers sonder enige ondervinding) is selfs meer as NG Welsyn se topskaal vir maatskaplike werkers met 10 jaar en meer ondervinding (R94 688).

NG Welsyn het in 'n poging om aan sommige maatskaplike werkers

bevorderingsgeleenthede te skep, poste vir sg Senior maatskaplike werkers geskep. Hulle word vir sekere supervisiefunksies wat hulle addisioneel tot hul werkslading as maatskaplike werkers verrig, vergoed op 'n skaal tussen R 88 925 - R 103 088pj. 'n Supervisor by NG Welsyn ontvang tussen R 101 722 en R 117 923 pj. Slegs een bedanking het weens gesondheidsredes in hierdie kategorie voorgekom.

Afgesien van die probleme om huidige personeel te behou, is dit tans uiters moeilik om vakatures te vul. Mededingende salarisse sal:

- X personeelwerwing verbeter
- X erkenning gee aan dié personeel wat die NG Kerk se barmhartigheidsdienste vir jare met lojaliteit en toewyding gedien het
- X meehelp om die moraal van huidige werknemers te verbeter.

Ons besef dat die aanpassing van die salarisse van die maatskaplike werkers groot druk op die finansies van gemeentes kan plaas.

Ons besef ook dat om die werk te staak, beteken om 'n stuk van die hart van ons kerk uit te ruk. Ons kan dit nie doen nie. Ook hierin wil ons dit waag om die God wat ons geroep het, te vertrou dat ons Sy wil doen.

Dit is met groot huiwering maar ook met groot afwagting dat ons die volgende aanbeveling voor die Sinode lê.

Ons het hierdie saak reeds aan die Sinode se Finansiële Kommissie bekend gemaak sodat die implikasies van 'n moontlike besluit in ag geneem kan word.

AANBEVELING

Die Sinode van die NGKerk van Wes-Transvaal besluit om die salarisse van maatskaplike werkers in diens van NG Welsyn Noordwes op gelyke vlak met dié van die Staatsdiens te bring. Die Sinode begroot vir die bykomende koste.

KOMMISSIEVERSLAG : PREDIKANTEBEDIENING

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR PREDIKANTEBEDIENING AAN DIE SINODE WES-TRANSVAAL.

Terugskou.

Toe die sinode van 2003 predikantebediening amptelik as 'n werksaamheid van die sinode goedgekeur het, het die kommissie begin met 'n bediening wat in die kerk baie vreemd was en by baie was daar ook die gedagte dat dit onnodig is aangesien die gemeente volgens die gereformeerde kerkreg na die dominee moet omsien. Daarby was daar baie skeptisisme of predikante oop sou wees vir so 'n bediening. Teen die agtergrond is daar in 2003 'n braak veld betree. Tydens daardie sinode is die vergadering meegedeel dat hierdie werk 'n bediening is en nie maar net 'n kommissie wat gaan probeer om deur bepaalde projekte genoeg te doen om 'n verslag voor 'n sinode te regverdig nie.

Die kommissie het sy taak aanvanklik as volg afgegrens:

Mentorskap: Begeleiding vir proponente tot 5 jaar in bediening.

Pastor pastorum: Pastorale ondersteuning aan predikante.

Retraites: Bediening tap energie, spiritualiteit herstel energie.

Standplaasverwisseling. 'n Gebrek aan mobiliteit word deurgaans uitgewys as een van die groot oorsake van stres en uitbranding onder predikante.

Opleiding van predikante om bedieningsvaardighede te help ontwikkel.

Gedurende die termyn het die besef mettertyd posgevat dat hierdie bediening nie net daarop gerig moet wees om predikante te ondersteun om "gesond" te wees nie, maar ook om "heel" te wees sodat hulle, hulle roeping kan vervul.

Mentorskap.

Die proses het begin deurdat enkele predikante vir opleiding na ander sinodes te stuur en die proses het uitgeloop op 'n opleidingsgeleentheid vir mentors in Wes-Transvaal te Ventersdorp in Maart 2007. Wat verder moet geberu is dat die kommissie moet kennis neem van nuwe predikante in die sinodale gebied sodat hulle in aanraking gebring kan word met mentors.

Pastor pastorum.

Verskeie gesprekke is met predikante in die sinode gevoer oor 'n verskeidenheid van sake. Alhoewel daar steeds 'n terughoudendheid by predikante is om oor veral persoonlike sake te praat, was daar 'n groter openheid as wat vewag is. Dit blyk dat as predikante blootgestel word aan hierdie bediening hulle nie net waardering daarvoor het nie, maar dat hulle ook groei in openheid.

Retraites.

Ds Jan van Heerden het homself op hierdie terrein ingegrawe en werklik moeite gedoen om sulke geleenthede aan te bied. Dit is die een terrein waar predikante min belangstelling getoon het. Dit mag wees dat verskillende spiritualiteitstipes onder predikante veroorsaak dat nie almal gemaklik is met alleenwees en lang stiltes nie.

Tog voorsien hierdie bediening In 'n baie belangrike behoefte van die predikant en behoort kerkrade hulle leraars aan te moedig om sulke geleenthede by te woon.

Standplaasverwisseling.

Terwyl 'n gebrek aan mobiliteit 'n groot probleem is, bly die bestuur daarvan op hierdie wyse 'n groot probleem. Daar het slegs enkele standplaasverwisselings in die sinode plaasgevind. Ds Stefan van Heerden wat self 'n suksesvolle standplaasverwisseling gedoen het, hanteer die saak in die sinode. Dit wil lyk asof beroepe meer word en dat selfs predikante wat ouer is weer beroepe begin kry. Die moontlikheid van standplaasverwisseling behoort egter as 'n opsie behou te word, nie net as 'n laaste uitweg nie, maar as 'n legitieme wyse waarop 'n predikant na gelang van omstandighede 'n nuwe gemeente kan kry om in te werk.

Opleiding.

Die kommissie het in die afgelope vier jaar verskeie geleenthede vir predikante geskep om kursusse by te woon om ter wille van die uitleef van hulle roeping sekere bedienings en lewensvaardighede te ontwikkel. Daaronder tel twee predikante konferensies, 'n kursus in aftreebeplanning, die mentorkapkursusse en verskeie fasiliteringskursusse. In die proses is ruim gebruik gemaak van die vaardighede uit ander sinodes van die kerk en instansies soos Learning Link en CFN. As die predikantekonferensies buite rekening gelaat word het ongeveer 25 predikante in die sinodale gebied op hierdie wyse opleiding ontvang.

Die predikant welstandsbyeenkoms wat ten doel gehad het om predikante nie net gesond nie maar heel te maak was 'n groot sukses en moet opgevolg word. Hier is met groot vrug gebruik gemaak van die talente van proff. Gert Strydom en Sila Wilders van die Noordwes Universiteit se PUK kampus. Een uitvloeisel van hierdie byeenkoms was dat ander sinodale gebiede kennis geneem het van die saak en dit word nou ook in ander sinodale gebiede aangebied, terwyl nog ander sinodes navraag doen oor dié saak.

Probleemareas.

In die skep van nuwe sinodale strukture en werkswyses sal daar altyd tandekryprobleme wees. Vir die kommissie is kommunikasie tussen die verskillende dele van die sinode se werksaamhede soms problematies. Dit het tot gevolg dat die korrekte persone en kommissies nie altyd ingelig is oor sake wat op hulle terrein lê en dat werk soms deur kommissies onderneem word wie se taak dit nie is nie. Die gevolg hiervan is oorbelading op een punt en fragmentering op 'n ander. Die nuwe predikant sinodale bedieninge behoort dit een van sy prioriteite te maak om die kommunikasielyne beter te laat vloei.

Die toekoms.

Wanneer na die onmiddellike toekoms van die bediening gekyk word is daar drie trefwoorde wat gaan oorheers en dit is: omvattend, holisties en missionêr.

Omvattend.

Die A-Z Handleiding wat by die pas afgelope sinode goedgekeur is gee 'n baie goeie riglyn van 'n omvattende benadering tot die predikant. Dit behandel die begeleiding van predikante van roeping tot en met emeritaat. Die Handleiding het

heelwat opspraak verwek en dele daarvan wat onder meer handel oor die behoud van bevoegdheid is na die streeksinodes verwys vir kommentaar. Die kommissie sal

dit moet hanteer. Omvattend beteken ook dat elke kerkvergadering 'n bepaalde verantwoordelikheid het in die versorging van predikante en dat vergaderings daardie verantwoordelikheid moet bepaal en nakom.

Holisties.

'n Holistiese benadering tot die versorging van predikante beteken aanvaarding van die standpunt dat die geheel meer as die som van die dele is. Vir die kommissie en die kerk as geheel beteken dit dat die predikant altyd meer is as die elemente wat onderskei kan word in enige dokument. Hy is ook volledig mens. Dit is baie moeilik om hierdie aspek van predikant wees in enige beleidsdokument of kerkorde in te skryf. Dit sal die kommissie se taak wees om daaraan gestalte te gee.

Missionêr.

Die kerk se roeping is om opgeneem te word en deel te wees van God se sending na die wêreld. Die kerk se wesenlike roeping is dus om self gestuurde te wees. Die groeiende besef van die belang van missionêre kerkwees het ingrypende gevolge vir die verstaan en verruiming van die rol van ampte en in die besonder die rol van die predikant. Predikante word nie net opgelei om bestaande gemeentes in stand te hou nie, maar ook om as gesturdes deel te neem aan God se sending na die wêreld.

Om werklik missionêre predikante te word en nie predikante wat maar net in stand hou nie gaan baie van predikante en gemeentes verg en hulle sal beglei en toegerus moet word daarvoor. Al die bediening van die sinode sal daartoe 'n bydrae moet lewer.

Aanbevelings.

1. Die sinode van Wes-Transvaal herbevestig haar standpunt dat predikante vir die kerk van wesenlike belang is.
2. Die sinode aanvaar haar deel van die verantwoordelikheid vir die pastorale versorging van die predikant en dra dit aan die SKPB op om daaraan gestalte te gee.
3. Die sinode dra dit aan SKPB op om die deel van die A-Z Handleiding wat verwys is te bestudeer en in oorleg met die SBK kommentaar aan die taakgroep van die Algemene Sinode te lewer.

KOMMISSIEVERSLAG : LEER- EN AKTUELE SAKE

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR LEER- EN AKTUELE SAKE AAN DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL

DIE HUWELIK: ENKELE AKTUELE SAKE

1. Op versoek van die Sinodale Bestuurskommissie gee hierdie verslag aandag aan twee aktuele vraagstukke rakende die huwelik:

a) die bevoegdheid van kerklike huweliksbevestigings ten opsigte van die Wet op Burgerlike Verbintenisse (no 17 van 2006), wat "huwelike" of Burgerlike

Verbintenisse tussen mense van dieselfde geslag reël.

b) die moontlikheid van 'n suiwer kerklike huwelik wat nie deur die staat erken word nie, maar wel binne die kerklike gemeenskap volgens Skriftuurlike beginsels.

2. Huwelike word in Suid-Afrika deur die Huwelikswet No 25 van 1961 gereël.

Hiervolgens is 'n huwelik 'n permanente lewensverbintenis tussen een man en een vrou, wat deur die staat voltrek en ontbind word. By die voltrekking van huwelike het die staat kerke en ander godsdienstgroepe as vennoot betrek in die sin dat kerklike of godsdienstige "ampsdraers" per ooreenkoms deur die staat as kerklike huweliksbevestigings opgelei en aangestel word. Dit beteken dat daar in die populêre oog twee soorte huwelike bestaan: (a) "om in die kerk te trou" en (b) "om voor die landdros te trou". Vir die doeleindes van die verslag praat ons van eersgenoemde as 'n kerklike huwelik en van laasgenoemde as 'n suiwer burgerlike huwelik. Tegnies en prakties is daar egter geen verskil tussen die twee nie. Volgens staat en kerk is beide wettige huwelike.

3. Naas die Huwelikswet het die staat in 1998 die Gewoonte-Huwelikswet (Recognition of Customary Marriages Act 120 of 1998) aanvaar waarin daar vir diegene, wat hulle met die Afrika tradisies vereenselwig die moontlikheid van 'n poligame huweliksstelsel aangebied word – met ander woorde, een man kan meer as een vrou hê. Hierdie reëling is in skerp teenpraak met die huidige Huwelikswet waarin 'n huwelik gesien word tussen een man en een vrou, met die uitsluiting van enige ander. Terwyl hierdie wet meestal seksueel neutraal geskryf is (dus hoofsaaklik na "spouses" verwys), is dit tog 'n dringende vraag of die algemene gebruik daarvan (naamlik dat mans meer as een vrou mag hê, maar nie andersom nie), nie gesien moet word as 'n aantasting van die gelykwaardigheidsbeginsel van alle mense nie. Word die gelykheid van geslag hierin nie dalk misken nie? Hierdie spesifieke paternalistiese beginsel (een man met meer as een vrou, maar nie andersom nie) kan ook afgelei word uit die inhoud van Artikels 6; 7 (4)(b); 7 (6) en 8 (4)(b). In der waarheid het ons hier te doen met 'n wetlike en konstitusionele teenstrydigheid.

Toe, in 2006 is die Wet op Burgerlike Verbintenisse goedgekeur. Hiermee word aan mense van dieselfde geslag die reg verleen tot 'n lewensverbintenis wat dieselfde status en regte het as 'n huweliksverbintenis onder die wet van 1961. Volgens artikel 11 (1) van die Wet van 2006 berus die keuse by die paartjie om hulle verbintenis 'n

huwelik te noem, of nie. Die Algemene Sinode 2007 het egter in sy besluit oor homoseksualiteit gesê dat “*volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.*” Lewensverbintenis

tussen mense van dieselfde geslag kan dus nie deur die kerk as 'n huwelik beskou word nie, selfs al word dit deur die Wet op Burgerlike verbintenis as sodanig erken en gereël.

4. Die Ned Geref Kerk het soos baie ander kerke al vir baie jare 'n ooreenkoms met die staat dat haar predikante in terme van die Huwelikswet as kerklike huweliksbevestigings deur die staat opgelei en aangestel word. Hierdie ooreenkoms geld steeds. Kerklike huweliksbevestigings is egter nie outomaties bevoeg om Burgerlike Verbintenis in terme van die Wet op Burgerlike Verbintenis van 2006 te voltrek nie. Indien 'n bepaalde denominasie of godsdiensgroep wel verlang dat sy huweliksbevestigings ook sulke verbintenis regtens kan voltrek, moet hy daarvoor aansoek doen by die relevante owerhede (Artikel 5, Wet op Burgerlike Verbintenis 2006). In die lig van die Algemene Sinode 2007 se besluit waarna hierbo verwys is, sal dit waarskynlik nie gebeur nie. Dit beantwoord die eerste vraagstuk.

5. Die tweede vraag gaan oor die moontlikheid dat die kerk mense in die huwelik kan bevestig sonder dat dit deur die staat as 'n huwelik erken word. Uit die staat se oogpunt sal dit 'n nie-geregistreerde saamwoonverhouding wees. Wat die kerk betref, en dus ook in die oë van God sal die egpaar egter getroud wees en dus nie in sonde saamleef nie. Vir doeleindes van die verslag noem ons dit 'n suiwer kerklike huwelik. Daar sou dus uit die kerk se oogpunt drie soorte huwelike bestaan: 'n suiwer kerklike huwelik (nie deur die staat erken), 'n kerklike huwelik (wat deur die staat as 'n huwelik erken word) en 'n suiwer burgerlike huwelik.

6. Die agtergrond waarteen hierdie moontlikheid as 'n alternatief op die tafel gekom het, is veral die situasie waar 'n weduwee haar pensioen verloor wanneer sy weer trou. Die werklikheid is dat dit daartoe kan lei dat die egpaar die hoofbron van hulle inkomste verloor wat dit onmoontlik maak om te oorleef. 'n Goeie voorbeeld is waar die weduwee 'n maandelikse weduweepensioen van R5000 uit haar man se pensioenfonds ontvang en haar voornemende eggenoot slegs 'n staatspensioen. Trou hulle, moet hulle slegs van sy pensioen leef, of indien sy kwalifiseer darem ook van haar staatspensioen. As Christene wil hulle nie bloot saamleef nie, maar sou hulle trou vra dit geweldige finansiële opofferings.

7. Die vraag is ook al gevra of die kerk homself nie moet losmaak van die staat wat hierdie saak betref nie. Kerklike huweliksbevestigings tree in werklikheid namens die staat op en is dus gebind aan staatsregulasies en in die verband. Die vraag is of dit nie tot gewetensdwang kan lei nie, veral waar ons in 'n sekulêre staat met 'n liberale grondwet leef.

8. Om die saak ingewikkelder te maak, is dit na die ander kant toe 'n goeie vraag of dit enigsins wenslik is om die staat se aandeel in die Christelik huwelik goedsmoeds oorboord te gooi. Waite en Callagher wys in hulle werk *The Case for Marriage* daarop dat die huwelik toenemend in die Westerse wêreld gesien word as 'n private

aangeleentheid wat net die twee getroudes raak. Hierdie privatisering maak van die huwelik weinig meer as 'n staatserkende saamwoonverhouding, en misken die rol wat die verhouding met 'n geloofsgemeenskap, 'n gesin en familie en die breër samelewing speel. Die punt van sogenaamde "no fault" egskeidingswette is juis dat die besluit om 'n huwelik te beëindig slegs by die betrokkenes (en in die praktyk dikwels slegs een van die betrokkenes) berus. Die standpunt van 'n geloofsgemeenskap, van die kinders uit die huwelik of die twee betrokke families is wetlik irrelevant in so 'n huwelik.

Die impak van hierdie privatisering van 'n huwelik is dat die huwelik self toenemend gesien word as 'n vrye keuse wat na eie wil goedsikks opgehef kan word. Die nadelige gevolge hiervan vir die huwelik, en die daarmee-gepaardgaande nadelige gevolge vir mense se welstand word oortuigend gedokumenteer in Waite en Callagher se werk. Daarom moet hulle konklusie tog ernstig opgeneem word: dat die samelewing belang het daarby dat die waardigheid van die huwelik ook wetlik gehandhaaf en beskerm moet word.

In die lig hiervan kan die skeiding tussen die burgerlike en godsdienstige huwelik ook bydra tot 'n godsdienstige privatisering van die huwelik (as 'n saak tussen die getroudes en God alleen), sodat die sosiale dimensie van die huwelik feitlik heeltemal misken word.

9. Die Algemene Sinode 2002 het aan die destydse AKLAS (tans ATLAS) die volgende opdrag gegee:

SAAMWOON VAN AFGETREDENES OM EKONOMIESE REDES – die Algemene Sinode dra dit aan AKLAS op om die hele saak van alternatiewe op die huwelik te ondersoek. Alle groepe wat behoefte het aan alternatiewe moet in ag geneem word, byvoorbeeld afgetredenes en homoseksueles, asook die huidige pogings om wetgewing oor "partnerskap" goedgekeur te kry. (*Handelinge*, p553):

10. Aangesien ATLAS in die lig van hierdie opdrag 'n volledige verslag aan 'n volgende Algemene Sinode gaan voorlê, is die bedoeling nie om dit hier vooruit te loop nie. Daarom word hieronder enkele lyne vanuit die geskiedenis en die Skrif getrek as 'n bydrae tot die gesprek oor die huidige huweliksproblematiek waarmee die kerk en die samelewing worstel.

10.1 Ons kry nêrens in die Bybel 'n uitgewerkte "leer" of kode wat die hele saak van die huwelik reël nie. Waar daar wel van die huwelik sprake is en sekere reëlings wel getref word, het dit meestal te doen met egskeiding en ongeoorloofde seksuele verbintenisse. Die wyse waarop hieroor geskryf word, help tog om 'n prentjie te kan teken wat die kerk kan help met vraagstukke in 2007.

10.2 Die standpunt bestaan dat die huwelik in die Bybel (veral die Ou Testament) nie 'n religieuse aangeleentheid was nie, maar wel siviele saak wat deur die familiekring (burgerlike samelewing) hanteer is (Dorey, 2003). Met die standpunt dat dit nie 'n religieuse aangeleentheid was nie, word verskil, alhoewel dit duidelik 'n siviele saak was. In die leewêreld van destyds (veral die Ou Testament) was die religieuse en siviele lewensfere so ineengevleg, dat hulle in werklikheid nie onderskei kan word

nie. Reëlings oor die huwelik, seksuele sake en egskeiding was wel nie deel van die kultiese uitlewing van godsdiens nie en is dus ook nie in die sakrale ruimte (tempel, tabernakel, heilige plek) hanteer nie, maar dit word in die Bybel langs religieuse, gemeentelike en selfs kultiese reëlings aan die orde gestel as deel van die

geloofsgemeenskap se lewe voor God. In Efesiërs 5 is die huweliksverhouding tussen man en vrou en die verbondsverhouding tussen Christus en sy kerk analoë van mekaar. Trouens, die verbondskarakter van die huwelik as instelling van God is integraal deel van die wyse waarop die Bybel daarna kyk. Dit beteken dat 'n siviele aangeleentheid soos die huweliksluiting nie buite die aandagsfeer van die geloofsgemeenskap kan val nie. Daarom kan die kerk nie die hele aangeleentheid rondom die huweliksluiting net so aan die staat oorlaat en haarself daarbuite hou nie. As 'n verbondshandeling hoort die sluiting van 'n Christelike huwelik binne die geloofsgemeenskap, sonder om die staat hiermee uit te sluit.

10.3 Die feit dat die huwelik in die leefwêreld van die Bybel as 'n siviele aangeleentheid hanteer word wys in die rigting daarvan dat die staat (wat ontwikkel het vanuit die uitgebreide familie (clan) soos ons dit onder andere in die Ou Testament raaksien) wel 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van die huwelik. Dit is immers ook deel van die ordening van die samelewing as verantwoordelikheid van die staat (bv Romeine 13).

Dit is insiggewend dat die huwelik as 'n staatsaangeleentheid 'n baie laat ontwikkeling in die westerse wêreld is. Tot en met die Middeleeue was dit altyd meer van 'n informele siviele aangeleentheid. Hiermee word bedoel dat twee mense met goedkeuring of deur middel van 'n familie of gemeenskapsreëling deur sekere rituele in 'n huwelik aan mekaar verbind is. Die rituele was daarop ingestel om die aangeleentheid openbaar te maak sodat dit deur die breë gemeenskap as 'n huwelik erken kan word. So byvoorbeeld was die optog en fees wat gepaard gegaan het met die huweliksluiting 'n belangrik deel van die seremonie sodat die hele gemeenskap kennis kon neem dat die twee getroud is. Die mense het "geweet" die twee is getroud.

Om hierdie punt te onderstreep is dit belangrik om raak te sien dat daar nie werklik 'n groot onderskeid was in die huwelikseremonies wat onder Israel en die eerste Christene bestaan het, en dié van die heidense volke tussen wie hulle gebly het nie. Trouens, huwelike is sondermeer en sonder argument oor en weer erken en gerespekteer (vgl die Egiptiese koning se ontsteltenis oor Abraham se verswyging dat Sara sy vrou is (Genesis 12); en Paulus wat Christeneggenote(s) aanmoedig om met hulle heideneggenote(s) getroud te bly (1 Korintiërs 7)).

In die Middeleeue het die kerk die huwelik egter as 'n sakrament verklaar en is dit minstens gedeeltelik in die sakrale ruimte as deel van die kultiese handeling ingebring. Die Konsilie van Trente (1563) het die huwelik finaal en volledig in beheer van die Rooms Katolieke Kerk geplaas. Die kerk het beheer geneem van die reëling, toestemmingsprosedures, en die legitimering van 'n wettige huwelik. Sonder die kerk kon jy nie in 'n Rooms-Katolieke land getroud wees nie.

In teenstelling met die Rooms-Katolieke standpunt het Luther byvoorbeeld gemeen dat dit 'n siviele saak is wat op dieselfde manier as byvoorbeeld eiendomme aan die "tydelike" owerhede oorgelaat moet word.

In Engeland weer, was 'n huweliksluiting voor 1653 'n baie eenvoudige saak.

Teenoor die Rooms-Katolieke siening in, was 'n eenvoudige private (mondelinge) kontrak of verlowing tussen twee mense wat opgevolg is deur seksuele gemeenskap, genoeg om 'n huwelik te sluit. Geen siviele of kerklike owerhede was hierby betrokke nie, alhoewel beide (behalwe die Rooms-Katolieke kerk) dit as wettige huwelike erken het. Dit blyk uit die geskiedenis dat hierdie wyse van doen veral tot uitbuiting van vrouens gelei het, en dat die verskil in standpunt met die Rooms-Katolieke kerk verwarring veroorsaak het. Daarom het die puriteinse regering in 1653 siviele wette oor die huwelik uitgevaardig. Dié wet het dit verpligtend gemaak dat alle huwelike deur 'n Anglikaanse priester of 'n regeringsamptenaar in 'n kerk of amptelike kantoor voltrek moet word. Dit moes ook in 'n register aangeteken word. Dit is in 1753 opgevolg deur die wette van Hardwicke wat bepaal het dat slegs kerklik bevestigde huwelike wettig en bindend is. Dit moes ook in die openbaar plaasvind en was dus 'n publieke aangeleentheid. Kontrole en beheer oor huwelike is egter in die hande van die siviele howe geplaas. Hierdie reëlings het die konsep van die huwelik regdeur die westerse wêreld verander. Die doel van hierdie wette was om orde te bring deur veral vrouens teen uitbuiting te beskerm, poligamie en nie-amptelike egskeidings te voorkom. Dit was dus veral sosio-kulturele omstandighede wat vir hierdie veranderinge verantwoordelik was.

10.4 Uit bogenoemde kan die volgende opmerkings gemaak word, sonder om daarmee 'n suiwer kerklike huwelik noodwendig af te wys. Dit funksioneer eerder as die stimulering van 'n teologiese, kerklike en selfs juridiese gesprek en om die noodsaak van 'n deeglike studie uit te wys.

10.4.1 Nêrens in die Skrif word 'n voorskrif gegee vir 'n kerklike seremonie by die sluiting van 'n huwelik nie. Dit is eerder die huweliksverhouding self waarvoor ons riglyne en voorskrifte in die Bybel kry, asook reëlins rondom die egskeiding. Dit beteken egter nie dat die kerklike huwelikseremonie soos dit in Suid-Afrika gedoen word, sonder waarde of betekenis is nie. Minstens het 'n kerklike huweliksluiting (deur 'n kerklike huweliksbevestiger), soos dit tans saam met die burgerlike huweliksluiting as 'n een seremonie gedoen word, vandag vir die meeste mense (minstens in die blanke gemeenskap) dieselfde betekenis as die siviele seremonie onder oud-Israel en hulle bure, en die vroeë kerk en gemeenskap tussen wie hulle gebly het. Dit is egter belangrik om op te merk dat die suiwer burgerlike huweliksluiting (deur die landdros) deur dieselfde gemeenskap as 'n huwelik erken word. Dit sluit die kerk as geloofsgemeenskap in. Die vraag ontstaan of die (geloofs)gemeenskap maklik 'n huwelik wat nie deur die staat erken word nie, as sulks sal aanvaar.

Die moontlikheid is dat dit bloot beskou kan word as 'n saamwoonverhouding tussen twee Christene, en dat dit so die kerk se morele getuienis sal verswak. As voorbeeld kan ons die blanke gemeenskap se houding teenoor tradisionele huwelike in die

swart gemeenskap neem. Dit word eenvoudig nie op dieselfde vlak as selfs die suiwer burgerlike huwelik erken nie. Hulle is nie "wettig" getroud nie, en daarom was daar nog altyd die aandrang dat swart Christene deur die kerk in die huwelik bevestig moes word om as getroude lidmate van die kerk te kon saamleef.

10.4.2 Veral in die Ou Testament blyk dit dat huweliksluitings en egskeidings as

siviele aangeleenthede deur dieselfde mense hanteer is (die familiekring). Die feit dat die kerk vandag betrokke is by die meeste lidmate se huweliksluitings, maar nie by die regshandeling waardeur huwelike ontbind word nie, bring ook die vraag onwillekeurig na vore oor hoe egskeiding gaan werk in 'n suiwer kerklike huwelik. 'n Suiwer kerklike huwelik behoort immers op alle vlakke in mense se denke as net so permanent beskou te word, as wat tans die geval is met die burgerlike huwelik. Dit het as instelling van God 'n permanente karakter wat net om baie gewigtige redes ontbind kan word. Die vraag is of die skeiding tussen die burgerlike en kerklike huwelik nie daartoe kan lei dat die kerklike huwelik te maklik ontbind sal kan word nie (as private besluit sonder regsimplikasies tussen twee individue). Kerklike tug, of beter gesê kerklike geloofsdissipline sal wesenlik moet reformeer om hierdie probleem te kan aanspreek.

10.4.3 Hieruit volg ook die vraag of dit nie tot 'n bepaalde wanorde, verwarring en selfs wanpraktyke kan lei nie, asook tot die verdere verbrokkeling van die huwelik as 'n belangrike samelewingstruktuur. Die familiestruktuur wat ons in die Ou Testament leer ken was baie sterk patriargaal van aard en was ook in stand gehou deur streng kodes van gedrag wat gepaard gegaan het met harde strafmaatreëls indien hulle oortree word. Vandag is owerspel en egskeiding nie strafbaar in die siviele samelewing nie, en word dit baie "sag" deur die kerk hanteer. Daar is met die Wet op Burgerlike Verbintenisse reeds meer lewensverbintenisse wat deur die staat erken en gereël word as net die huwelik. Nog 'n soort huwelik wat net in 'n bepaalde samelewingsfeer (h)erken word, kan tot nog groter verwarring en wanorde lei. Soveel te meer as net sekere denominasies so 'n huwelik erken.

10.4.4 In die lig van bogenoemde sal die volgende belangrik wees indien die kerk sou besluit op 'n suiwer kerklike huwelik:

- dit sal onder toesig van die kerkraad as 'n openbare ritueel binne die gemeente (geloofsgemeenskap) moet geskied
- dit sal uiters wenslik wees om dit in samewerking met ander denominasies en ekumeniese liggame te doen.
- 'n weg sal gevind moet word om aan die kerklike handeling publieke sanksie te verleen

11. BRONNE WAARNA VERWYS IS

Dorey, PJ 2003. Genesis 2:24 - *Locus Classicus vir monogamie?* 'n Literêr-historiese ondersoek na aspekte van poligamie. Ongepubliseerde proefskrif: UP.

Waite, L & Callagher, M 2000. *The Case for Marriage*. Doubleday

12. AANBEVELINGS:

12.1 Die Sinode neem kennis dat 'n Ned Geref Kerk leraar wat as Huweliksbevestiger aangestel is en dus huwelike ingevolge die Huwelikswet No 25 van 1961 steeds huwelike mag bevestig, in gevolge die Wet op Burgerlike Verbintenisse no 17 van 2006 nie mense van dieselfde geslag in 'n huwelik of 'n burgerlike verbintenis mag bevestig nie.

12.2 Die Sinode neem die wenslikheid van 'n suiwer kerklike huwelik in bespreking.

KOMMISSIEVERSLAG : JEUG

VERSLAG VAN DIE SINODALE JEUGKOMMISSIE AAN DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL

Hierdie is nie 'n volledige verslag van werksaamhede nie. Slegs 'n aantal fokusbedieninge word uitgelig en enkele sake word vir goedkeuring voorgehou.

Hiermee saam herhaal die SJK egter die uitnodiging aan elke gemeente of bediening om ons met enige navraag of versoek, om bedieningsondersteuning rakende jeug-en gesinsbediening, te kontak via die kantoor, die voorsitter, of die verteenwoordigers uit die onderskeie streke.

1) Studentebediening:

Vir kennisname:

Die studenteleraarspan het 'n paar skommeling ondergaan: Ds. Frans Burger is aan die begin van 2007 by NG Potchefstroom-Die Bult bevestig as vierde studenteleraar. Ds. Pieter Roeloffse het gedurende Meimaand 'n beroep na Stellenbosch aanvaar.

Vir die volgende bedieningsjaar is besluit om met die huidige drie voltydse studenteleraars (twee by Kandelaar en een by Die Bult) te volstaan en die vierde leraarsubsidie aan te wend vir die subsidieëring van twee finalejaar teologiese studente en die honoraria van vier dienswerkers in Kandelaargemeente. Benewens bg. bediening gaan die bediening in Mooriviergemeente (Landboukollege), by die Skoonheidsakademie binne die grense van Potchefstroom-Moedergemeente en by Potchefstroom-Noord, ook volstroom voort.

Die Sinode in sitting sal ook versoek word om die subsidie vir 'n vyfde leraarspos te heraktiveer. Dit sal aangewend word vir die vestiging van 'n kruiskulturele-studentebediening. Die behoefte aan sodanige bediening is duidelik deur die sensusse in die groter Potchefstroom uitgewys.

Intussen het die proses van omskakeling na 'n kategoriale-studentebediening in Potchefstroom steeds voortgegaan. Die proses het begin met die fasilitering deur dr. Frederick Marais sowat twee jaar gelede. In samewerking met die SJK en al die betrokke gemeentes is 'n vergadering vir 12 September 2007 belê waartydens 'n opvolgliggaam vir die Beheerraad vir Studentebediening (BRS) in die lewe geroep gaan word. Hierdie visionêre liggaam, wat uitdrukking sal gee aan die kategoriale droom en groter samewerking tussen al die gemeentes (huidiglik vyf) wat gemoeid is met studentebediening, sal reeds DV voor die Sinode bymekaarkom. Tydens die Sinodesitting sal volledige terugvoering moontlik wees indien die vergadering dit sou verlang.

Vir goedkeuring:

- 1.1) Die Sinode keur 'n spreekbeurt vir die Leiers van die SJK goed om die huidige stand van sake rondom studentebediening in Potchefstroom aan die Sinode voor te hou.
- 1.2) Die Sinode keur die heraktivering van die vyfde leraarspos vir studentebediening in Potchefstroom goed met die doel om 'n kruis-kulturele-studentebediening as deel van die totale kategoriale bediening aldaar te vestig

2) Skoolverwisselings- en Skoolverlaterskampe:

Vir kennisname:

Verskeie **skoolverwisselingskampe** word reeds vir 'n hele aantal jare binne ons Sinodale gebied gehou. Hierdie kampe fokus op die voorbereiding van graad 7 leerders vir die hoërskool en alles wat met die nuwe lewensfase saamgaan. Die SJK kan hierdie kampe van harte aanbeveel. Vir meer besonderhede oor die kamp, wat jaarliks die naaste aan jou gemeente aangebied word, kan die kantoor in Potchefstroom geskakel word.

Tydens die wintervakansie het di. Peet de Jager en Pieter Jordaan ook die skoolverlaterskamp in Natal bygewoon. Ds. Jordaan is deur die SJK gestuur, terwyl ds. De Jager reeds vir baie jare daar betrokke is. Die twee leraars is baie opgewonde oor die moontlikheid van 'n **skoolverlaterskamp** binne ons Sinodale streek. Die SJK ondersoek die hele saak met die oog daarop om moontlik hierdie jaar weer ons eerste Skolliekamp plaaslik aan te bied. Die inligting sal via die Wesvank en alle ander kanale aan gemeentes deurgegee word.

3) Kategesebediening:

Vir Kennisname:

Die DVD wat in 2006 deur die SJK se tienerbedieningswerkgroep beskikbaar gestel is en vir die "roadshows" gebruik is, was 'n groot sukses. Baie kategete vanoor die hele Sinodale gebied getuig van die groot aanwinst wat die toerustingsvideo vir hulle, in hulle bediening was. Intussen het Bybel-Media ingewillig om die DVD in hulle katalogus te adverteer en 'n hoeveelheid by ons aan te koop, om te versprei teen R70. Hulle koop dit egter by ons aan teen 20% korting. Ons kan ook steeds vanaf die kantoor in Potchefstroom die DVD aan gemeentes beskikbaar stel teen R70.

Tydens 'n Beplanningsessie op 10 Mei by Holfontein-kampterrein is begin met die beplanning van die opvolg DVD. Die werk daaraan gaan voort en ons sal hopelik teen vroeg 2008 hierdie produk met 'n volgende rondte "Roadshows" kan bekendstel. Die inhoud gaan die volgende insluit:

1. Wat is die doel van kategese
2. Roeping van 'n kategete

3. Leefwêreld van kinders/tieners
4. Hoe kan ek as kategeet die leefwêreld van die kind
 - a. leer ken en
 - b. benut om
 - c. 24/7 kategeet te wees wat 'n impak maak in die lewe van 'n kind/tiener

Die werkgroep/SJK is ook steeds besig met navorsing/besinning oor hoe die rol van die ouer in die kategeese, en ook die totale jeugbediening van die gemeente, meer tot sy reg kan kom. Namate die proses vorder sal aanbevelings aan gemeentes deurgegee word.

4) Holfontein-Kampterrein:

Vir kennisname:

Hiermee bring die SJK weer die Sinode/SJK se eie Holfontein-kampterrein naby Ottosdal, onder die aandag van die Sinode. Talle verbeterings is reeds aangebring en opgradering vind steeds plaas. Vir meer inligting omtrent hierdie baie bekostigbare terrein, asook besprekings, kan Petro de Beer in die kantoor in Potchefstroom geskakel word

5) Personeel

Vir kennisname:

Die SJK is dankbaar teenoor gemeentes vir die beskikbaarstelling van leraars, met 'n spesifieke roeping en gawes, wat hier 'n reuse verskil maak. Die unieke aard van jeugbediening, en die funksionering van die kommissie, vereis 'n bepaalde spansamestelling. Dankie aan die SBK vir die begrip in die verband die afgelope vier jaar. Alle eer aan die Here vir 'n wonderlike vier jaar!

Vir goedkeuring:

- 5.1 Die Sinode keur goed dat Dr. Jan de Man as Vonkprop/Leier vir die SJK herkies word.
- 5.2 Die Sinode keur goed dat twee persone (met sekundi) deur elke streek aangewys word om vir die komende vier jaar op die SJK te dien.
- 5.3 Die Sinode keur verder die koöptering van kundige lede, indien nodig, goed.

Jan de Man
Namens die SJK

KOMMISSIEVERSLAG : SENDING

MEDEDELINGS VAN DIE SINODALE SENDINGKOMMISSIE AAN DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL IN SITTING TE HELIKONPARK OP 11, 12 EN 13 OKTOBER 2007

1. **TSWANA BYBEL 150 JAAR EN CHRISTELIKE LEKTUUR 50 JAAR OUD**
Die Sinode sal tydens sy sitting op besondere wyse aandag aan hierdie twee besondere geleenthede gee.
2. **AFSKAFFING SLAWEHANDEL**
Op 23 Februarie 1807, vanjaar 200 jaar gelde, het die Britse Laerhuis met 'n oorweldigende meerderheid ten gunste van die afskaffing van slawehandel gestem. Hierdie epogmakende gebeure was die gevolg van twee Christene se ywer om die slawe te bevry. John Newton (hy het die lied "Amazing Grace" geskryf.) en sy vriend William Wilberforce het vir meer as 20 jaar gewerk om die slawe bevry te kry. Hierdie gebeure het geweldig positief uitgewerk op sendingwerk in Afrika – ook vir die NG Kerk.
3. **CHINESE BINNE ONS SINODALE GEBIED**
Op elke dorp en stad in ons sinodale gebied het in die afgelope tyd Chinese ingetrek. Die Kommissie is tans besig met die ondersoek om vas te stel hoeveel Chinese in 'n dorp is en watter godsdienste hulle bedryf. Die Sinode sal op hoogte gehou word van die vordering in hierdie verband.
4. **BESOEK AAN 'N SENDINGGEBIED**
Die Kommissie het by 'n vorige geleentheid die sinode meegedeel dat gepoog sal word om die sendinggebiede waar die sinode betrokke is te besoek. Die gedagte is dat leraars en voorsitters van die sendingkommissies die gebiede sal kan besoek. Ons het verlede jaar Sri Lanka besoek – met 'n groep van 26 persone. Dit was 'n baie geseënde besoek. Ons sou vanjaar Namibië – die werk in die hawe van Walvisbaai – besoek asook die Boesman werk by Ganagas in Wes-Botswana. Weens die sitting van die Algemene Sinode en ons Sinode was dit nie moontlik nie. Die SSK het besluit om hierdie besoek te laat plaasvind in Mei 2008. 'n Aparte stuk sal tydens die Sinode aan alle afgevaardigdes beskikbaar gestel word.
5. **SOKKER WÊRELDBEKER 2010**
Die Kommissie gee nou reeds aandag aan die moontlikheid om tydens die sokker wêreldbeker betrokke te wees by die bekendmaking en verspreiding van die Blye Boodskap.
6. **SAMEWERKING MET ANDER SINODES T.O.V. WERK IN AFRIKA OOK BUIE AFRIKA**
Hierdie samewerking is vervat in ooreenkoms en kontrakte met verskillende Sinodes.

6.1 Mosambiek

Saam met die Noordelike Sinode, Hoëveld Sinode en die Sinode Wes-en Suid-Kaapland.

6.2 Swaziland saam met die Noordelike Sinode en die Sinode van Oos-Transvaal.**6.3 Sri Lanka en Indië** saam met Bybel Media.**7. SKRIBA**

Ds Gawie van der Merwe van die Potch-KOSH streek het na Australië verhuis. In sy plek is Mnr C Jackson op die kommissie benoem. Ds van der Merwe was ook die skriba van die SSK. Dr MJG du Plessis is in sy plek as skriba benoem.

JvW du Plessis
PSD
Delareyville

10 Augustus 2007

KOMMISSIEVERSLAG : VROUEDIENS

In die lig van die herstruktureringsproses tydens die ter perse gaan van hierdie agenda, sal die sinode versoek word om 'n laat stuk as verslag ter tafel te neem.

KOMMISSIEVERSLAG : REGSKOMMISSIE

VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE AAN DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL

1. AANBEVELING:

Die Sinode besluit om die volgende wysiginge aan die Kerkorde en Bepalinge van die Sinode van Wes-Transvaal goed te keur:

1.1 Die huidige Beplaining 34.4.1 lees soos volg:

34.4 Die Dagbestuur

34.4.1 Die voorsitter van die Sinodale Bestuurskommissie neem die leiding by die konstituering en opening van die Sinode totdat die voorsitter verkies is. Terwyl die verkiesing van die voorsitter plaasvind, gaan die voorsitter van die Sinodale Bestuurskommissie voort met die behandeling van die agenda. Onder leiding van die voorsitter word 'n ondervoorsitter, aktuaris, skriba en adjunk-skriba gekies wat saam met die voorsitter die dagbestuur vorm. Al die lede van die dagbestuur word gekies uit 'n groslys. Die presensielys van die vergadering mag nie as groslys dien nie. 'n Voorsitter en ondervoorsitter mag nie langer as vier (4) jaar aaneenlopend in dieselfde hoedanigheid verkies word nie.

Bep 34.4.1 word soos volg gewysig:

34.4 Die Dagbestuur

34.4.1 Die voorsitter van die Sinodale Bestuurskommissie neem die leiding by die konstituering en opening van die Sinode totdat die voorsitter verkies is. Terwyl die verkiesing van die voorsitter plaasvind, gaan die voorsitter van die Sinodale Bestuurskommissie voort met die behandeling van die agenda. Onder leiding van die voorsitter word 'n ondervoorsitter, aktuaris, 'n **addisionele lid en 'n notulerende skriba** gekies wat **(met uitsondering van die notulerende skriba)** saam met die voorsitter **en die predikant in sinodale bediening (PSB)**, die dagbestuur vorm. Al die lede van die dagbestuur **(insluitende die notulerende skriba)** word uit 'n groslys verkies. Die presensielys van die vergadering mag nie as groslys dien nie. 'n Voorsitter en ondervoorsitter mag nie langer as vier (4) jaar aaneenlopend in dieselfde hoedanigheid verkies word nie.

1.2 Bepaling 34.4.3 lees tans :

34.4.3 Die skriba sorg vir die publisering van die Handeling van die Sinode en lewer die oorspronklike handeling met bylaes by die Kerkargief in. Hy/sy voer alles uit wat in die Kerkorde en Bepalinge aan hom/haar opgedra word.

Bep 34.4.3 word soos volg gewysig:

34.4.3 Die **PSB** sorg vir die publisering van die Handeling van die Sinode en lewer die oorspronklike handeling met bylaes by die Kerkargief in. Hy/sy voer alles uit wat in die Kerkorde en Bepalinge aan **die skriba** opgedra word.

1.3 Bep 35.4.1.2 lees tans:

35.4.1.2 Die Voorsitter, Ondervoorsitter, Skriba, Aktuaris en Adjunk Skriba van die Sinode, een leraar en een ouderling as streeksverteenvoordigers uit elke streek (8 lede) plus die leiers van die onderskeie kommissies van die sinode, naamlik, Diens vir Barmhartigheid, Fondse, Gemeentebediening, Jeug, Kerkreg, Leer en Aktuele Sake, Predikantebediening, Sending en Vrouelidmate (9 lede) vorm die Sinodale Bestuurskommissie (SBK).

Bep 35.4.1.2 word soos volg gewysig:

Die **Dagbestuur (Bep 34.4.1)**, een leraar en een ouderling as streeksverteenvoordigers uit elke streek (8 lede) plus die leiers van die onderskeie kommissies van die sinode, naamlik, Diens vir Barmhartigheid, Fondse, Gemeentebediening, Jeug, Kerkreg, Leer en Aktuele Sake, Predikantebediening, Sending, Vrouelidmate (9 lede) **en Predikante wat voltyds in diens van die Sinode staan** vorm die Sinodale Bestuurskommissie (SBK).

1.4 Bep 35.4.1.3 lees tans:

35.4.1.3 Die Voorsitter, Ondervoorsitter, Skriba, Aktuaris en Adjunk Skriba van die Sinode vorm die Dagbestuur van die Sinodale Bestuurskommissie (DSBK)

Bep 35.4.1.3 word soos volg gewysig:

Die Voorsitter, Ondervoorsitter, **PSB**, Aktuaris en **die Addisionele Lid** van die Sinode (**Dagbestuur : Bep 34.4.1**) vorm die Dagbestuur van die Sinodale Bestuurskommissie (DSBK)

1.5 Bep 34.4.4 lees tans:

34.4.4 Die aktuaris verstrek op skriftelike aanvraag advies oor die uitleg en toepassing van die Kerkorde asook van die sinodale bepalinge in dié verband. 'n Verslag van sy/haar werksaamhede word in die verslag van die Sinodale Regskommissie aan die Sinode opgeneem en hy/sy dien 'n kopie van elke advies wat deur hom/haar gegee word by die Kerkargief in. Hy/sy is voorsitter van die Sinodale Regskommissie.

Bep 34.4.4 word soos volg uitgebrei:

34.4.4 Die aktuaris verstrek op skriftelike aanvraag advies oor die uitleg en toepassing van die Kerkorde asook van die sinodale bepalinge in dié verband. 'n Verslag van sy/haar werksaamhede word in die verslag van die Sinodale Regskommissie aan die Sinode opgeneem en hy/sy dien 'n kopie van elke advies wat deur hom/haar gegee word by die Kerkargief in. Hy/sy is voorsitter van die Sinodale Regskommissie **en dien ex officio op die Sinodale Tribunaal.**

1.6 Bepaling 35.4.1 lees tans:

35.4 Die Sinodale Bestuurskommissie (SBK)

35.4.1 Samestelling

- 35.4.1.1 *Die Sinodale Bestuurskommissie word voor die verdaging van die Sinode benoem.*
- 35.4.1.2 *Die Voorsitter, Ondervoorsitter, Skriba, Aktuaris en Adjunk Skriba van die Sinode, een leraar en een ouderling as streeksverteenvoerders uit elke streek (8 lede) plus die leiers van die onderskeie kommissies van die sinode, naamlik, Diens vir Barmhartigheid, Fondse, Gemeentebediening, Jeug, Kerkreg, Leer en Aktuele Sake, Predikantebediening, Sending en Vrouelidmate (9 lede) vorm die Sinodale Bestuurskommissie (SBK).*
- 35.4.1.3 *Die Voorsitter, Ondervoorsitter, Skriba, Aktuaris en Adjunk Skriba van die Sinode vorm die Dagbestuur van die Sinodale Bestuurskommissie (DSBK)*

Bepaling 35.4.1 word soos volg gewysig:

35.4 Die Sinodale Bestuurskommissie (SBK)

35.4.1 Samestelling

35.4.1.1 Die Sinodale Bestuurskommissie word voor die verdaging van die Sinode benoem.

35.4.1.2 Die Voorsitter, Ondervoorsitter, **PSB**, Aktuaris en **Addisionele Lid** van die Sinode vorm die Dagbestuur van die Sinodale Bestuurskommissie (DSBK)

35.4.1.3 Die **Dagbestuur van die Sinodale Bestuurskommissie plus** een leraar en een ouderling as streeksverteenvoerders uit elke streek (streeksleiers), **die streekskribas** plus die leiers van die onderskeie kommissies van die sinode, naamlik, Diens vir Barmhartigheid, Fondse, Gemeentebediening, Jeug, Kerkreg, Leer en Aktuele Sake, Predikantebediening, Sending, Vrouelidmate **en predikant(e) in voltydse diens van die Sinode** vorm die Sinodale Bestuurskommissie (SBK).

1.7 'n Nuwe Bepaling 35.5 word bygevoeg:

35.5 Die Sinodale Tribunaal (ST)

35.5.1 Die Sinodale Tribunaal (ST) word saamgestel soos bepaal in die betrokke reglement en hanteer alle tugsake waar die ampsbevoegdheid van predkante in gedrang kom.

(Verdere numerering van Bep 35 word aangepas)

2. Die Sinode gee opdrag aan die SRK om die nodige wysiginge aan die Bepalings aan te bring ten einde dit in lyn te bring met Die Kerkorde (2007)

3. Sinodale Tribunaal en Kerkorde artikel 45.2 artikels 12, 59-66

3.1 Agtergrond

Die Algemene Sinode het besluit:

1. *om die Sinode van Wes-Transvaal en die Noordelike Sinode te versoek om aan die hand van die voorgestelde Reglement vir Tribunale (slegs vanaf punt*

2. 2, Agendaboek, p 333) ondersoek wat die bevoegdheid van predikante raak, proefondervindelik te implementeer;
3. gee opdrag aan die ATR om na gelang van omstandighede in die proefperiode enige wysigings aan die voorgestelde reglement aan te bring met goedkeuring deur die ASM;
4. ter wille van die proeftydperk die volgende aanpassings te maak aan die Reglement vir die duur van die proefperiode:
 - 4.1 punt 2.6 – vervang AT met ATR
 - 4.2 punt 3 – vervang telkens AT met ATR
5. versoek die twee deelnemende sinodes om die ATR gereeld op hoogte te hou van die prosesse/ondersoek;
6. om Kerkorde artikel 45.2 artikels 12, 59-66 wat betrekking het op die predikant se bedieningsbevoegdheid, vir die deelnemende sinodes op te skort tot die volgende vergadering van die Algemene Sinode
7. dat die Sinodale Tribunaal eers in die betrokke sinodes sal geld nadat elke betrokke sinode die reglement asook deelname aan die proefneming goedgekeurde het, en
8. gee opdrag aan die ATR om regsadvies in te win oor die geldigheid van sodanige proefneming.

3.2 Sinode van Wes-Transvaal:

Vir die Sinode van Wes-Transvaal beteken dit dat die volgende goedgekeur moet word:

Die Sonde besluit:

1. om deel te neem aan die proefneming waar sake wat die bedieningsbevoegdheid van predikante raak, deur 'n Sinodale Tribunaal hanteer word;
2. om die voorgestelde Reglement vir Sinodale Tribunale vir die proefperiode goed te keur;
3. om die Aktuaris opdrag te gee om 'n dokument oor die Sinodale Tribunaal voor te berei en aan elke gemeente (kerkraad) en ring deur te stuur vir gebruik in die sinodale gebied
4. Wys die volgende persone aan op die Sinodale Tribunaal: ses lede en die aktuaris (*ex officio*)
 - 1); 2) 3) 4) 5)
 - 6); 7) (aktuaris)

3.3 REGLEMENT VIR DIE KERKLIKE TRIBUNAAL

SINODALE TRIBUNAAL (ST)

1 SAMESTELLING

1.1 Die ST word deur die Sinode aangewys en bestaan uit minstens ses lede wat kollektief oor kundigheid en ervaring op die terreine van die geskilbeslegting, die leer van die kerk, kerkreg, arbeidsreg en gemene reg beskik.

1.2 Die verkose aktuaris dien *ex officio* as lid op die ST.

1.3 Minstens twee lede van die ST moet afgevaardigdes na die Sinode wees.

1.4 Die voorsitter en ondervoorsitter word deur die ST aangewys.

1.5 Die ST wys uit eie geledere 'n skriba aan of maak gebruik van 'n persoon wat nie lid van die ST is nie om die skriba te hanteer. In laasgenoemde geval neem die skriba met adviserende stem deel aan vergaderings van die ST.

1.6 Enige saak wat voor die ST dien, word deur minstens drie lede van die ST aangehoor.

1.7 Die ST kan besluit om nie self die saak aan te hoor nie, maar om 'n ad hoc-taakspan aan te wys, bestaande uit minstens twee lede van die ST en minstens twee kundiges wat 'n besondere bydrae by die hantering van 'n betrokke saak kan maak. 'n Sodanige ad hoc-taakspan het volle afhandelingsbevoegdheid maar sy finale bevinding word eers bekendgemaak nadat al die lede van die ST die geleentheid gehad het om skriftelik, of tydens 'n vergadering van die ST, kommentaar te lewer.

1.8 Vakatures in die ST word deur die sinodale bestuurskommissie/diensraad gevul.

2 FUNKSIE

2.1 Die ST hanteer ondersoeke en beslissings oor sake wat die bedieningsbevoegdheid van leraars in die sinodale gebied raak. Met "leraars" word bedoel

2.1.1 Leraars in diens van gemeentes van die sinode;

2.1.2 Emeriti asook leraars of ander persone met bedieningsbevoegdheid in diens van die kerkverband of ander instansies en wat lidmate van gemeentes binne die betrokke sinodale gebied is.

2.2 Ondersoeke en beslissings kan voortspruit uit

2.2.1 Beweerde tugwaardige sondes oor leer en lewe van leraars;

2.2.2 Beweerde wangedrag wat spruit uit die diensverhoudinge van leraars;

2.2.3 Beweerde gebrekkige bedieningsvaardigheid wat spruit uit die diensverhoudinge van leraars.

3 VERGADERINGS

Die ST vergader na behoefte.

4 HANTERING VAN 'N ONDERSOEK: VOORAF REËLINGS

4.1 'n Saak word onder die aandag van die ST gebring deur

4.1.1 'n skriftelike klag deur 'n persoon of instansie oor die leer of lewe van 'n leraar; of

4.1.2 skriftelike inligting oor insidente wat die leer of lewe van 'n leraar raak; of

4.1.3 'n skriftelike klag vanaf die leraar se werkgewer oor wangedrag wat uit diensverhoudinge spruit; of

4.1.4 'n verslag van 'n kerkraad oor 'n ondersoek oor beweerde gebrekkige bedieningsvaardigheid van 'n leraar, of die versoek vanaf 'n kerkraad om so 'n ondersoek te doen.

4.2 By ontvangs van 'n klag, inligting of verslag

4.2.1 erken die skriba aan die indiener ontvangs en stel ook die leraar wat geïmpliseer word daarvan in kennis;

4.2.2 stel die skriba die voorsitter van die ST in kennis wat, in oorleg met die ondervoorsitter, oordeel of die ondersoek deur die ST of deur 'n ad hoc-taakgroep gedoen moet word. Indien die voorsitter, in oorleg met die ondervoorsitter, oordeel

dat die betrokke saak bevredigend deur die kerkraad self hanteer kan word, stel die skriba van die ST die kerkraad daarvan in kennis met 'n aanduiding van die wyse waarop dit gedoen behoort te word;

4.2.3 stel die skriba die ATR in kennis van die ontvangs van die klag, inligting of verslag en van die ST se voorneme om dit te ondersoek.

4.3 'n Klag of verslag wat ontvang word, word nadat dit ter tafel geneem is, die eiendom van die ST en kan nie sonder die ST se toestemming teruggetrek word nie.

4.4 Indien die voorsitter oordeel dat die ST die saak moet hanteer, roep hy 'n vergadering so gou as moontlik byeen. Indien hy oordeel dat 'n ad hoc-taakspan aangewys moet word, gee hy aan die skriba 'n lys van moontlike persone wat die ondersoek moet hanteer wat dit dan aan die lede van die ST vir kommentaar deurgee. Die finale ad hoc-taakspan word eers gefinaliseer wanneer al die lede van die ST skriftelik hulle tevredenheid met die lede van die ad hoc-taakspan uitgespreek het.

4.5 Sodra die ondersoekliggaam aangewys is, vergader hy so gou as moontlik om uit sy geledere 'n voorsitter aan te wys, asook twee van sy lede om 'n voorondersoek te doen om te bepaal of 'n amptelike ondersoek geregverdig is. Hierdie vergadering mag telefonies of elektronies geskied. Indien die ST self as ondersoekliggaam optree, tree die voorsitter van die ST as voorsitter van die ondersoekliggaam op.

4.6 Sodra die twee ondersoekers hulle voorondersoek voltooi het, doen hulle aan die ondersoekliggaam verslag oor hulle bevindings sodat die ondersoekliggaam kan oordeel of 'n formele ondersoek nodig is. Die vergadering waarby hierdie besluit geneem word, mag telefonies of elektronies geskied.

4.7 Voordat die ondersoekliggaam besluit dat die saak amptelik ondersoek moet word, moet hy eers oordeel of dit nie moontlik is om 'n bevredigende oplossing deur herderlike sorg of 'n versoeningsaksie te bereik nie. Indien wel, tref hy die reëlings vir sodanige aksies wat deur die ondersoekliggaam self, of deur persone wat deur hom daartoe versoek word, gedoen word. Indien so 'n proses nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die ondersoek amptelik voort.

4.8 Indien besluit word om nie die saak amptelik te ondersoek nie, moet die ST die geïmpliseerde en die indiener van die klag of verslag, asook die ATR, skriftelik in kennis stel.

4.9 Indien die ondersoekliggaam besluit om met die amptelike ondersoek voort te gaan, tref die twee persone wat die voorondersoek hanteer het die logistieke reëlings vir die ondersoek. Een van die twee tree tydens die ondersoek as klaer en die ander as skriba op.

4.10 Die klaer formuleer die klag wat ondersoek word. Waar sy/haar formulering van die klag van die indiener se formulering verskil, moet die finale formulering in oorleg met die indiener geskied. Die klag, soos finaal geformuleer, moet 'n billike tyd voor die eerste ondersoek-sitting skriftelik aan die aangeklaagde voorsien word.

4.11 Die taakspan kan, indien hy oordeel dat dit nodig is, die aangeklaagde se bedieningsbevoegdheid vir die duur van die ondersoek opskort wat inhou dat (waar van toepassing) die betrokke werkgewer in kennis gestel word dat hy die persoon in sy dienslewering moet stuit.

4.12 Die aangeklaagde word skriftelik in kennis gestel van sodanige opskorting en het die reg om binne sewe (7) werksdae skriftelik verhoë te rig.

5 HANTERING VAN DIE ONDERSOEK

5.1 Algemene bepalinge

5.1.1 Niemand mag 'n deel van die ondersoekliggaam wees indien hy/sy naby

verwant aan die aangeklaagde is of 'n botsende belang ten opsigte van die saak wat ondersoek word, het nie, of indien hy/sy reeds in 'n vorige soortgelyke saak waarby die aangeklaagde betrokke was, uitspraak gegee het nie.

5.1.2 Sodra die ondersoek amptelik begin, word die klaer (vgl 2.4.10 hierbo) nie meer as deel van die ondersoekliggaam beskou nie.

5.1.3 Alle vergaderings van die ondersoekliggaam is geslote vergaderings.

5.1.4 Klaers, aangeklaagdes en getuies moet voldoende geleentheid kry om hulle saak te stel.

5.1.5 'n Aangeklaagde het die reg om deur 'n lidmaat bygestaan te word.

5.1.6 Die partye het die reg van toegang tot alle inligting wat deur die ondersoekliggaam gebruik word om tot 'n besluit te kom. Die partye het die geleentheid tot die ondervraging van getuies en/of kommentaar op skriftelike getuienis.

5.1.7 Alle lede van die ondersoekliggaam moet vir die hele duur van die ondersoek teenwoordig wees.

5.1.8 Van alle vergaderings of sittings van die ondersoekliggaam word behoorlik notule gehou. Notules word by die volgende sitting goedgekeur en deur die voorsitter en skriba onderteken.

5.2 Verloop van die ondersoek

5.2.1 Die ondersoekliggaam reël soveel sittings as wat nodig is om tot 'n beslissing te kom.

5.2.2 Tydens die sittings tree die voorsitter van die ondersoekliggaam as voorsittende beampte op.

5.2.3 Die klaer lei die getuienis ter ondersteuning van die klag.

5.2.4 Die klaer en aangeklaagde het die reg om getuies te roep en om enige relevante dokumentasie voor te lê. Beide partye moet genoeg geleentheid kry om op die getuienis te reageer en om getuies te ondervra.

5.2.5 Die ondersoekliggaam poog om so gou as moontlik, maar binne 'n maksimum van drie maande tot 'n bevinding te kom. Indien dit nie moontlik is nie, moet alle partye betyds daarvan verwittig en die advies van die ATR ingewin word.

6 BEVINDINGS EN MAATREËLS

6.1 Wanneer die ondersoekliggaam oordeel dat hy oor voldoende inligting beskik om tot 'n besluit te kom, formuleer hy sy bevinding wat dan aan die klaer oorgedra word. Indien hy besluit om tug- of dissiplinêre maatreëls toe te pas, moet die aangeklaagde (na die bekendmaking van die bevinding) die geleentheid kry tot 'n versoek om versagting van maatreëls.

6.2 Die finale bevinding en maatreëls (2.6.3.1 uitgesluit) word as besluit van die ST bekendgemaak eers nadat aan punt 2.1.9 hierbo voldoen is.

6.3 Die ST kan, met inagneming van die erns van die oortreding, die volgende dissiplinêre maatreëls volg:

6.3.1 'n Mondelinge, skriftelike of finale waarskuwing;

6.3.2 Die intrekking van bedieningsbevoegdheid vir 'n termyn met 'n duidelike aanduiding van verwagte optrede en remediërende maatreëls;

6.3.3 Die intrekking van bedieningsbevoegdheid vir die betrokke

gemeente/kerkverband;

6.3.4 Die intrekking van bedieningsbevoegtheid vir die NG Kerk en die indiening van die Akte van Legitimasie.

6.4 Die ST kan ook besluit om, saam met of in plaas van die dissiplinêre maatreëls,

Kerklike sensuurmaatreëls toe te pas.

6.5 Die ST se bevinding, saam met die betrokke tug- of dissiplinêre maatreëls, word so gou as moontlik skriftelik aan die aangeklaagde en sy werkgewer (waar van toepassing) oorgedra.

6.6 'n Verslag oor die ondersoek waarin die klag, die werkmethode van die ondersoekliggaam en die bevindings en besluite oor tug- en dissiplinêre maatreëls uiteengesit word, word binne veertien dae na die afsluiting van die ondersoekliggaam se werksaamhede na die ATR gestuur om op die betrokke persoon se lêer bewaar te word.

6.7 Indien die ST besluit om die leraar se bedieningsbevoegdheid tydelik of permanent in te trek, gee die skriba van die ATR daarvan kennis aan Kerkbode.

7 GEBREKKIGE BEDIENINGSVAARDIGHEID

7.1 Die ST neem sy besluit op grond van die skriftelike verslag wat deur die werkgewer ingedien word, maar het die reg om self ook inligting (mondelings of skriftelik) in te win.

7.2 In sy besluit, of indien die ST die ondersoek in die eerste instansie doen, moet hy toesien dat aan die volgende vereistes voldoen is of aan voldoen word:

7.2.1 Tydens die ondersoek moet die predikant voldoende geleentheid kry om sy/haar kant van die saak te stel en hom/haar te verweer teen die besware teen sy/haar diens. Die predikant kan deur 'n lidmaat bygestaan word.

7.2.2 Die besware oor gebrekkige bedieningsvaardigheid wat formeel ondersoek gaan word, moet skriftelik onder die aandag van die predikant gebring word.

7.2.3 Indien bevind word dat die predikant onbevredigende diens lewer, moet die redes vir die onbevredigende diens en die vereistes waaraan hy/sy moet voldoen, in oorleg met hom/haar en skriftelik onder sy/haar aandag gebring word.

7.2.4 Die werkgewer moet alles in sy vermoë doen om deur toepaslike evaluering, toerusting, leiding, advies en berading die betrokke predikant te help om bevredigende diens te lewer.

7.2.5 'n Redelike tyd moet toegelaat word vir die predikant om sy/haar dienste te verbeter en te voldoen aan die vereistes wat die kerkraad en/of die ST aan hom/haar gestel het.

7.2.6 Ander wyses buiten diensbeëindiging moet oorweeg word om die aangeleentheid reg te stel.

7.3 Indien die ST tot die gevolgtrekking kom dat die gebrekkige bedieningsvaardigheid nie uit die weg te ruim is nie, kan die ST die predikant se bedieningsbevoegdheid vir diens in die gemeente of vir diens in die NG Kerk opskort.

8. APPÈL

8.1 Die leraar, of 'n kerkvergadering, of 'n persoon wat negatief geraak is deur die leraar se optrede wat tot die ondersoek gelei het, het die reg om teen die besluit van die ST (Wes-Transvaal) na die ST (Noordelike Sinode) te appelleer.

8.2 Die appellant moet binne 30 dae nadat hy/sy kennis geneem het van die besluit van die ST, skriftelik kennis gee aan die skriba van die appelligaam. Die skriba van

die appelliggaam gee skriftelik aan die geïmpliseerde en die kerkvergadering in wie sy diens hy/sy is of was, kennis van die ontvangs van die appèl.

8.3 Die appellant moet binne 30 dae nadat hy/sy kennis van appèl gegee het 'n skriftelike uiteensetting van die gronde/redes van die appèl aan die skriba van die appelliggaam voorsien anders verval die reg op appèl.

Bykomende dokumentasie kan by die uiteensetting aangeheg word.

8.4 Die appèl word beoordeel deur die appelliggaam soos in punte 1.1.8 tot 1.1.9 hierbo bepaal.

8.5 Die appelliggaam maak in sy beoordeling van die appèl gebruik van die dokumentasie wat deur die appellant voorsien is en van die verslag van die ST waarby alle dokumente, notules, bandopnames ensovoorts wat deur die ST in sy ondersoek gebruik is, bygevoeg word.

8.6 Na oorweging van die appèl kan die appelliggaam

8.6.1 Die appèl geheel of gedeeltelik toestaan en die besluit van die ST ter syde stel of wysig; of

8.6.2 Die appèl in geheel of gedeeltelik afwys en die besluit van die ST in geheel of gedeeltelik bekrachtig;

8.7 Die appelliggaam gee skriftelik kennis van sy besluit, saam met sy redes daarvoor, aan die appellant en die geïmpliseerde (waar van toepassing) asook aan die kerkvergadering in wie se diens die geïmpliseerde staan.

9. KOSTE VAN ONDERSOEKE EN APPÈLLE

9.1 Die koste van 'n ondersoek van die ST word deur die sinode gedra. Die sinode kan met die betrokke werkgewer oor 'n verdeling van die koste onderhandel.

9.2 Die indiener van 'n appèl word by die indiening van die appèl in kennis gestel dat die uiteindelijke koste van die saak van hom/haar gevorder mag word indien die appelliggaam so besluit. Die indiener van die appèl/beswaarskrif moet skriftelik instemming met die reëling betuig voordat die saak in behandeling geneem word.

4 Wysiginge aan Die Kekorde artikel 45.2 artikels 12, 59-66

4.1 Algemene Opmerking:

In die lig van die besluit van die Algemene Sinode (2007) om Art 45.2 tydelik vir Wes-Transvaal op te skort, is die Sinode van Wes-Transvaal gemagtig om die volgende wysiginge aan die Kerkorde met 'n tweederde meerderheidstem goed te keur.

4.2 Artikel 12

Die Sinode besluit om KO Art 12 ongewysig te handhaaf

4.3 Besluite by Art 12

Die Sinode besluit om:

4.3.1 Die volgende bepaling by te voeg:

12b 1.5 Alle ondersoeke en beslissings oor sake wat die bedieningsbevoegdheid van leraars in die sinodale gebied raak, word deur die Sinodale Tribunaal (ST) hanteer volgens die Reglement vir Kerklike Tribunale.

1. Met "leraars" word bedoel

1.1 Leraars in diens van gemeentes van die sinode;

1.2 Emeriti asook leraars of ander persone met bedieningsbevoegdheid in

diens van die kerkverband of ander instansies en wat lidmate van gemeentes binne die betrokke sinodale gebied is.

- 2 Ondersoeke en beslissings kan voortspruit uit
 - 2.1 Beweerde tugwaardige sondes oor leer en lewe van leraars;
 - 2.2 Beweerde wangedrag wat spruit uit die diensverhouding van leraars;
 - 2.3 Beweerde gebrekkige bedieningsvaardigheid wat spruit uit die diensverhouding van leraars.

4.3.2 Die Sinode handhaaf Besluite by Artikel 12 verder ongewysig.

4.4 Artikel 59 – 61

Die Sinode besluit om Artikels 59-61 onveranderd te handhaaf.

4.5 Artikel 62

4.5.1 Die Sinode besluit om Artikel 62.1, 62.2 en 62.3 onveranderd te handhaaf

4.5.2 Die Sinode voeg Artikel 62.4 by wat soos volg lees:

- 62.4 Alle tughandelinge (ondersoeke en beslissings) oor sake wat die bedieningsbevoegdheid van leraars in die sinodale gebied raak, word deur die Sinodale Tribunaal (ST) hanteer volgens die Reglement vir Kerklike Tribunale.

4.6 Artikel 63

Die Sinode besluit om KO Art 63 ongewysig te handhaaf

4.7 Artikel 64

Die Sinode besluit om KO Art 64 te handhaaf met die volgende byvoegings:

- 64.5.4.2 ontslag uit die diens van die gemeente of uit die diens van die kerkverband met die aanbeveling aan die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde kommissie dat die betrokke leraar se bevoegdheid opgeskort word **(Hierdie maatreeël mag slegs deur die Sinodale Tribunaal toegepas word);**
- 64.5.4.3 ontslag uit die diens van die gemeente of uit die diens van die kerkverband met die aanbevelings dat die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde kommissie die leraar se bevoegdheid beeindig wat die nietigverklaring van die akte van legitimasië insluit. **(Hierdie maatreeël mag slegs deur die Sinodale Tribunaal toegepas word)**

4.8 Artikel 65

Die Sinode besluit om KO Art 65 ongewysig te handhaaf

4.9 Artikel 66

Die Sinode besluit om KO Art 66 te handhaaf met die volgende wysiginge:

- 66.4 Evangeliedienaars
 - 66.4.1 As die ring, sy gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam **of die Sinodale Tribunaal** oortuig is van die egtheid van berou, word die sensuur en skorsing as tugmaatreëls opgehef met verslag aan die Algemene Taakspan Regte
 - 66.4.2 By ontslag volgens Artikel 64.5.4.2 moet die ring, sy gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam **of die Sinodale Tribunaal** die sensuur ophef voor die Algemene Taakspan Regte die bevoegdheid kan herstel.

KOMMISSIEVERSLAG : FONDSE

VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR FONDSE AAN DIE SINODE VAN WES-TRANSVAAL

1. FINANSIËLE POSISIE VAN DIE SINODE (nie geouditeerde syfers)

	28 Februarie 2006	28 Februarie 2007
Bankrekening	305 253	131 550
Skuld	1 084 086	1 029 824
Beleggings van gemeentes	2 229 788	2 244 921
Lenings aan gemeentes	2 799 293	2 731 352
Agterstallige sinodale bydraes	883 448	805 637
Agterstallige mediese subsidies	135 769	6 839

1.1 Daar was 'n groot verbetering in die oorbetalings van sinodale bydraes en mediese subsidies. Baie dankie daarvoor.

2. SINODALE BEGROTING

- 2.1 Die Sinodale begroting het vir die laaste 10 jaar met gemiddeld 4.39% per jaar gestyg. In dieselfde tydperk het die begroting as persentasie van die inkomste van gemeentes gedaal vanaf 8.02% tot 5.83%. Dit beklemtoon die feit dat die sinode baie goeie begrotingsbeheer toepas en die begroting tot op die been gesny het.
- 2.2 Verlede jaar het die sinode die pos van Predikant Sinodale Bedieninge goedgekeur. Op daardie stadium het ons nie geweet hoe om die pos volledig te befonds nie.
- 2.3 Die pos is in die begroting ingewerk met die baie goeie wete dat die begroting nie mag styg met meer as die groei van die inkomste van gemeentes nie. Die groei in inkomste van die gemeentes vir die boekjaar 2005/06 was 9.76%. Die groei in die begroting was 9.25%.
- 2.4 Die rasionalisasie van heelwat personeel in die Kerkkantoor in Pretoria in die vorige boekjaar het tot gevolg gehad dat die groei in begroting vir die 2 laaste jare gemiddeld 6.19% beloop wat in lyn is met inflasie.
- 2.5 Die staande besluit van die sinode is dat die groei in inkomste van die gemeentes die barometer is vir die groei van die sinodale begroting.
- 2.6 'n Opsomming van die begroting is aangeheg. Die volledige begroting is ter insae by die PSB.

3. AANSOEKE UIT KOMMISSIES VAN DIE SINODE

3.1 Sinodale Jeugkommissie

Die SJK vra vir die heraktivering van die vyfde subsidie tov studentebediening. Die beredenering word deur die SJK gedoen. Daar is 'n formule vir die berekening van die subsidie vir studentebediening wat deur 'n vorige Sinode goedgekeur is. Die bedrag per subsidie beloop tans R 188 645. Tans word daar 3 subsidies aan Puk-Kandelaar oorbetaal en 1 subsidie aan Potchefstroom-Die Bult.

Indien die vyfde subsidie weer geaktiveer word styg die begroting dan met R 188 645, of te wel 2.81%. Die begroting is dan 5.98% (tans 5.83%) van die inkomste van gemeentes.

3.2 Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid

Die SKDB vra vir die verhoging van die salarisse van maatskaplike werkers sodat hulle salarisse in lyn is met die van die staat se maatskaplike werkers. Die beredenering word deur die SKDB gedoen. Die bedrag op die begroting van die sinode vir die salarisse van maatskaplike werkers is tans R 1 495 220. Hierby is daar 'n subsidie van die staat wat die bedrag op R 5 651 685 te staan bring. Op die oomblik kry die maatskaplike werkers \pm 75% van die voorgestelde staatskale.

Om die slarisse reg te stel sal daar 'n verdere R 1 570 484 benodig word op die skale van 2006/07. Die staatskale is intussen weer verhoog met 12.5% As ons op die 2006/07 skale werk dan verhoog die sinode se begroting met 23.42%. Die begroting beloop dan 7.08% van die gemeentes se inkomste.

3.3 SJK EN SKDB

Indien die sinode beide die sake goedkeur verhoog die begroting met 26.23%. Die begroting is dan 7.23% van die gemeentelike inkomste.

Die ander sinodes in die land se syfers is as volg: (begroting as % van inkomste)

Wes-Kaap	8.28
Oos-Kaap	2.99
Noord-Kaap	7.30
Kwazulu-Natal	10.33
Vrystaat	6.65
Noordelike	10.07
Hoëveld	6.63
Oos-Transvaal	5.64
Namibië	14.14

4. KOMMUNIKASIE

Daar loop baie stories rond oor die begroting. Ons al bly wees as u asb die uitdeelstuk in u gemeente se afkondigings of gemeenteblad sal plaas, sodat almal op die hoogte kan wees waarvoor die sinode bydra.

Jacie van Rensburg

SINODE WES-TRANSWAAL - OPSOMMING VAN BEGROTING

BEGROTINGBEGROTING % Ver- % van
2006/2007 2007/2008 hoging begroting

1 GESAMENTLIKE FONDSE TUSSEN VIER

Argieffonds	292,275	299,087	2.33	4.08
Suid-Mosambiekfonds	63,009	67,304	6.82	0.92
NGKA Kuratorium	33,094	35,116	6.11	0.48
Teologiese Studente	372,220	394,964	6.11	5.39
Swazilandse	122,280	126,788	3.69	1.73
TOTAAL	900,878	923,259	2.48	12.60

2 EIE FONDSE : SINODE VAN WES-

2.1 SKDB	2,850,871	3,092,693	8.48	42.22
SKDB Hoofkantoor Salarisse	745,932	845,308	13.32	11.54
NG Welsyn takke	1,397,402	1,495,220	7.00	20.41
SKDB Bedryfsuitgawes	707,537	752,165	6.31	10.27
2.2 SJK	763,900	816,599	6.90	11.15
Administrasie	55,100	62,020	12.56	0.85
Studentebearbeiding	708,800	754,579	6.46	10.30
2.3 SKG	50,000	50,000	0.00	0.68
Portugesebearbeiding	50,000	50,000	0.00	0.68
2.4 SSK	537,913	558,752	3.87	7.63
Administrasie	18,070	18,070	0.00	0.25
Sendingposte NGKA	50,000	50,000	0.00	0.68
Sending Evangelisasie	42,475	45,035	6.03	0.61
Sending Ringe	66,743	70,747	6.00	0.97
Sending Tswana	293,750	302,418	2.95	4.13
Indiërs	26,075	28,682	10.00	0.39
Sending toekenning diverse	20,800	20,800	0.00	0.28
Wêreldsending	20,000	23,000	15.00	0.31
2.5 ANDER FONDSE	950,901	834,020	-12.29	11.38
Reserwefonds	220,226	111,791	-49.24	1.53
Kommissies en Algemene	730,675	722,229	-1.16	9.86
2.6 SINODALE KANTORE	650,991	1,050,316	61.34	14.34
Salarisse	549,591	960,416	74.75	13.11

Administrasie	81 <u>101,400</u>	<u>89,900</u>	-11.34	1.23
TOTAAL EIE FONDSE	<u>5,804,577</u>	<u>6,402,379</u>	10.30	87.40
TOTAAL : GESAMENTLIK	<u>6,705,455</u>	<u>7,325,638</u>	9.25	100.00

BESKRYWINGSPUNTE ONTVANG

BESKRYWINGSPUNT : ONTVANG VAN DIE KERKRAAD VAN FLORIDA

In die lig van die veranderde omstandighede soos bv. Verkleinde kerkrade versoek die Kerkraad van die NG Gemeente Florida die sinode om die moontlikheid te ondersoek dat ook ander kundige lidmate deur die kerkraad as sinode afgevaardigdes aangewys kan word.

(Kerkraadsvergadering : 7 Augustus 2007)

AH Dykstra
Skriba nms Kerkraad

BESKRYWINGSPUNT : ONTVANG VAN RING VAN LOSBERG

Die Ring van Losberg wil graag die volgende beskrywingspunt ingee vir die sinodesitting te Helikonpark op 11-13 Oktober 2007.09.10 “Die Ring van Losberg vra dat Kerkhereniging alleenlik kan voortgaan indien die belydenis van Belhar op geen wyse as verpligtend beskou word nie. Dit mag ook nie voorgehou word as ’n interim maatreël met die bedoeling dat alle lidmate dit wel sal aanvaar as belydenisskrif nie. Dit mag ook nie as verpligtend vir voornemende studente voorgehou word nie.”

Voorsteller: JPA Brink

Sekondant: Oudl LEL Mussmann

BESKRYWINGSPUNT : ONTVANG VAN RING VAN ZEERUST

Die Ring van Zeerust versoek die Sinode van Wes-Transvaal om navorsing te laat doen oor die wyses waarop gemeentes effektief bedien kan word in ’n situasie waar gemeentes nie meer so maklik een (of meer) voltydse leraars kan bekostig nie. Dit geld veral vir plattelandse gemeentes waar daar ’n paar van die gemeentes in dieselfde bootjie is, maar stedelike gemeentes waar die aantal lidmate per predikantspos ook groei. Die feitelike situasie dat emeriti op u kontrakbasis sulke gemeentes tydelik bedien moet ook verreken word.

Voorsteller: A Celliers

Sekondant: G Walkers

BESKRYWINGSPUNT : ONTVANG VAN KERKRAAD SWARTRUGGENS

Ons vra dat die Sinode van Wes-Transvaal hom ten sterkste distansieer van die onlangse growwe veralgemenings en dreigemente van die adjunkminister van Landbou, Mnr Dirk du Toit. Sy ongegronde beskuldigings dat blanke boere byna voor die voet ontslane plaaswerkers onwettig van die plase afforseer, en die dreigemente om sulke plase te onteien en aan die werkers te gee, is lasterlik en onverantwoordelik. Sulke onbewese aantygings breek die goeie verhoudings tussen boere, van wie baie lidmate van die Ned Geref Kerk is, en hulle werkers stukkend en bevorder wantroue en rassisme. Dit skep ook valse verwagtinge by werkers. So 'n klimaat is nie bevorderlik vir die voorkoming van misdaad (plaasaanvalle ingesluit) nie.

Ons vra ook

1) dat die Sinode hierdie saak dringend met die Moderamen van die Algemene Sinode opneem met DIE oog op samesprekings met die regering.

2) dat die Sinode al die boere wat lidmate van ons gemeentes is, en die landbouorganisasies van wie baie se lede ons lidmate is, verseker van sy voorbidding. Hulle werk in 'n baie onvriendelike omgewing wat moeilike uitdagings en hoë eise aan al die betrokkenes stel

Die Kerkraad
Ned Geref Kerk Swartruggens

BESKRYWINGSPUNT: ONTVANG RING VAN DELAREYVILLE (PLATTELANDSTREEK)

Die Sinode wys 'n ad hoc kommissie aan om die samestelling, werksaamhede en verantwoordelikhede van die Sinode, Streke en Ringe en hulle kommissies te ondersoek en na 'n deeglike studie met 'n aanbeveling daarvoor te kom na die volgende sitting van die Sinode van Wes Transvaal. Daar moet spesiaal ingegaan word op die werk wat die Sinode en Algemene Sinode doen wat goedsikks deur bemagtigde Ringe gedoen kan word. In die proses moet die Kerkorde van die NG Kerk deeglik in ag geneem word en gewysig word waar nodig.

MOTIVERING

Ons sit met probleme rondom georganiseerde kerkwees, wat waarskynlik as volg opgesom kan word:

Sinode:

Daar is 'n hele paar van die leraars en kerkrade binne hierdie sinode wat nie meer sinodesittings bywoon nie.

Die koste van Sinodes word al hoe duurder. Daarby is daar die aandrang dat Sinodes meer gereeld gehou moet word, wat die situasie onhoudbaar maak.

Dit is duidelik dat sinodale besluite vir baie gemeentes nie meer aanspreek nie, wat impliseer dat die sinode kragteloos geword het.

Die Ringe

Sommige Ringe se optrede het verflou tot 'n amptelike moment en niks meer nie. Ringe het nie meer

projekte wat hulle saambind nie. Soos dit op die oomblik gaan, is ons trouens nie heeltemal seker wat 'n Ring deesdae moet doen en waarmee hy hom moet besig hou nie. Veral die Ringskommissies het verskraal, dikwels tot 'n leenman kommissie, wat aan die einde van die jaar by die gemeentes uitvind wat hulle gedoen het en daaruit 'n verslaggie saamstel.

Die Streke

Tussenin het hierdie Sinode die Streke. Die Streke werk soms goed, soms minder goed. Dit is nodig om die redes hiervoor uit te vind. Miskien is die streke in sommige gebiede te groot, sodat ons méér Streke moet hê. Die probleem is net dat die Streke nie 'n volhoubare werksopdrag het nie.

Moontlike opsie om te oorweeg:

'n Moontlik opsie sou kon wees om die Streke en Ringe te kombineer deur die Streke kleiner te maak en die Ringe groter.

Van die huidige waardes van die Ringe, Streke en Sinodes sou ons die volgende kon boekstaaf:

SINODE

Voordele:

- Bedingingsmag
- Finansiële mag van baie gemeentes
- Praat met gesag.

Nadele:

- Mense het die indruk die Sinode word deur 'n groepie gedryf
 - Daar word besluite geneem waarmee jy nie saamstem en jy voel jy het nie geleentheid gehad om jou saak te stel nie
 - Sommige mense praat eenvoudig nie tussen baie mense nie.
 - Daar word tyd bestee aan dinge waarin jy nie belangstel nie – bv. stedelike behoeftes, teenoor plattelandse behoeftes.
 - Die familie-idee kom nie baie sterk na vore in die Sinode nie.
-
- Gemeentes voel nie regtig “committed” vir projekte nie – bv. 'n kindersentrum se behoeftes in Vereeniging spreek platteland nie aan.

STREEK

Voordele:

- Die familie-gedagte kom baie beter na vore.
- Daar is genoeg “spierkrag” in 'n streek om projekte aan te pak – vgl. kampterreine, kindersentrums, ens.
- 'n Streek sal makliker verantwoordelikheid aanvaar vir projekte as wat 'n Sinode in sy geheel doen. Ringe is weer te swak om verantwoordelikhede te aanvaar.
- Mense praat makliker by streeksvergaderings.
- Die leiersfigure by 'n streeksbyeenkoms is nie iemand “op 'n troontjie” nie, maar “een van ons”. So 'n persoon word ook makliker ondersteun en beskerm en verdedig.
- Die Plattelandse Streek kan bv. terugkyk na samesprekings wat hulle met die Algemene Sinode gehad het m.b.t. Kerkeenheid en homoseksualisme. Dit is duidelik dat daar in die proses na hulle geluister is, want elke keer het die Breë Moderatuur na so 'n ontmoeting 'n gewysigde siening gehad oor die sake.

Nadele:

- Die streek het geen “tande” nie, wat veroorsaak dat hy nie regtig iets kan doen nie.

RING

Voordele:

- Die familie-gedagte kom op sy beste na vore. Tog is dit ook waar dat ons verneem dat dit nie oral waar is nie.

- Gemeentes het identiese kwelpunte en het dikwels identiese idees vir die pad vorentoe.
- Ringsgemeentes is by uitstek in staat om mekaar te ondersteun.

Nadele:

- Bogenoemde ondersteuning kos gewoonlik geld, en ringe het nie meer hierdie finansiële krag soos van ouds nie. Daarom is Kinderhuise en Jeugterreine en ouetehuse ens. alreeds “teruggegee” aan die sinode.
- Die verskillende Ringskommissies is dikwels onaktief en dra opdragte oor aan die Sinode om te hanteer – Aktuele sake is hier tipies. Dit is ’n vraag hoeveel van hierdie kommissie se werk tereg kom op ringsvlak. Dikwels geld dieselfde m.b.t. ander kommissies. Die gevolg is dat die agendas van Ringe dikwels baie dun is en Ringsittings afgehandel word, so word berig, in minder as ’n uur. Dertig jaar terug het Ringsittings dae geduur en baie min is oorgedra na Sinodes. By Sinodes is trouens gerapporteer oor wat Ringe en gemeentes gedoen het! ’n SJK verslag het bv. vertel van die kampterreine wat gemeentes en Ringe administreer en dit in die sinode “adverteer” aan gemeentes buite die ring.

IDEES OM TE OORDINK:

- Gemeentes en ringe het hulle finansiële kragte verloor om projekte aan te pak.
- Terselfdertyd het Ringe deur die jare kleiner geraak. Die strukture en hulle vergaderings word te duur.
- Moontlikheid dat Sinodes al meer gesag en beheer vir hulleself probeer toeëien het. (Kan sinodes nie bv. eerder ’n ring/gemeente help sodat hulle self hulle ouetehuis/kampterrein kan bedryf nie? Waarom moet hulle “oorneem”? Ons kry dieselfde neiging ook by die Algemene Sinode (hulle wil ’n kommissie/tribunaal daarstel om dissiplinêre en tugsake teen predikante te hanteer – iets wat eintlik die opdrag van die ringe is).
- Maak Ringe groter. Miskien is die idee van Streke alreeds ’n beweging in hierdie rigting. Die Streke is uiteraard nou weer te groot. Wat van die moontlikheid van 2 of 3 meer Streke, sorgvuldig verdeel om belangegroepes bymekaar te hou en laat dit die Ringe vervang? Gee hierdie (Vergrote) Ringe groter seggenskap en spierkrag, deurdat die werk van die Sinode daardeur drasties verklein word. Hierdie Ringe kan so gereeld vergader as wat nodig is en nodige knelpunte en krisisse bespreek en hanteer.
- Maak die Sinode kleiner. Met (Vergrote) Ringe wat meer seggenskap het en meer “die stem van die kerk binne daardie gebied” is, sal die Sinode baie minder werk hê. Sinodale kommissies sal desnoods kan bestaan uit enkeles (1 per (Vergrote) Ring om op hierdie wyse leidinggewend te wees.)
- As dit gedoen word kan die Streke “likwiedeer”.
- Hierdie opset sal uiteraard beteken dat die (Vergrote) Ringsvoorsitter groter “status” het as wat huidig die geval is. Die onderskeie Ringsvoorsitters vorm dan die Sinodale Kommissie.
- ’n Laaste gedagte waaraan aandag gegee kan word, al lyk dit aanvanklik asof dit die hele gedagterigting soos bo gepropageer weerspreek:

Met so ’n groot Ring is daar die moontlikheid dat die “kleiner” sake weer nie aandag kry nie. Sinvolle visitasie is ook moeilik. Na die voorbeeld van ’n groot gesin kan die volgende oorweeg word: Koppel ’n paar gemeentes aan mekaar om mekaar te bemoedig en aan te spreek, in mekaar belang te stel en te help. Hierdie verbintenis is informeel en gemeentes kan in groepies van (sê) 3 – 5 verdeel word. Hierdie groepies sou desnoods aan die Ring jaarliks kon rapporteer hoe dit in die gemeentes gaan.’ Hulle sou ook daardie gemeente binne hulle groep wat swaarkry se behoeftes kon uitlig en by die Ring vra vir hulp. Hierdie gedagte sal deur die ad hoc kommissie deeglik deurgetrap moet word.

AFSLUITEND

Daar is die kommer dat sommige gemeentes, en veral sommige predikante verkies om bykans independisties op te tree. Hulle steur hulle nie aan die Ring of Sinode, selfs die Kerkorde nie. Dikwels is die enigste Sinodale besluit wat vir hulle van belang is en waaraan hulle aandag gee, die bepaling van emolumente en reiskoste. Verder wil hulle maak wat hulle wil. Geen wonder dat lidmate soms kla dat hulle hulle eie kerk soms nie herken, wanneer hulle in ’n ander gemeente aanbied nie.

Die voorgestelde veranderings sou moontlik van hierdie gemeentes/leraars nader bring aan hulle

kerklike verband. Die teenoorgestelde is egter ook moontlik. Hierdie “gevaar” bestaan egter ook t.o.v. die verskillende sinodes van die NG Kerk. In breër verband kan ons ook merk hoe indringend die RCA bv. verskil van die VGK.

BESKRYWINGSPUNT : ONTVANG VAN RING VAN DELAREYVILLE

Die Sinode van Wes-Transvaal besluit soos volg:

Die Sinode herbeklemtoon sy siening oor die heiligheid van die huwelik, soos onder andere vervat in die huweliksformulier, en wys die feit van paartjies wat ongetroud saamwoon, asook seksuele verbintenisse buite en voor die huwelik af as onbybels.

Die Sinode is egter deeglik bewus van gevalle waar dit nie prakties is vir paartjies om in die huwelik te tree nie – gewoonlik vanweë finansiële redes.

Die Sinode besluit om, wanneer daarvoor aansoek gedoen word en met goedkeuring van dié kerklike inseëning het geen wettige basis, regsrag of regsverantwoordelikheid nie, maar toon die begrip van die Kerk vir buitengewone omstandighede waarin mense soms mag verkeer.

MOTIVERING:

Die doel van hierdie beskrywingspunt is nié om saamwoon-verhoudings te sanksioneer nie. Om saam te woon buite die huwelik is steeds nie wat God van ons verwag nie. Dit raak ook die hele kern van ons maatskaplike lewe.

Die feite is egter dat saamwoon verhoudings nié by jong mense begin het nie, maar by bejaardes. Gewoonlik het dit aanvanklik daarom gegaan dat die paartjie dit nie kan bekostig om die vrou se pensioen, wat deur haar oorlede man verdien is, te verloor nie. Soms het dit gegaan om die mediese fonds of ook ander voorregte waarop die vrou geregtig was op grond van haar oorlede man se pensioen. Daarna het ons as rede vir saamwoon ook gehoor dat dit die enigste manier was om 'n huis te kon bekostig – aangesien 'n getroude vrou nie op 'n behuisingssubsidies geregtig was nie.

Sedertdien is die meeste van hierdie redes deur wetgewing weggeneem. Daar is egter nog redes wat 'n paartjie kan verhoed om in die huwelik te tree, wat deur geen wetgewing belet kan word nie. Ons beleef dit by geleentheid dat 'n vrou se man sterf en dat die testament bepaal dat sy lewensreg het op sy bates, bv. 'n plaas of likiede fondse, maar dat hierdie reg eindig wanneer sy weer in die huwelik tree. Effektief verhoed so 'n bepaling hierdie weduwee om ooit weer te trou, al is sy miskien slegs 20 of 30. Die enigste moontlike lewensmaat vir so 'n persoon is soms 'n baie ryk man, wat in staat is om haar erfenis as't ware aan haar te kan vergoed. (wat sou bv. Gebeur as hierdie huwelik op 'n egskeiding uitloop? Dan het sy alles verloor.)

Daar sou sekerlik ook ander omstandighede wees wat dieselfde probleem tot gevolg het.

Die beskrywingspunt wil vra dat sulke paartjies opeen of ander wyse kerklik begelei word en hulle verhouding gesanksioneer word, omdat daar geen uitkoms uit hierdie probleem is nie. Daarmee word dan gesê dat hulle verhouding hulle nie sensurabel maak nie, en dat hulle ook sou kon dien in die besondere ampte.

Klem moet egter daarop gelê word dat hierdie geen algemene sanksionering van saamwoon buite die huwelik is nie.

BESKRYWINGSPUNT: RING VAN MOOIRIVIER:

BESKRYWINGSPUNT AAN DIE SINODE VAN WES TRANSVAAL DEUR DIE RING VAN POTCHEFSTROOM-MOOIRIVIER INSAKE DIE ALGEMENE SINODE VAN 2007 SE BESLUIT OOR HOMOSEKSUALITEIT:

Die Algemene Sinode besluit soos volg:

1. *Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.*
2. *Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.*
3. *Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.*
4. *Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.*
5. *Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuiteit ten sterkste veroordeel word.*
6. *Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintnisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.*
7. *Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewensstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.*
8. *Die AS erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.*

Die Sinode van Wes Transvaal besluit om die volgende riglyn aan gemeentes deur te gee vir die vertolking van bostaande besluit:

- a. Die Sinode van Wes Transvaal verstaan "promiskuiteit" in punt 5 as alle seksuele daade wat buite die huwelik (soos in punt 4 omskryf) gepleeg word. Alle sulke daade moet dus as sonde beskou word.
- b. Die Sinode van Wes Transvaal bevestig dat die besluite van die Algemene Sinode as 'n eenheid gelees moet word.
- c. Die Sinode van Wes Transvaal is daarom van oordeel dat die besluit ten opsigte van die selibate lewensstyl wat deur homoseksuele gelegitimeerdes wat tot die predikantsamp toegelaat word, beoefen moet word (punt 7), in die lig van die gelykwaardigheid van alle ampte ook van toepassing is op persone wat tot die amp van ouderling en diaken toegelaat word.

- d. Die Sinode van Wes Transvaal bevestig ook dat die eis tot 'n selibate lewenstyl van toepassing is op alle ongetroude lidmate.
- e. Die Sinode van Wes Transvaal beklemtoon opnuut dat hierdie saak met groot liefde en deernis en pastorale sensitiwiteit benader moet word.

Vriendelike groete!

RJ Du Plooy.

BESKRYWINGSPUNT : ONTVANG VAN KERKRAAD RANT-EN-DAL

Gemeentes in Wes-Transvaal word aangemoedig om die "Jesus Projek" (verwys die misbruik van God se Naam in die media) te ondersteun deur

- voorbidding
- aktief deel te neem aan die gesprek in die media asook standhoudend vertoë te rig dat die "God se Naam" met agting behandel word
- verspreiding van reklame materiaal wat van tyd tot tyd by gemeentes afgelewer word
- in besonder die jaarlikse "media vas" en "Jesus Marse" te reklameer en te ondersteun
- die nasionale dag van gebed vir die media sinvol in te klee
- ander vorme van betrokkenheid te oorweeg

BESKRYWINGSPUNT : ONTVANG VAN DIE RING VAN HARTEBEESTFONTEIN

Ek wil graag namens die Ring van Hartebeestfontein die volgende beskrywingspunt deurstuur:

Die Ring van Hartebeestfontein besluit:

1 Dat die Sinodale Fondsekommissie versoek word om 'n nuwe manier van Sinodale Aanslag na vore te bring, wat gekoppel is aan 'n % van die inkomste, met in agneming van die gemeente se likwiditeit.

2 Dat die Sinodale Fondsekommissie voortaan per Ring verteenwoordig word, met die aanwys van 'n Dagbestuur.

Baie dankie.

Sterkte met die agenda.

Elmar le Grange

Skriba: Ring van Hartebeestfontein